

**DIE UITDAGING AAN PASTORAAT  
VANDAG MET DIE OOG OP  
DIE VERWERWING VAN  
SKRIFVERANTWOORDE  
LEWENSBESTUURSVAARDIGHEDE**

deur

Andries Sarel Marthinus van Jaarsveld

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling  
van die vereistes vir die graad  
Magister Theologiae in die Praktiese Teologie

aan die

Teologiese Fakulteit van die  
Nederduitse Gereformeerde Kerk  
Universiteit van Pretoria

**Studieleier: Prof J.C. Müller**

**September 2000**

# DANKWOORD

By voltooiing van hierdie skripsie my opregte dank en waardering aan:

My Hemelse Vader wat my by die lewe gespaar en gesondheid gegee het; ook die vermoë en geleentheid om 'n studie van hierdie aard te kon onderneem. Mag dit strek tot eer en verheerliking van sy Naam. Mag hierdie werk 'n beskeie bydrae lewer in diens van die kerk waar pastorale sorg effektief gedoen moet word.

My studieleier, Prof J.C. Müller vir sy bekwame leiding, begrip, inspirasie, belangstelling, motivering en ondersteuning. Dit was voorwaar 'n baie groot voorreg. Sy wetenskaplike insigte en kennis het bygedra tot my persoonlike vorming en rypwording.

'n Besondere woord van dank aan Anna-Marié Potgieter vir haar ondersteuning, geduld, inspirasie en aanmoediging van die begin tot die einde van die studie. Op besondere wyse het sy die tikwerk en taalkundige versorging van hierdie skripsie hanteer. Haar motivering tot hierdie studie, kan nie misken of vergeet word nie.

Aan al die gemeentes, lidmate, familie en troue vriende wat vormend en ondersteunend op my as persoon ingewerk het, my opregte dank. Ek wil die name noem van Thys Lourens en Bertie van der Merwe, wat deur onderskraging en lojaliteit vir baie jare werklik as besondere vriende 'n groot rol in my lewe gespeel het en daartoe bygedra het dat hierdie navorsing gedoen kon word.

Ek wil ook melding maak van die volgehoue belangstelling, aanmoediging en ondersteuning van die Eerwaarde Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Warmbad in my voortgesette studies.

## SOLI DEO GLORIA

*“En nou doen ek ‘n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle **verander** deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”*

*(Romeine 12: 1-2)*

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1 ALGEMENE INLEIDING EN ONTWIKKELING VAN HIERDIE STUDIE

	BLADSY
<b>1.1 INLEIDING</b> .....	1
<b>1.2 NAVORSINGSPROBLEEM</b> .....	4
<b>1.3 NAVORSINGSDOEL</b> .....	5
1.3.1 Algemene doelstelling .....	6
1.3.2 Besondere doelstelling .....	6
<b>1.4 NAVORSINGSMETODE</b> .....	7
<b>1.5 DIE PLEK VAN PASTORALE SORG AAN DIE GELOWIGE BINNE DIE VAK PRAKTIESE TEOLOGIE.</b> ....	7
<b>1.6 BEGRIPSOMSKRYWING</b> .....	11
1.6.1 Pastoraat .....	11
1.6.1.1 Die fundering van die pastoraat. ....	14
1.6.1.2 Die doel van pastoraat .....	16
1.6.2 Pastoraat is deel van die pastorale teologie .....	19
1.6.3 Die Pastor .....	19
1.6.4 Die gelowige in kerk en samelewing .....	21
1.6.5 Verantwoorde lewensbestuursvaardighede .....	21
1.6.5.1 In die stel van ideale lewensdoelwitte .....	21
1.6.5.2 In die afleer van gekondisioneerde lewensstyle en die aanleer van nuwes wat werk .....	23
1.6.5.3 In ekonomiese tydsbestuur en goeie kommunikasie .....	25
1.6.5.4 In verbeterde besluitneming en effektiewe probleemoplossing. ....	28
<b>1.7 DIE ONTWIKKELING VAN HIERDIE STUDIE</b> .....	30

**HOOFSTUK 2      BREEË BEGINSELS VIR PASTORAAT EN DIE BEMIDDELENDE  
PASTORALE HANDELING VAN MENSE WAT DEUR DIE  
HEILIGE GEES IN SY WERK INGESKAKEL IS**

BLADSY

<b>2.1</b>	<b>INLEIDING</b> .....	<b>31</b>
<b>2.2</b>	<b>FUNDERING VAN DIE PASTORAAT IN DIE PRAKTYK</b> .....	<b>35</b>
<b>2.3</b>	<b>DIE DOEL EN GRONDSLAG VAN PASTORAAT IN DIE PRAKTYK.</b> ...	<b>36</b>
<b>2.4</b>	<b>PASTORAAT IS 'N GESPECIALISEERDE KERKLIKE HANDELING IN DIE PRAKTYK</b> .....	<b>37</b>
<b>2.5</b>	<b>DIE TAAK WAT VERVUL MOET WORD.</b> .....	<b>39</b>
<b>2.6</b>	<b>GOD KOM TOT DIE GELOWIGE IN SY WêRELD DEUR DIE BE- MIDDELENDE PASTORALE HANDELING VAN MENSE WAT DEUR DIE HEILIGE GEES IN SY WERK INGESKAKEL IS</b> .....	<b>53</b>
<b>2.7</b>	<b>DIE HEILIGE GEES AS TROOSTER EN PASTOR.</b> .....	<b>56</b>
<b>2.8</b>	<b>DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE PASTORALE PRAK= TYK.</b> .....	<b>64</b>
<b>2.9</b>	<b>DIE PASTOR IN DIENS VAN DIE HEILIGE GEES.</b> .....	<b>67</b>
<b>2.10</b>	<b>SAMEVATTING</b> .....	<b>69</b>

## HOOFSTUK 3 SKRIFVERANTWOORDE LEWENSBESTUURSVAA- DIGHEDE

	BLADSY
<b>3.1 INLEIDING</b> .....	71
<b>3.2 SKRIFGEBRUIK IN PASTORALE HANDELINGE.</b> .....	72
<b>3.3 SKRIFVERANTWOORDE DOELSTELLINGS.</b> .....	76
<b>3.4 SKRIFVERANTWOORDE LEWENSBESTUUR.</b> .....	80
<b>3.5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE PASTORALE GESPREK EN LE- WENSBESTUUR</b> .....	82
<b>3.6 WATTER LEWENSBESTUURSVAADIGHEDE DAN TER SPRAKE IS</b> .....	86
3.6.1 Persoonlike lewensbestuur word bepaal deur gesindheid (attitude) .....	88
3.6.2 Persoonlike lewensbestuur word beheer deur toewyding (commitment) .....	89
3.6.3 Persoonlike lewensbestuur benodig bepaalde verantwoorde= likheidsvaardighede (responsibility) .....	89
3.6.4 Persoonlike lewensbestuur behels doeltreffende tydsbestuur en sinvolle kommunikasie .....	90
3.6.5 Persoonlike lewensbestuur vereis verantwoordelike besluit= neming en volharding (persistence) .....	93
3.6.6 Persoonlike lewensbestuur word bepaal deur doeltreffend probleme op te los .....	95
3.6.7 Persoonlike lewensbestuur word beheer deur oorwinnaars= vaardighede .....	96
<b>3.7 SAMEVATTING</b> .....	97

## HOOFSTUK 4 DIE UITDAGING AAN PASTORAAT VANDAG (PRAKTIESE RIGLYNE)

	BLADSY
<b>4.1 INLEIDING</b> .....	99
<b>4.2 DIE VERHAAL EN DIE BENUTTING DAARVAN IN DIE PASTORALE GESPREK</b> .....	100
<b>4.3 KOMMUNIKASIE PROBLEMATIEK</b> .....	103
4.3.1 Individualisme .....	104
4.3.2 Massafikasje .....	105
4.3.3 Toenemende godsdienstloosheid .....	107
4.3.4 Die huidige tendens .....	109
<b>4.4 DIE PASTORALE GESPREK</b> .....	110
4.4.1 Die teologie van die pastorale gesprek .....	112
4.4.2 Die praktyk van die pastorale gesprek .....	118
4.4.3 Die inrigting van die pastorale gesprek in praktyk .....	124
4.4.4 Skematiese voorstelling van die pastorale gesprek in praktyk ...	129
<b>4.5 SAMEVATTING</b> .....	131

**HOOFSTUK 5      SLOTWOORD.**

**BLADSY**

..... 134



**OPSOMMING** ..... 138

**SUMMARY** ..... 140

**BIBLIOGRAFIE** ..... 142

**TEKSREGISTER** ..... 147

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING EN ONTWIKKELING VAN HIERDIE STUDIE.

### 1.1 INLEIDING.

In die post moderne samelewing word daar in toenemende mate groter eise aan die gelowige gestel. Tegnologiese vooruitgang, die wisseling van die tyd, 'n nuwe millennium, die eise tot verbeterde produktiwiteit, groot ekonomiese vraagstukke, finansiële onstabieliteit, veranderde politieke omstandighede, regstellende aksies, die transformasie van die samelewing in Suid-Afrika, werksonsekerheid en die stresfaktor is enkele voorbeelde van omstandighede wat groterwordende eise aan die gelowige stel. Kerk en samelewing het nuwe dimensies bygekry wat in die praktiese teologie bestudeer moet word en in pastorale versorging nader uitgewerk moet word. Een van die take van die praktiese teologie as teologiese wetenskap is juis om die gemeente te dien met die nodige kennis van die eietydse werklikheid. Praktiese teologie moet perspektief hê vir die samelewing waarin die gemeente leef en die wêreldsituasie waarin so 'n samelewing bestaan.

Hierdie studie is daarop ingestel om die huidige werklikheid van gelowiges se geloofsverstaan en geloofshandelinge empiries-wetenskaplik te help vasstel. Die ondersoek word vanuit 'n prakties-teologiese (hermeneutiese) hoek gedoen. Pieterse (1993:9) sê: "Die praktiese teologie sal dus die Christelik-kommunikatiewe praxis ook vanuit hierdie oogpunt moet beskou, naamlik of die samelewingsopset in 'n gegewe situasie die handelinge verhinder of bevorder. 'n Verstaan van die politieke situasie in elke tyd is dus ook noodsaaklik. Praktiese teologie, verstaan as 'n teologiese handelingswetenskap, kan nie anders as om die konkrete, huidige werklikheid te ondersoek nie." Die ontwikkeling van hierdie studie poog om die teologiese kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering met 'n defenitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief tot die praktiese teologie te volg. Dit gaan dus in hierdie studie

hoofsaaklik om die kommunikasie van die evangelie in verskillende praktiese situasies met verskillende handeling soos veral die pastorale gesprek met die oog op die verwerwing van Skriftuurlik-verantwoorde lewensbestuursvaardighede.

Praktiese teologie as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, staan in diens van die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens binne die huidige geloofspraktyk. Dit beteken dat ons nie net die kommunikatiewe geloofshandeling bestudeer nie, maar ook hierdie dinamiese gebeure van die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens, in diens van die Here. Volgens Pieterse (1993:5) "kan 'n praktiese teologie as handelingswetenskap binne die paradigma of denkmodel van 'n kommunikatiewe handelingsteorie, kommunikasie handeling in diens van die evangelie slegs verstaan word vanuit 'n voorgegewe sin, naamlik die werklikheid en die praxis van God." Deur middel van die pastorale optrede van mense (die pastorale gesprek) spreek God self deur sy Woord en Gees tot die gelowige.

Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hul lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei. Kommunikatiewe handeling het te doen om onderlinge begrip, konsensus oor die normatiewe betekenis van die Skrif en die optrede daarvolgens te bewerk. Die doel is die opbou en uitbou van die gemeente; die emansipatoriese welsyn van mense tot eer van God en 'n groei tot volwassenheid in Christus volgens die ideaal van die koninkryk van God, met 'n eskatologiese perspektief.

"Kommunikatiewe handeling het naamlik te doen met die *omgang* van gelowiges met mekaar. Dit het as bron van die handeling te make met die ontmoetingsgebeure binne die ontmoetingsgestaltes van mense met God. Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geskied as gebeure - die gebeure tussen God en mense en mense onderling. Dit moet nie aktivisties verstaan word nie (Zerfass, 1988:45). 'n Fundamentele wetenskapsteoretiese uitgangspunt in hierdie paradigma is dat mense nie anders kan as om te kommunikeer nie. Dit is kommunikatiewe handeling wat deur middel van taal geskied (vgl. Van Niekerk, 1992:181) - taal gesien in die ruim verband van

kommunikatiewe uitinge deur mense. Kommunikatiewe handeling is die wyse van die alledaagse bestaan van (in ons geval) die gemeente in die konteks van die samelewing, van hul omgang, hulle verhoudinge, hul reaksies en hul doelbewuste woorde en dade. Kommunikatiewe handeling is die wyse waarop mense tesame (met mekaar) gestalte aan hul lewe gee. 'Met mekaar' is konstitutief in hierdie paradigma. Eers deur die liefdevolle toewending na mekaar in die naam van Christus kan 'n mens eie identiteit vind, en deur die verdienste van Christus en die toepassing daarvan deur die Gees in ons lewens, waarlik mens word (vgl. Zerfass, 1988:47). Want niemand ken homself tensy ons nie eers God leer ken het nie. Die Heilige Gees openbaar (in die taal van Calvyn, 1956:2) hierdie kennis van God se genade aan ons verstand en verseël dit in ons harte. Binne die gemeente, in onderlinge kommunikasie, vind ons identiteit as gelowige Christene en verbondskinders in die leerprosesse wat daar afspeel. Die omgang met mekaar geskied as vrye subjekte (in 'n subjek-subjek verhouding), op gelyke voet, waarin daar broederlike en susterlike *solidariteit* met mekaar is.

Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie druk dus die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit. Die begrip 'kommunikatiewe handeling' in hierdie paradigma lê klem op 'n vrye, gelykwaardige en op *Verständigung* gerigte optrede in teenstelling tot strategiese en instrumentele handeling wat op mag gerig is en mense misbruik, afhanklik stel, onderdruk en tot konflik en stryd lei. **Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hul lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei.** Dit is egter geen dorre omgang met Skrifbeginsels nie, maar die dinamiese ontmoeting met God (wat op kontinue basis geskied) in die ontmoetingsgestaltes van gebed, die omgang met die Bybel, in die erediens, die pastoraat, die kategese, en oral waar kommunikatiewe handeling deur en tussen mense geskied" (Pieterse, 1993:6&7).

Van der Ven (1994:29) sê: "Practical theology has to interpret the multidimensional

modernization and the multidimensional secularization process of the christian religion in the modern world.”

Die gelowige staan in voortdurende veranderde omstandighede in die praktyk en samelewing van die post moderne tyd. Dit vra aanpassing, 'n ander geloofsverstaan en heel moontlik 'n ander pastorale benadering binne die praktiese teologie. Die pastor word daarom baie gereeld genader met die versoek om te help dat die gelowige **verantwoorde lewensbestuursvaardighede** bekom soos wat die Bybel dit uitstippel en die Here van hom vra. Die gelowige is dus in hoë mate aan die eise van die post moderne samelewing blootgestel en dit bring talle probleme na vore wat effektief deur pastoraat aangespreek moet word.

## 1.2 NAVORSINGSPROBLEEM.

Die belangrike kern-vraag in hierdie studie is: Het die kerk deur pastoraat 'n taak teenoor die gelowige in die post moderne samelewing met die oog op die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede?

Die probleme vir die gelowige word al meer. Probleme in alle gemeentes en in die samelewing het epidemiese afmetings aangeneem. Dit is bevind uit praktiese ondersoeke en werksverslae dat leraars en pastorale beraders dit moeilik vind om by te bly en aan al die “nuwe” probleme aandag te gee en dus aan die sorg vir die gelowige reg te laat geskied. **Die probleem wat in hierdie studie nagevors moet word is: Hoe kan die pastor die gelowige lei tot nuwe of ander lewensbestuursvaardighede wat voldoen aan die eise van die Skrif en aangepas is by die eise van die post moderne samelewing waarin die kerk en gelowige staan?** Praktiese teologie moet hieraan indringend aandag gee en die probleem aanspreek deur prakties leiding aan die pastor te gee hoe om die lewensbestuursvaardighede van die gelowige vandag te help verbeter. Die gelowige is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Hy het dus 'n bepaalde benadering nodig om die talle probleme waarmee hy worstel in perspektief te sien. Hy het ook 'n bepaalde sorg (veral van die kerk se kant) nodig om sy persoonlike geloofslewe in die



praktyk van die lewe te bestuur soos dit die gelowige betaam.

Die veranderde situasie in die kerk en die wêreld van die gelowige, vra na ander maniere om die lewe te benader en te bestuur. Bestuur (management) vind nie net oor ander mense plaas (soos in die werkplek) nie, maar ook oor jouself. Niemand anders kan 'n mens se lewe bestuur (manage) as jy self nie. Praktiese teologie word alleen verstaan vanuit die werklikheid en die praxis van God. Die bydrae van die post moderne interpretasie tot die moderne siening van die werklikheid, gebasseer op die insigte van Habermas, is vir die praktiese teologie van die uiterste belang. Om werklikheidsgetroue teorieë vir die kommunikasie van die evangelie in die konkrete werklikheid van die gemeente se bestaan op te stel, moet die praktiese teoloog kennis hê van wat daar omgaan in mense en in die samelewing (Van Knippenberg, 1989:13). Hierdie getoetsde kennis het betrekking op die praxis van kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Praktiese teologie hou hom dus besig met 'n praxis - dit is hierdie kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie deur gelowiges (Christene) onderling en in die samelewing, in die sin van 'n universele solidariteit met almal wat in nood verkeer en pastoraal versorg moet word. Van der Ven tipeer hierdie praxis (kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie) waarmee die praktiese teologie besig is, as 'n hermeneuties-kommunikatiewe praxis (Van der Ven, 1990:47). Hierdie hermeneuties-kommunikatiewe praxis vorm die basis vir die wetenskaplike bemoeienis van die praktiese teologie (vgl. Pieterse, 1993:18). Die mens staan binne die huidige geloofspraktyk en dit word van hom vereis om sy lewe volgens Skrifbeginsels te bestuur. Wat dus in die vakgebied bestuur (management) bestudeer word, word deur die praktiese teologie oorgeneem vir sover dit geldend is vir die lewe van die gelowige. Dit benut dus die verkryging van lewensbestuursvaardighede vir die pastoraat. Praktiese teologie is 'n woord oor die geloofshandeling van mense. Persoonlike lewensbestuur is ook deel van die geloofshandeling van die mens. Dit maak hierdie studie dus belangrik om 'n bydrae te lewer tot pastorale versorging deur klem te lê op die verkryging van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede.

### **1.3 NAVORSINGSDOEL.**

### **1.3.1 Algemene doelstelling.**

Dit gaan in hierdie navorsing om die vasstelling van die uitdaging wat vandag aan die pastoraat gestel word met die oog op die verkryging van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede. 'n Verfynde praktyk-teorie sal nader uitgewerk moet word.

### **1.3.2 Besondere doelstelling.**

Om die algemene doelstelling te kan bereik, is dit nodig dat die volgende besondere doelstellings nagestreef word:

1. Die begroning van die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie waardeur die gelowige sy lewe en optrede deur Skrifbeginsels op 'n verantwoordelike wyse bestuur.
2. Die identifisering van Skriftuurlike verantwoorde selfbestuur in die verbondsgemeenskap van die gemeente en in die konteks van die post moderne samelewing.
3. Om die sinvolle bydrae wat die pastor vanuit die pastoraat-narratiewe betrokkenheid by die gelowige kan lewer, te identifiseer en daardie bydrae te versterk en prakties aan te vul.

## **1.4 NAVORSINGSMETODE,**

Hierdie studie is gegrond op 'n eko-hermeneutiese benadering. Volgens hierdie benadering kan die gelowige nie geïsoleerd van sy verbondsgemeenskap met die kerk en die samelewing verstaan word nie. Die mens word beïnvloed deur sy omgewing en die omgewing word beïnvloed deur die mens. Die mens word dus verstaan aan die hand van sy funksie en plek in die groter sisteem (Keeney, 1979:117).

Volgens Mouton en Marais (1990:199) moet daar eers na die doel van die projek gekyk

word, voordat 'n besluit oor die metode wat gevolg gaan word, geneem word. Die doel van projekte word in drie kategorieë ingedeel, naamlik verkennend, beskrywend en verklarend. Hierdie kategorieë staan nie noodwendig langs mekaar nie, maar kan mekaar ook oorvleuel.

In hierdie studie sal gepoog word om aan die hand van beskikbare literatuur, die milieu van die gelowige in kerk en samelewing na te gaan, om sodoende die belang van pastoraat uit te lig en riglyne daar te stel met die oog op die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede in die lewe van die gelowige.

Hierdie studie is dus 'n verkennende, beskrywende en verklarende studie. Dit is gegrond op die deurwerk van toepaslike literatuur, om pastores bewus te maak van 'n betekenisvolle en verantwoordelike pastoraat aan die gelowige wat ontoereikend sy eie lewe bestuur in die huidige omstandighede waarin die kerk en die wêreld verkeer.

## **1.5 DIE PLEK VAN PASTORALE SORG AAN DIE GELOWIGE BINNE DIE VAK PRAKTIESE TEOLOGIE.**

Teologie is die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se uitsprake oor God. Teologie is 'n woord oor God. Praktiese teologie bestudeer die geloofshandeling van mense in die praktyk van die lewe. Praktiese teologie is 'n woord oor die geloofshandeling van mense. 'n Besondere kenmerk van die praktiese teologie is dat dit die werklikheid waarin die gemeente van die Here bestaan en sy roeping uitvoer, deeglik ondersoek en verstaan.

Praktiese teologie is daardie deel van die teologie wat nadink oor die handeling van mense wat daarop gerig is dat God in sy Woord by mense uitkom en in mense se lewens gestalte kry. In die praktiese teologie gaan dit oor die geloofshandeling van die mens. Handeling rondom die prediking, kategetiese, erediens en pastorale sorg word bespreek. Die diepgaande kwessies wat in die pastorale situasies aan die orde is, is immers ook ter sprake in die prediking, kategetiese en liturgie. Wat veral in die pastorale gespreksituasie gebeur, is eintlik net 'n intensifisering en toespitsing van die

bediening. Pastorale sorg is 'n formele kerklike handeling aan gelowiges omdat gelowiges daagliks besig is met geestelike nood, geloofsvrae en talle probleme van ernstige aard. Praktiese teologie help ampsdraers en lidmate sodat hulle geloofshandeling in die gemeente en in alle ander lewensituasies die evangelie sinvol sal kommunikeer. As praktiese teologie in diens van die gemeente staan, staan pastorale sorg spesifiek in diens van die gelowige in sy kerklike en samelewingsituasies. Tot en met die wederkoms van Jesus Christus, is dit noodsaaklik dat pastorale sorg gedoen word ten dienste van die gelowige en sy lewe in die geloof. Jonker sê dit gaan "om die openbaring van God in Christus Jesus en deur die Heilige Gees soos dit in die Heilige Skrif betuig word en deur die Woord en Gees van God in die lewens van mense verstaan word en betekenis kry" (1981:41). Dit is die objek van die praktiese teologie. Praktiese teologie is die studie van die handeling van mense wat daarop ingestel is om gelowiges te help om God te ontmoet en met God en sy medemens in gemeenskap te lewe. Elke wetenskap hou rekening met die praktyk. Ons het huidiglik in die praktiese teologie te doen met 'n breër kyk op die werklikheid en 'n groter ruimte vir 'n meerdimensionele menslike bestaan. Vanuit die ekosisteedenke kyk ons holisties na die werklikheid (De Jongh van Arkel, 1991). Praktiese teologie is daarom wetenskaplik besig met die praxis, met die ontmoeting tussen God en mens. Hierdie ontmoeting vind in die wêreld plaas. Die geloofshandeling van die gelowige is nie net tot die kerk beperk nie. Oral, in sy werk, huwelik, gesin en samelewing, handel die gelowige vanuit sy geloof en moet sy lewe verantwoordelik bestuur word. Ook daar word die verlossingsevangelie van Christus verkondig en sorg mense vir mekaar. Die moderne samelewing met al sy vraagstukke kan nie van buite beïnvloed word nie, maar deur die gelowige wat midde in die samelewing staan en dit deur en deur ken. Die gelowige moet daarom sy getuienis in die wêreld bring. "The layman is the linkman with the world" (Jones, 1973:77).

So word die gelowiges in Johannes 20:21 gestuur om te dien in die wêreld. Praktiese teologie bestudeer dan die handeling van die gestuurdes (mense) wat daarop ingestel is om ander mense te help om God te ontmoet en met God en medemens in gemeenskap te lewe. In die praktiese teologie gaan dit om die **regte optrede**, terwyl die ander teologiese vakke bydra om die **regte insig** te verkry. Praktiese teologie is

gerig op die geloofs-praxis van kerk en samelewing. Daarom bestudeer ons die praktyk in soverre dit te maak het met die geloofshandeling van mense, onder andere deur pastorale sorg en die pastorale gesprek.

In die huidige samelewing is pastorale sorg nie meer net die werk van die pastor nie. Die gemeente (gelowiges) self speel 'n belangrike rol soos Paulus die gemeente met haar verskeidenheid van gawes in 1 Korintiërs 12 beskryf. In vers 25 word beskryf hoe die lede vir mekaar sorg dra benewens die amp van die pastor. In vers 26 word daarop gewys dat as een lid ly, al die lede saam ly. Die amp van die gelowige kom al meer in sinvolle diens van die gemeente en die gemeenskap tot sy reg. Geloof het nou 'n saak van 'n leefwyse in die daaglikse lewe geword. Dit vereis Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede by elke gelowige.

Hierdie studie wil die studieveld beperk tot een enkele handeling naamlik pastorale sorg. Soos wat praktiese teologie vasstel watter teorie ten grondslag lê van die praktyk en moet nagaan of dit doeltreffend is, wil hierdie studie dit doen in die sorgsaamheid van die pastor en die gelowiges onderling. As die teorie nie doeltreffend is nie, moet aanpassings gemaak word en nuwes ontwikkel word. Jesus het sy boodskap gebring in die praktyk. Volgens Johannes 3:21 moes die waarheid gedoen word. Met teorie alleen kan ons nie werk nie. Ons moet deeglik kennis neem van God se handeling in die verlede en in die hede van gebeure waar God die mens ontmoet. God word nie net op leerstellige wyse geken nie, maar ook deur subjektiewe ervarings. Praktiese teologie gebruik die teorie-praxis-verhouding as metode en werkwyse. Die geloofshandeling van mense is gegrond in die handeling van God met die mens in die toekoms, hede en verlede soos beskryf word in die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30). Hier leer ons dat die handelende God mense vertrou en hulle in sy diens neem om namens Hom handelend op te tree. Pastorale sorg is 'n kommunikatiewe handeling. Dit is 'n doelbewuste handeling om in te gryp in die geloofsluwe en persoonlike omstandighede van die gelowige met die doel om verandering te bring met die oog op die ideale situasie van die koninkryk van God wat kom. God het in Jesus Christus ingegryp om die loop van die wêreld te verander van die verkeerde na die regte, die volkome en volledige koms van sy koninkryk waarin Hy alles in almal sal

wees. Net so het die apostel Paulus ingegryp in die gemeentelike lewe. Die pastor doen dieselfde, om die lewensomstandighede en worsteling van die mens in sy persoonlike lewe aan te spreek en te verander. Die gemeente self gryp ook in in die samelewing, in haar kommunikasie van die waardes en insigte wat die evangelie aanbied. Hierdie kommunikatiewe handeling word voltrek in geloofsgebeure soos: Die pastor ontmoet die gelowige om in 'n persoonlike gesprek oor sy lewensprobleme en lewensbestuursprobleme te praat. "Ministry is communication and communitation is ministry" (Abbey,1976:17). Die Heilige Gees is in hierdie ontmoetingsgesprek teenwoordig en omdat Hy daar is, vind daar verandering in mense se lewens plaas. Daar kom bevryding van probleme sodat die gelowige weer op die weg van die koninkryk van God geplaas word en sy lewe sinvol bestuur volgens Skrifgefundeerde beginsels. Die vraag na die sin en doel van die handeling (pastorale gesprek) is 'n verandering tot geloof in Jesus Christus en die realisering en konkretisering van die koninkryksbeloftes in die gelowige se eie persoonlike lewe in kerk en samelewing. Volgens Efesiërs 4:13-15 en 2:13-22 het die koninkryk van God reeds in hierdie wêreld gestalte verkry in die lewens van mense wat in Christus nuut gemaak is. In hierdie koninkryk wat kom, het reeds 'n nuwe mensheid werklikheid geword en in die koninkryk van God heers daar volmaakte kommunikasie met God en met mekaar.

Poimeniek is die vak wat die pastorale werk van die pastor beskryf. Daarin moet die praktiese teoloog altyd daarvan bewus wees dat God die mens geskape het na sy beeld en gelykenis. Die mens is 'n afhanklike selfstandigheid omdat hy in 'n bepaalde verhouding tot God staan (Ps.8:6). Hy is die verteenwoordiger van God op aarde en is verantwoordelik vir die samelewing en die skepping. Daarom is die mens uniek, as 'n "ek" geskape. Hierdie mens is onderweg na die koninkryk van God en om hom van hindernisse te bevry is dit nodig dat die evangelie aan hom bedien word in die erediens sowel as in die vertroulike pastorale gesprek. Hy moet leef uit die goeie boodskap van 'n ewige koninkryksbestemming. Pastorale sorg sien die gelowige altyd as 'n lid in die liggaam van Christus. Ampsdraers is begeleiers (nie leiers) van die gelowige wat soos 'n lid in die liggaam selfstandig is en sy geloofshandeling in die praktyk uitleef. Die Heilige Gees rus die gelowige hiervoor toe (Efes. 4). Elke gelowige is in Christus bevry en in sy diens gestel om met sy verskeidenheid van gawes mekaar op te bou en te

bedien en te versorg. So deel gelowiges in die interpretasie van die Woord vir hul lewe en hul opdrag in die wêreld. Pastorale sorg kom hier ter sprake as sorg deur amptelike huisbesoek en sorg op die vlak van amptelike of professionele pastoraat.

In die praktiese teologie word empiries metodologies ingegaan op die mens se ervaring van sy omgewing, die inwerking op sy omgewing en die waarneming van sy omgewing waar hy gehandel het om vas te stel of daar verandering gekom het. Probleme wat hier voorkom word as probleme empiries metodologies ondersoek en opgelos. Hierdie studie vra die vraag of die ideaal van pastorale sorg aan die gelowige wat worstel om sy lewe suksesvol te bestuur, tot sy reg kom. Indien nie, is die volgende vraag waarom nie en hoe kan dit in die praktyk verhelp of reggestel word.

## **1.6 BEGRIPSOMSKRYWING.**

### **1.6.1 Pastoraat.**

Die pastor moet vanuit die Woord van God die gelowige in al sy verhoudinge bedien en van hulp wees om in alledaagse probleme herderlik begelei en versorg te word. Die gelowige staan in 'n gemeenskapsverhouding tot die kerk midde 'n bepaalde samelewing. Om sinvol hieraan te kan beantwoord, is dit nodig om pastoraat te omskryf.

Heitink (1993:256) omskryf pastoraat as volg:

"Het pastoraal handelen in en vanuit de Christelijke gemeente heeft plaats op drie niveaus: onderlinge pastoraat, pastoraat als gemeenteopbouw, pastoraat als hulpverlening. Deze drie zijn complementair. Onder pastoraat als hulpverlening verstaan wij dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om - in het licht van het evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus - met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen."

Heitink onderskei verder 'n viertal funksies van pastoraat:



"De helende funksie (healing) verbindt pastoraat met verskillende vorme van psigothérapie. De Rogeriaanse wyse van pastoraleounseling vindt langs deze weg toepassing. De tweede funksie, blystaan (sustaining), ziet vooral op vorme van krisis - en verliesverwerking. Het denken in fasen van verwerking, op basis van ondersoek van Kübler-Ross (1974), geniet in dit verband grote bekendheid. De derde funksie, begeleiden (guiding), wil mense help tot verantwoordere beslissings en keuse te kome op grond van hun lewensovertuiging. Bewustwordings - en leerprosesse speler hierby een grote rol en verwysen naar het emansipatoire karakter van pastoraal handelen. De vierde funksie, aangeduid met het werkwoord verzoenen (reconciling), ziet op het vervreemd zyn van mense van elkaar, van zichzelf en van God, op verstoorede of gebroke relaties en op konflikte, die een goede menselijke omgang in de weg staan. Niet alleen het harmoniemodel is hier rigtinggevend. Verzoening voltrekt zich in veel gevallen door een konflikte heen."

Louw (1983:102) omskryf die wese van die pastoraat so:

1. "Die vertrekpunt van die pastoraat is geloofshulp. Hiermee word bedoel dat die pastor in die lig van die voltooide Middelaarswerk van Christus profeties die lidmaat wil help om die geloof te integreer of toe te pas in die besondere lewenssituasie.
2. Die gestalte van die pastoraat is lewenshulp. Onder die werking van die Heilige Gees in die hede wil die pastor op priesterlike wyse solidêr wees by die lidmaat en op liefdevolle en empatiese wyse uitdrukking gee aan die agapé liefde van die Skrif.
3. Die fokuspunt en doelgerigheid van die pastoraat is oorwinningshulp. Die pastor wil die lidmaat se lewe nuut rig op 'n doel waardeur 'n nuwe toekoms, weg of moontlikheid geopen word. Op hierdie wyse word die lidmaat vanuit die vervulde Godbelofte deur die hoop op die toekoms gerig.
4. So 'n sinvolle en doelgerigte bestaan werk deur in die totale bestaan van die



gelowige en bring mee 'n gestremdheid van vreugde asook 'n gesindheid van dankbaarheid en nederigheid."

Dit gaan dus in die pastoraat ten dieptste om beide die verstaan van mense en die verstaan van die evangelie asook die betekenis van God se wil vir mense se spesifieke situasie. Daar word na mense geluister en terselfderdyd word geluister na, en 'n poging aangewend om te verstaan wat die betekenis van die evangelie vir die spesifieke situasie is. Die raakpunte tussen die mens se verhaal en die Verhaal van God moet ontdek word. Die menslike verhaal kan nooit in isolasie verstaan word nie. Elke mens se verhaal is ingewef in 'n netwerk van sisteme (Müller, 1991:93). Binne hierdie konteks praat Müller dan ook van eko-hermeneutiese pastoraat waarin die klem val op die kerk se versorgingstaak teenoor mense in hulle konteks. Met 'n eko-hermeneutiese benadering moet mense binne hulle ekosisteme verstaan word om in die lig van hulle eie verhaal en God se Verhaal, vorentoe te beweeg. Müller sê dat in so 'n benadering nie net die verhouding tussen mense nie, maar ook die verhouding tot die omgewing in perspektief kom (Müller, 1991:94).

In 'n snel veranderende wêreld, veral wat Suid-Afrika betref, moet die geestelike groei van die gelowige sowel as die kerk en samelewing waarvan hy deel is, in die pastoraat raakgesien en bestudeer word. Die geestelike groei van die gelowige beïnvloed al sy verhoudings. Die gelowige staan in die eerste plek in 'n verhouding tot God. Vanuit hierdie verhouding word alle ander verhoudinge waarin die gelowige staan, beïnvloed. Dit beteken, dat die verhouding tot sy naaste, wat spesifiek in die samevatting van die wet (Matt. 22:37-40) uitgedruk word, ook geraak word. In die alledaagse lewensloop van die gelowige, ondervind hy probleme in sy verhouding tot God en sy naaste want hy is geneig om God en sy naaste te haat.

In plaas daarvan om lief te hê, haat hy vanweë die sondeval in die paradys. Hy ondervind sy sondenood in die moeite, dorings en distels wat die aarde voortbring (Gen. 3:18). Hy worstel om sy lewe reg te bestuur. Pastoraat het met hierdie dinge te doen: Ingewikkelde lewensverhoudinge, die gebrokenheid van die lewe, die sondenood van die mens, die krisis situasies van die gelowige en onvermoë om te leef

volgens die eise wat die Skrif stel vir 'n opregte, heilige en godvresende lewe. Heitink (1977:75) beskryf pastoraat as hulpverlening. Hy omskryf pastoraat soos volg: "Onder pastoraat as hulpverlening verstaan wij, dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om in het licht van het evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus - met her een weg te zoeken in geloofs- en lewensvragen."

'n Ware hermeneutiese pastorale proses is die oogmerk van die pastoraat. Gerkin (1984:45) stel dit só: "Care and empathy are therefore shown to be reciprocal human activities in which the subjective limits of carer and one cared for are made vulnerable. Care involves the opening of the horizon of our understanding to admit the intrusion of the world of the other in the hope and expectation that something truly new may be shared in the encounter ...."

Hieruit is dit baie duidelik dat die pastorale berader werklik die een is wat die gelowige in tye van krisis en nood bystaan. Pastorale betrokkenheid is die verstaan van en inleef in die besondere lewenssituasie van die mens en in die krisis wat die gelowige beleef. Die pastor reik dus in die naam van die Here 'n helpende hand uit na die gelowige in sy oomblik van krisis (Botha, 1980:5,6). Die feit dat die pastor die gelowige in 'n krisis of probleem situasie bystaan, beteken dat hy noodwendig sal weet wat om te doen, hoe om dit te doen en waarheen hy met sy pastoraat op pad is. Pastoraat help die gelowige om die lewe in alle verhoudinge sinvol te ervaar. Egan (1990:5) sê: "Helpers are effective to the degree that their clients, through client-helper interactions, are in a better position to manage their problem situations and/or develop the unused resources and opportunities of their lives more effectively." Pastoraat kan dus ook beskryf word as die soeke na verantwoorde lewensbestuursvaardighede wat vir die gelowige sinvol is.

#### **1.6.1.1 Die fundering van die pastoraat.**

In die kommunikasie van die evangelie in ons tyd (na die hemelvaart van Christus) werk die Gees só dat Hy aan mense (amptdraers) die bevoegdheid en die toerusting gee om as selfstandige, redelike en vrye mense God in sy kom na die mens in sy

wêreld te dien. Pieterse (1993:107) sê: "Deur die teonome resiprositeit as aard van die Gees se werk, is die kommunikatief-handelende mens 'n kreatiewe deelnemer en medewerker aan die praxis van God. Daar is 'n parallel aan te wys, volgens Firet, tussen die wyse waarop God die mens in sy openbaring ingeskakel het en die wyse waarop mense vandag ingeskakel word in die koms van God tot die mens deur kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Hierdie handeling is dus die werksaamheid van die Heilige Gees waarin mense as medewerkers in diens geneem en meegeneem word, teologies gestempel."

In die handelingswetenskaplike benadering van die praktiese teologie word in die pastoraat nie meer veral op die kerklike diakonia, die aandag gevestig nie, maar meer in besonder op die koninkryksperspektief in die samelewing. Die kerk in ekumeniese sin, word as deel van die samelewing gesien. Wat ondersoek word is die konkrete praktyk en die konteks van die samelewing waarin die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geskied. Deur 'n meer holistiese siening van die werklikheid vanuit 'n koninkryksperspektief kan Woord en werklikheid saam gesien word. Höfte (1990:88) beskryf die objek as 'n verbreding "van kerkelikheden na menselikheden in het licht van het evangelie." Firet (1979:339) omskryf die objek as die handeling van mense wat in hul pastorale optrede intermedieër is aan die kom van God in sy Woord na die mens in sy wêreld. In sy "Het agogisch moment in het pastoraal optrede" (Firet, 1974), verbreed hy die objek van die vak: "Ik ben nu geneigd de praxis, waarmee de praktische theologie zich heeft bezig te houden minder exclusief te zien als de praxis van het kerkelijk functioneren en het pastoraal optreden. Dit hangt niet samen met een mindere waardering van de kerk, maar met een helderder inzicht in de mogelijkheid en de werkelijkheid van het komen van God langs andere wegen dan die van kerkelijke instituties." Pastoraat is 'n sorgsame handeling in diens van die Heilige Gees en die evangelie van bevryding in Jesus Christus. Dit is nie nodig dat die gelowige onnodig (dit wil sê sonder pastorale sorg) worstel nie. Sy probleme kan sy visie op die koninkryk van God sodanig vertroebel dat hy die verdwaalde skaap van die gelykenis is wat deur pastorale sorg gevind moet word (Luk. 15:4). Jesus sê: "Ek sê vir julle: net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie"

(Luk. 15:7).

Pastoraat het 'n probleem-geörienteerde benadering omdat dit 'n helpende hand wil uitreik tot die afgedwaalde en alleen-worstelende mens. Pastoraat is hulp aan die gelowige totdat die wederkoms plaasvind. "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Efes. 4:11-13). Pastoraat staan in diens van die evangelie as 'n geloofshandeling in die praktyk omdat dit moet help dat die post moderne gelowige sy lewe behoorlik bestuur. "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:16-17). Pastoraat dien die Skrif in hulpverlening aan die gelowige wat sy lewe nie doeltreffend bestuur nie. Dit is ook die taak van pastorale sorg om hom volkome toe te rus vir elke goeie werk aangesien dit as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie staan om die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens in die geloofspraktyk te laat gebeur. Deur middel van die pastorale optrede van mense (pastorale sorg en die pastorale gesprek) spreek God self deur sy Woord en Gees tot die gelowige in sy aardse stryd. In die pastoraat word deelgeneem en meegewerk aan die praxis van die handelende God in die lewe van die gelowige. Die pastor moet daarom weet wat om te doen, hoe om dit te doen en bepaal waarmee hy besig is in diens van die evangelie. Pastorale betrokkenheid moet die besondere lewenssituasies van die gelowige verstaan, daarby inleef en dit deur pastorale sorg en die pastorale gesprek aanspreek.

### **1.6.1.2 Die doel van pastoraat.**

"The recovery in our time, of the bias of the gospel to the materially poor is a momentous theological and pastoral event, a profound challenge. It informs the perspective of this document" (Cochrane et al.,1991:61). Die pastoraal-hermeneutiese ondersoek verloop in vyf fases: Induksie (sosiale analise van die

sosiale konteks van die kerklike bediening), ekklesiologiese analise, teologiese refleksie, geestelike vorming en kontekstuele pastorale praktyk en beplanning. Holland en Henriot (1984:14) definieer sosiale analise soos volg: "Social analysis can be defined as the effort to obtain a more complete picture of a social situation by exploring its historical and structural relationships. Social analysis serves as a tool that permits us to grasp the reality with which we are dealing."

In die ekklesiologiese of kerklike analise word die strukture, die etos en die praxis van die kerk geanaliseer omdat die kerk 'n geïntegreerde deel van die samelewing is. In die teologiese refleksie is die Bybel normatief vir sover dit die oorspronklike getuienis lewer omtrent God se heilshandeling in die geskiedenis van Israel en Jesus, soos dit deur die geloofsgemeenskappe van destyds verstaan en oorgelewer is. In die geestelike vorming moet 'n spiritualiteit aangekweek word. "Christian spirituality is about keeping that 'hope against hope' alive. A hope which recognizes that while the coming of the Kingdom is ultimately in God's hands, the Christian community is called to live and act as the agents and instruments of its coming here and now" (Cochrane et al.1991:82). In die laaste fase van die ondersoekproses van die kontekstuele benadering word die strategie vir aksie en die pastorale praxis beplan. Dit moet 'n kontekstuele pastorale praxis wees waarin Christelike basisgemeenskappe ontwikkel moet word. Volgens Cochrane is die doel van hierdie basisgemeenskappe die hernuwing en herstrukturering van die geloofslewe en die sosiale lewe (Cochrane et al., 1991:90).

Die huidige samelewing moet verstaan en geken word, sodat pastores op profetiese wyse geloofshulp kan verleen; op priesterlike wyse lewenshulp; en op koninklike wyse, oorwinningshulp. In pastoraat wil die pastor sodanig hulp verleen dat die lidmaat se lewe nuut gerig word op die koninkryksdoel. Hy moet uit sy worstelinge bevry word deur pastorale sorg in diens van die bevrydingsevangelie van Jesus Christus. Hy moet deur pastoraat hulp ontvang om sy eie lewe op verantwoordelike wyse te bestuur, op grondslag van die geopenbaarde wil van God. Pastoraat is praktiese teologie in aksie. In 1 Petrus 5:8-10 lees ons: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander,

die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is. En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlijkheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!" Pastoraat is hulpverlening aan die gelowige in die praktyk van kerk en samelewing waarin hy staan. Cochraine beskryf die probleme van ons tyd as pastorale gebeure wat groot uitdagings aan die pastoraat bied. So is die persoonlike lewensbestuursvaardighede van die moderne mens dikwels vir hom 'n probleem. 'n Nuwe leefwyse in die post moderne samelewing, vra na aangepaste lewensbestuursvaardighede. Dit word in die pastoraat aangespreek sodat die gelowige kan leef uit die goeie boodskap van sy ewige koninkryksbestemming.

### **1.6.2 Pastoraat is deel van die pastorale teologie.**

Die Bybel ondersteun die konsep van die pastorale teologie en dit word meermale in die lektuur rondom praktiese teologie, so genoem. Pastorale teologie vorm deel van die praktiese teologie omdat dit 'n teologiese handelingswetenskap is. N. Mette en H. Steinkamp in hul werk: *Sozialwissenschaften und Praktiese Theologie*, (Düsseldorf, 1983) sê: "die praktische theologie sei als theologische Handlungswissenschaft innerhalb einer als praktische wissenschaft begriffen Theologie zu konzipieren."

Praktiese teologie as 'n handelingswetenskap beteken dat ons praat van 'n teologiese wetenskap en 'n handelingswetenskap. As teologiese wetenskap is praktiese teologie omvat in teologie as 'n geheel. As handelingswetenskap het dit te doen met die geesteswetenskappe. Die metodologie van die praktiese teologie het ontwikkel vanuit die sosiale wetenskappe en nie vanuit die ekklesiologiese wetenskappe nie. In praktiese teologie as 'n teologiese vak, is die oogmerk om te verseker dat handelings-situasies, waaronder pastorale sorg en die pastorale gesprek, sinvol plaasvind. Pastorale sorg en die pastorale gesprek is as sulks kommunikatiewe handeling. Pastores vervul hierdie sorg aan die gelowige in diens van die evangelie. Die gelowige staan midde in sy kerk en sy samelewing en ondervind meermale die behoefte aan

pastorale sorg. In die tyd waarin die gelowige vandag leef, is daar talle probleme wat die perspektief op die komende koninkryk kan versper. Dit bring mee dat deur middel van persoonlike konsultasie (pastorale gesprek) die pastor en die gelowige aandag kan gee aan die probleme. Deur pastoraat kan die evangelie aan die individuele gelowige bedien word op persoonlike vlak. Die pastorale gesprek is noodsaaklik omdat baie probleme nie in die openbaar of in die teenwoordigheid van ander gehanteer kan word nie. 'n Ernstige huweliksprobleem kan alleen tussen die pastor en die huweliksmaats in 'n private en persoonlike pastorale gesprek aangespreek word. Pastoraat sien die gelowige in sy kerklike en samelewingskonteks, en vanuit die evangelie waar God die mens wil ontmoet.

Pastoraat (en veral die pastorale gesprek) is 'n ontmoeting tussen die pastor en die gelowige, onder leiding van die Heilige Gees in diens van die evangelie van Jesus Christus wat bevry. Die mens (gelowige) wat in die praktyk van die lewe meermale vasgevang word in 'n probleem of krisissituasie, moet op pastorale wyse versorg word. Pastoraat moet help om die gelowige in 'n beter posisie te plaas om sy probleem situasies te hanteer en op te los. Sou hy nie oor die nodige vaardighede beskik om sy eie lewe volgens die eise van die moderne samelewing suksesvol te bestuur nie, moet pastoraat daartoe hulp verleen. Pastoraat dra daartoe by dat die gelowige die lewe in al sy verhoudinge sinvol ervaar. God ontmoet die mens in die praktyk van die lewe waarin die probleme en die krisis voorkom. In die naam van die Here word 'n helpende hand deur die pastor uitgesteek na die gelowige in pastoraat. Hierdie studie wil vasstel of die sorg aan die worstelende gelowige tot sy reg kom en indien nie, hoe dit in die praktyk reggestel moet word. Die post-moderne wêreld het so vinnig en sodanig verander dat die toekoms wat vir baie mense tot onlangs nog bestaan het, iets van die verlede is. "Reality is not what it used to be" (Vos, 1995:214).

### **1.6.3 Die pastor.**

Alhoewel die gelowige in kerk en samelewing wyd uiteenlopende probleme en krisisse ondervind, is dit nodig dat die pastor die gelowige in die praktyk sien as deel van 'n groter sisteem. Pastorale sorg vind plaas teen 'n breë agtergrond van omstandighede



en belewenisse. Die oog van die pastor moet die moderne samelewing in breë konteks waarneem en ken. Geen krisis of probleem kan geïsoleerd benader of behandel word nie. “Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie moet dus ook binne ‘n konteks verstaan word. Dit is die konteks van die samelewing waarin die gemeente konkreet bestaan en funksioneer. Al is die christelik-kommunikatiewe handeling ‘n eksistensieële proses waarin transendente waardes verteenwoordig is in die ontmoetingsgebeure tussen God en mens, en mens en mens, geskied dit binne die kragteveld van die samelewing met alle invloede na beide kante wat daar aan die werk is. Kommunikatiewe handeling waarvan die wese kommunikatief is, is ook *intensioneel*, waarin die christelike geloof as motivering dien. Dus sal hierdie handeling uitgaan van ‘n beginsel wat alle kommunikasie voorafgaan, naamlik ‘n ideale, onverstoorte kommunikasie” (Pieterse, 1993:8). Die pastor staan in diens van die evangelie. Sy hantering van ‘n probleem is ‘n kommunikatiewe interaksie met iemand wat in ‘n krisis verkeer of probleme ondervind. Die pastorale gesprek is ‘n amptelike gesprek en kan alleen sinvol plaasvind teen ‘n breë agtergrondskennis van die huidige samelewingsproblematiek en werklikheidsgebeure. Suid-Afrika is tans besig met transformasie en demokratisering. Lewensstyle van vroeër is besig om te verander. Wat vroeër gegeld het, is nou nie meer van toepassing nie. Dit bring onsekerheid en onsekerheid bring twyfel en ongelukkigheid. Weerstand teen verandering verdiep die gevoel van moedeloosheid en onvermoë. Die vraag na die sin van die lewe in die huidige bestel word dringend op die agenda geplaas. Die toekoms het duister geword. Die toekoms wat vir baie mense tot onlangs nog bestaan het, is iets van die verlede! Die mens moet opnuut vir hom ‘n ander samelewingstoekoms beplan en steeds sy lewe bestuur met die oog op die naderende koninkryk van God.

Die pastor wat op professionele wyse hulp verleen, moet weet wat om in hierdie verwarrende tyd te doen. Daarvoor gebruik hy in die eerste plek die evangelie van bevryding en troos en versekering. Hy gebruik ook ander wetenskaplike dissiplines tot ondersteuning van sy pastorale sorg. Die vraag wat in hierdie studie prakties aangespreek word, is hoe kan die pastor hulp verleen aan die gelowige om hom te lei tot nuwe en ander lewensbestuursvaardighede sodat dit aanpas en inpas by die veranderde lewensomstandighede in kerk en samelewing.



#### **1.6.4 Die gelowige in kerk en samelewing.**

In praktiese teologie word kerk en samelewing as 'n handelingsveld onderskei. Vantevoren was praktiese teologie sterk binne-kerklik gerig en is min aandag gegee aan die samelewing. Berkhof (1973:429) noem die derde aspek van kerk wees, die gerigtheid op die wêreld. Die Wêreldraad van Kerke het ontstaan om die kerk in die wêreld te laat geld. In ons huidige tydsgewrig is daar min korresponderende faktore tussen kerk en wêreld. Daar word eenvoudig nie meer van staatskerk of volkskerk gepraat nie. Begrippe soos interkerklike of ekumeniese kerk kom na vore. Die klem het verskuif vanaf die kerk na die gelowige in die samelewing. Die rol wat die Christelike gelowige in die georganiseerde samelewing speel, verteenwoordig wat van 'n volgeling van Christus verwag word. Die Christelike kerk word nie meer eksplisiet vermeld nie, maar speel implisiet sy rol in die verteenwoordiging van die gelowige in die samelewing. Daar is dan sprake van 'n "publieke kerk" en 'n "civil religion" in die V.S.A.

'n Nuwe benadering word benodig tot die gelowige in 'n andersoortige siening van die kerk en in die snel veranderende samelewing. Hierdie studie sal 'n bydrae probeer lewer om die huidige siening oor die gelowige in kerk en samelewing duidelik te stel.

#### **1.6.5 Verantwoorde lewensbestuursvaardighede.**

##### **1.6.5.1 In die stel van ideale lewensdoelwitte.**

Die gelowige leef in die wêreld, maar is nie van die wêreld nie. Hy leef ook in die kerk. Die kerk van Christus is die vergadering en die gemeenskap van diegene wat deur die Gees van Christus en sy Woord, sodanig uit die wêreld in Hom vergader en verenig is, dat hulle een liggaam is en ook lede van mekaar. Elke gelowige lidmaat het sy eie amp en taak tot opbou van die hele liggaam en al sy lede. Die gelowige het 'n bepaalde roeping in kerk en wêreld. (Sien: Efesiërs 4:1-6; 1 Korintiërs 12:12-13; Romeine 12:4-6; 1 Korintiërs 12:18-27; Efesiërs 4:15-16; Handeling 4:32-35; 2 Korintiërs 8:1-5; 2 Korintiërs 3:15 en 1 Tessalonisense. 3:11-13).

Hieruit is dit baie duidelik wat die Christelike kerk is en hoe die kerk as gemeenskap saamgestel is. Daarom is die kerk daarop ingestel dat die gelowiges en alle uitverkorenes tot Christus gebring word en in Hom sodanig opgebou word, dat hulle aan geen liggaamlike of geestelike goedere ontbreek nie. Trouens hulle moet juis aangespoor, gehelp, versorg en gelei word tot die volkome saligheid na liggaam en siel.

**Die gelowige is daarom verplig om ander doelwitte vir sy lewe te stel.** Die opdrag van Jesus aan die gelowiges is: "Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid ..." (Matt. 6:33). Die gelowige moet as "sout van die aarde" en as "lig van die wêreld" (Matt. 5:13-16) sy bepaalde roeping uitleef, sy lewe reg en verantwoordelik bestuur en 'n God welbehaaglike lewe lei. Om dit te kan doen is spesifieke en doelbewuste lewensbestuursvaardighede nodig.

Die Pastorale Counseling - Beweging of Kliniese Pastorale Vorming het aan dié aspek veral aandag verleen. Pastorale begeleiding wil bydra tot verantwoorde beslissings en keuses, gegrond op bepaalde lewensooruigings (Heitink, 1993:256). Die klem val op die normatiewe van mens wees.

Die gelowige stel sy lewensdoelwitte vas uit die Woord van God ooreenkomstig sy roeping. Psalm 119:33 sê: "Here, leer my die weg van U insettinge, sodat ek dit tot die einde toe kan bewaar." Die samevatting van die Wet van God, nl. liefde tot God en liefde tot die naaste, met die oog gerig op die koninkryk wat gesoek moet word, is 'n kort samevatting van die doelstellings van die gelowige en sy lewe. Om daardie (en ook ander) doelstellings te bereik, is dit nodig dat die gelowige Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede moet bekom. Die sondegebrokenheid van die lewe, veroorsaak dat die mens nie sonder meer oor die regte lewensbestuursvaardighede beskik nie. Pastorale sorg is dus nodig om probleme aan te spreek en struikelblokke uit die weg te ruim. Pastoraat gee spesifiek aan hierdie sake aandag en laat die lig van die evangelie van bevryding oor die lewe van die gelowige val.

Doelwitte moet baie duidelik geformuleer wees voordat enige suksesse bereik kan word. Goeie bestuursvaardighede kan ook net verkry word deur behoorlike insig.

Pieterse (1993:5) sê: “God kom tot mense in hul wêreld in sy Woord deur die intermediêre, die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Gees ingeskakel word in sy werk. Die pastorale optrede van mense is ‘n vertolkende diens wat intermediêr instaan tussen die sprekende Heer in die gewaad van die Skrif en die deelnemers aan die gesprek. God spreek in ons midde deur die vertolking van die Skrifwoorde deurdat Hy die vertolkers in diens neem. So kom ons in die kragveld van die Gees te staan.” Vir elke gelowige, is die stel van ideale Skrifgefundeerde doelwitte uiters noodsaaklik. Die gelowige se lewe moet gerig word op die koninkryksdoel. Praktiese teologie het te make met die regte optrede van die gelowige om sy doel te bereik.

#### **1.6.5.2 In die afleer van gekondisioneerde lewensstyle en die aanleer van nuwes wat werk.**

Meeste mense het in hulle gewoontes en selfs probleme ingegroei. Aangeleerde lewensgewoontes en lewensstyle kan soms tot groot probleme lei. Vir die gelowige, wat worstel met probleme en ‘n gebrek aan lewensbestuursvaardighede het, is die eerste doelstelling om uit gekondisioneerde gewoontes en praktyke uit te groei. **Pastoraat verleen hulp om begronde doelstellings weer duidelik raak te sien, van gewoontes wat nie werk nie af te sien en nuwes, wat werk en met die eise van die Skrif ooreenstem, aan te leer.** Wat is dit anders as grondige bekering? Om die persoonlike lewe sodanig te bestuur dat dit God behaag, is die vernaamste doel van die gelowige se lewe. Indien ‘n gelowige huweliksprobleme ondervind, word in die pastorale gesprek aandag gegee aan ander en beter vaardighede om sy huwelikslewe suksesvol te bestuur. Hebreërs 10:35-38 sê: “Werp dan julle vrymoedigheid wat ‘n groot beloning het, nie weg nie. Want nog ‘n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehag in hom nie.”

Om ‘n suksesvolle lewe voor God te lei, is dit nodig om jou lewe reg te bestuur. Pastoraat is die instrument om die doelsteller te help met toepaslike lewensbestuursvaardighede om sy doelstellings te bereik en ‘n sinvolle geloofslewe te

lei. Om sinvolle doelstellings te kan bereik is 'n positiewe gesindheid nodig. Op die doelstellings moet gefokus word en steurnisse uitgeskakel word. Die vaardigheid om probleme die hoof te bied en op te los, is reeds 'n verlengstuk van persoonlike lewensbestuursvaardigheid. Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, beteken dat gelowiges hulle lewe en hulle optrede deur Skrifbeginsels laat lei. 'n Dinamiese ontmoeting met God vind plaas in die ontmoetingsgestaltes van die erediens, gebed, pastoraat, die pastorale gesprek en oral waar kommunikatiewe handeling deur en tussen mense geskied. Gelowiges moet die lewenswerklikheid en hul konkrete situasie ken en verstaan om sinvol en effektief hierdie handeling binne en buite die kerk uit te voer. Een van die take van praktiese teologie as teologiese wetenskap is dus juis om die gemeente te dien met die nodige kennis van die werklikheid van die eie tyd. Kommunikatiewe handeling is intensioneel. Die Christelike geloof dien as motivering daarvan. Bäumlér (1974) verstaan die koninkryk van God as ryk van heil waarin vrede, geregtigheid en vryheid heers as die teologiese siening van onverstoorde kommunikasie tussen mense. Doelgerigte handeling vanuit hierdie perspektief geskied binne die eskatologiese realiteit, nie as eindtyd gesien nie, maar as realiteit in die hede vanweë die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit is nodig om te besef dat die huidige werklikheid van Christene se geloofsverstaan en geloofshandeling empiries-wetenskaplik vasgestel moet word. Die identiteitskriterium van die praktiese teologie is die sistematiese aandag aan kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie (Furet, 1990:612).

In die afleer van gekondisioneerde lewensstyle en die aanleer van nuwes, wat werk, sal die pastor die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie reg moet verstaan. Die Heilige Gees werk wel deur mense, maar God spreek self na sy welbehag. Die woorde van mense (ook in die pastorale gesprek) is altyd diensbaar aan die Woord van God. Omdat God self spreek deur sy Woord en Gees, is daar ontmoetingsgebeure tussen God en ons. Die gelowige kan dan só sy lewensdoelwitte weer reg sien en sy bestuursvaardighede om 'n God welbehaaglike lewe te lei, toets aan wat God in sy ontmoeting met die gelowige deur sy Woord sê. Gelowiges laat hulle lewens en optrede deur Skrifbeginsels lei. 'n Besondere kenmerk van die praktiese teologie is dat ons die werklikheid waarin die gemeente van die Here bestaan

en sy roeping uitvoer, moet ondersoek en verstaan (vgl. Zulehner, 1989).

‘n Praktiese teologie wat digby die werklikheid teoretiseer, kan die evangelie veel relevanter daarin vertolk met die oog op die hoor van God se Woord in ons eie situasie. So ‘n vertolking kan die groot doel van die bediening van God se Woord beter dien, naamlik die verandering van mense se lewens en hul leefwêreld tot die beeld en die ideaal van God se komende koninkryk (vgl. Pieterse, 1993:19). Geloofskennis skenk ‘n ander kyk op die werklikheid en lei ons tot verwerking van die evangelie wat daar in Jesus Christus vir ons opgesluit is (vgl. H Jonker, 1983:107,113-17). Omdat die Heilige Gees teenwoordig is, lei pastoraat die gelowige tot verandering. Verandering wat nodig is om met die oog op die koninkryk die persoonlike lewe reg te bestuur. Praktiese teologie handel juis oor die regte optrede van die mens in sy lewe. Effektiewe probleemhanteringsgedrag word aangeleer.

Heitink (1993:115) sê: “Zo kan men met Furet de eenheid van het hermeneutiesch en het agogiese moment in die praktische theologie benadrukken: ‘het woord heeft in zich de kracht tot verheldering, waardoor het tot verstaan komt, en die kracht tot beïnvloeding, waardoor het tot verandering komt” .

### **1.6.5.3 In ekonomiese tydsbestuur en goeie kommunikasie.**

Wanneer die gelowige sy doelstellings duidelik formuleer en sien, ook die onwerkbare handelwyses afleer en nuwes wat werk met die oog op die koninkryk aanleer, is daar nog twee aspekte van uiterste belang. Die gelowige moet sy lewensideale elke oomblik in fokus hê. Die lewe bestaan uit tyd. Die mens se hele lewe is daarom elke oomblik gekoppel aan tyd. Om tyd te mors deur nie die eie lewe suksesvol te bestuur nie, beteken dat die lewensdoel nie bereik kan word nie. As gelowiges is ons geroep om elke dag van ons lewe tot eer van die Here te lewe. Petrus waarsku dan ook: “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duivel, loop rond soos ‘n brullende leeu en soek wie hy kan verslind” (1 Petr. 5:8). **Behoorlike tydsbestuur beteken om jouself en jou lewe reg te bestuur.** Die regte benutting van tyd hou jou op koers en laat jou beweeg in die rigting van jou doelwitte. Ekonomiese tydsbestuur is reeds ‘n

bewys daarvan dat jy jou lewe goed beheer en verantwoordelik bestuur. Dit laat die moontlikheid van keuse. Jy kan kies wat belangrik is om jou doel te bereik en nalaat wat jou aandag aftrek van jou doelwitte. Markus 1:15 sê: “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.” Markus 13:33 sê: “Pasop, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.” Goeie tydsbestuur bevorder goeie werkverrigting en dit is noodsaaklik vir beter en verantwoorde lewensbestuur. As die werklike prioriteite in die lewe verstaan word en die doelstellings is duidelik, kan tyd reg aangewend word en die gelowige sy lewe reg bestuur. Die tyd wat gespandeer word en die lewe wat gelei word, moet ooreenstem met die doel wat gestel is. Probleme en struikelblokke in die lewe van die gelowige, beteken noodwendig dat tyd vermors word. Deur die pastorale gesprek word die probleme aangespreek en uitgeskakel, sodat 'n ganse lewe nie uiteindelik verlore gaan nie. Pastorale sorg en die pastorale gesprek is die beoefening van 'n wetenskap om ook persoonlike lewensbestuursvaardighede te bekom in die lewens van die gelowiges.

God het die mens geskape met die vermoë om te praat. Taal en kommunikasie is nodig om die mens tot uitdrukking te laat kom. Om te praat beteken om te dink en te formuleer. Kommunikasie is 'n goeie medium om die regte en waardige en sinvolle dinge alleen tot uitdrukking te laat kom en onbenullige en skadelike dinge nie eers uit te spreek nie. Om te kommunikeer is om te dink. Om waarde aan ons woorde te verleen, is dit nodig om ons gedagtes en idees te sif. Om te kommunikeer is 'n verhelderingsproses en dit is 'n baie sterk motivering dat die pastorale gesprek inderdaad onontbeerlik is in pastorale sorg aan gelowiges.

Die pastorale gesprek het te doen met verbindings, patrone en metafore. Deur 'n verhaal te verbeeld in woorde, word nuwe relevansie ontdek wat verandering bewerk. Sodoende word terapie die proses van die uitbreiding en verbreding van betekenis. Deur nuwe verbindings te lê, word dit wat tot dusver ongesê gebly het, as nuwe realiteite na vore geroep. Deur nuwe verbande te lê met metafore en verbeelding, word dit wat nog nie gesê is nie en daarom gedreig het om in die vergetelheid te versink, na vore gebring en word dit 'n krag tot verandering. Ten diepste moet die relevansie

tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms herontdek word (Müller, 1996:139). Daarom is kommunikasie 'n verhelderingsproses. Pastorale sorg sonder die pastorale gesprek is net nie moontlik nie. Die Woord en die woord het die krag tot verheldering, waardeur tot verstaan kom. Die Woord en die woord het die krag tot beïnvloeding, waardeur tot verandering kom. Die resultaat is dan dat die regte lewensbestuursvaardighede bekom word. Dan het die pastorale gesprek geslaag in sy doel. Hierdie studie wil dit juis aantoon en beklemtoon en implimenteer met die oog op **verstaan en verandering** sodat verantwoorde lewensbestuursvaardighede aangeleer kan word.

Die pastorale gesprek bring die werklike probleme na vore. Dit sê waar lewensbestuursvaardighede kortkom. Onderdrukte gevoelens verkry 'n uitlaatklep, onduidelikhede word verhelder en vir probleme word na dringende oplossings gesoek. Kommunikasie is terapie van aard en help om doelwitte weer duidelik raak te sien en struikelblokke op die pad van die koninkryk weg te werk of uit te skakel. Die Woord van God spoor ons aan om te kommunikeer. Spreuke 28:13 sê: "Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind." Die pastorale gesprek dra daartoe by dat kragtige lewensbestuursvaardighede bekom word, deur in goeie kommunikasie (d.w.s die pastorale gesprek en 'n narratiewe kyk na die werklikheid) ontslae te raak van giftige gevoelens, opgekropte emosies en sondige probleme. 1 Johannes 1:8-9 sê: "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie. As ons die sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reining."

Praktiese teologie is nie bloot 'n toepassingsteorie nie en nie bloot 'n tegniek nie. 'n Denkraamwerk word gevorm deur kontekstuele ervarings wat 'n narratiewe vorm aanneem. Die begrip narratiewe as beskrywing van die studieveld van die praktiese teologie, kan bydra tot 'n meer uitgebreide verstaan van die konsep kommunikatiewe handelinge. Müller (1996:4) sê: "Wanneer kommunikatiewe handelinge in die praktiese teologie bestudeer word, maar met 'n definitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief, is die benadering veel meer inklusief en verwys dit na die totale ekosisteem waarbinne



die kommunikasieproses verloop.” Gerkin (1986:54) sê: “Narrative practical theology is, therefore, an ongoing *hermeneutical* process within the immediate storied context of ministry. The intention of that process is the transformation of the human story, both individual and corporate, in ways that open the future of that story to creative possibilities.”

Ekonomiese tydsbestuur en goeie kommunikasie dra by tot die vind van verantwoordelike lewensbestuursvaardighede in die lewe van die gelowige. In die praktiese teologie word juis gesoek na die korrekte optrede van die mens in sy geloofshandeling en geloofsgebeure.

#### **1.6.5.4 In verbeterde besluitneming en effektiewe probleemoplossing.**

Om die regte besluite in die lewe te kan neem en om probleme effektief op te los, is daar vaardighede wat 'n mens moet aanleer om sy lewe reg en sinvol te kan bestuur. Die verkeerde besluit van die eerste mense in die paradys, het die ganse menslike geslag in die ellende van die dood gedompel. Die mens het daarom die vermoë om elke keer reg te besluit, verloor. Sinvolle besluitneming moet dus in die lewe van die mens aangeleer en ontwikkel word. Die mens het die vryheid van keuse. Hy is 'n afhanklike selfstandige mens in sy verhouding tot God (Ps. 8). Die besluit van koning Dawid om owerspel met Batseba te pleeg, bring die profeet Natan daartoe om vir die koning te sê: **“U is die man!”** (2 Sam. 12:7). God kom ontmoet die mens in die praktyk van sy lewe. Die handelende God kom praat met die mens in sy geloofsgebeure. Die optrede van die profeet is 'n doelbewuste handeling om in te gryp in die lewe van die koning, met die doel om verandering te bring met die oog op die ideale situasie van die koninkryk van God wat kom. So het God in Jesus Christus ook ingegryp in die loop van die wêreld om verandering te bring van die verkeerde, na die regte, die volkome en volledige koms van sy koninkryk waar Hy alles in almal sal wees en waar die sonde nie meer sal heers nie.

In hierdie studie gaan dit hoofsaaklik om die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handeling. Pastoraat wil bydra tot verbeterde



besluitneming en die uitoefening van die regte keuses om Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede te bekom.

Dit kan verwag word, dat goeie besluitneming bydra tot effektiewe probleemoplossing. Dit is onopgeloste probleme en struikelblokke wat nie deur die pastoraat aangespreek word nie, wat in die weg mag staan om die ware doel van die lewe te bereik. **Besluitneming is 'n sigbare manifestasie van die innerlike kwaliteit van selfbestuur.** Gewoontes en gesindhede moet noodwendig verander word, voordat effektiewe besluite geneem kan word. Goeie besluitneming hou verband met 'n doelgerigte voorneme om op sinvolle wyse die lewensdoelstellings te bereik. Met sterk innerlike waardes, het die mens beter kriteria waarteen alternatiewe besluite opgeweeg kan word. Psalm 1:1-2 sê: "Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag."

Verkeerde besluite voorspel en waarborg mislukking. Die lewensdoel word gemis en die mens word die verlore skaap wat herderlik opgesoek en versorg en teruggebring moet word. Dit is die handeling wat pastores in die naam van die Here uitvoer om aan die verlore en verdwaalde die ware sin van die lewe te help verstaan. Pastoraat dra daartoe by dat die gelowige gehelp word om 'n vol lewe te lewe en sy lewe te bestuur soos God dit van hom verwag. Persoonlike volwassenheid word bereik; "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke van lering nie" (Efesiërs 4:13-14).

Só vind in die pastorale gesprek en 'n narratiewe kyk op die werklikheid (of verhalende benadering, vgl. Müller, 1996:15) dan die ontmoetingsgebeure in die lewe van die gelowige plaas en kom God na die mens in sy Woord. Die pastorale handeling is intermediêr. 'n Sorgende gemeenskapslewe (koinonia) ontstaan waarin mense mekaar op die lewenspad ondersteun; en 'n sterk geörienteerdheid op dae en doen, in die

wete dat die kern van die Christelike lewe diens is (Burger, 1991:21). Praktiese teologie handel oor die geloofshandeling van mense. 'n Hernuwing en herstrukturering van die geloofslewe vind plaas (Cochrane et al, 1991:90). Dit gebeur in die pastorale gesprek waar die vertel van die lewensverhaal, 'n singewende verhelderingsproses word.

## **1.7 DIE ONTWIKKELING VAN HIERDIE STUDIE.**

- In hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem, die navorsingsdoel en die navorsingsmetode van hierdie studie en enkele belangrike begrippe omskryf sodat daar duidelike riglyne bestaan waarbinne die studie verder kan ontwikkel.
- In hoofstuk 2 sal daar aan die breë beginsels vir pastoraat aandag gegee word, asook hoe God tot die post moderne gelowige in sy wêreld kom, deur die bemiddelende pastorale handeling van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel word.
- In hoofstuk 3 word gekyk na verantwoorde lewensbestuursvaardighede.
- In die laaste hoofstuk word aandag gegee aan die uitdaging aan pastoraat vandag en enkele riglyne word vir die pastor gestel, sodat die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede kan bekom en effektiewe probleemhanteringsgedrag kan aanleer.

# HOOFSTUK 2

## BREË BEGINSELS VIR PASTORAAT EN DIE BEMIDDELENDE PASTORALE HANDELING VAN MENSE WAT DEUR DIE HEILIGE GEES IN SY WERK INGESKAKEL IS.

### 2.1 INLEIDING.

In hierdie studie word gebruik gemaak van 'n geïntegreerde, sirkulêre model van heen-en-weer beweeg tussen praktyk en teorie om die dualisme daarvan te ontwyk. Don Browning (1991:34) definieer die prakties-teologiese wetenskaplike proses in terme van "practical wisdom." Hy beweeg weg van die onderskeid tussen basiese teorie (theoria) en praktiese teorie (techné). Hy vind eerder aansluiting by die begrip phronesis. Phronesis is nie 'n toepassing van abstrakte beginsels op konkrete situasies nie, maar dit verwys eerder na 'n waarde-georiënteerde bespreking wat in 'n wisselwerking tussen praktyk ervaringe en kennis van bestaande teorieë vergestalt word. Volgens Heitink (1993:151) moet daar 'n praktyk-teorie-praktyk beweging plaasvind. Dit gaan dus om 'n teologiese integrasie van teorie en praktyk.

Müller (1996:5) gee 'n verhelderende definisie: "Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handeling, wat verband hou met die verhale van die Christengeloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe."

In 'n insiggewende artikel in Skrif en Kerk 15 no 2:349-350 in 1994 met die titel "An eco-hermeneutical perspective on inter-cultural counselling," gee Müller duidelikheid omtrent die gebruik van die terme "hermeneutics" en "ecosystemic":

"The two terms hermeneutics and ecosystemic are closely related. However, it is important to note that each separate term has its own emphasis. In

hermeneutics the emphasis is on understanding and interpretation of the system; and in ecosystemic the emphasis falls on the broader system and all - inclusive ecosystem - a holistic approach. Therefore I found it useful to create a combined term: eco-hermeneutical pastoral care. With this description of pastoral care, it is my intention to place emphasis on wholeness and on understanding, and more specifically on an understanding of wholeness.

With this term "understanding of wholeness," I definitely do not have a kind of cognitive and distant understanding of systems in mind. I am rather thinking of an emphatic involvement, even an appreciation of systems (also cultural systems). Not an appreciation of the system as a static phenomenon, but of the beauty (quality) of change that makes a system what it is.

Eco-hermeneutical pastoral care is pastoral care which is willing to take the risk of involvement with a system, not to explain it from the outside and even give empathetic advice from the outside, but to become part of the system and experience (and facilitate) the beauty of change. In doing so, it works toward wholeness as a ecosystemic reality and as a biblical goal."

In 'n eko-hermeneutiese pastorale paradigma, soos ons dit tans verstaan, moet die hermeneutiese aspek opnuut beklemtoon word. Pastoraat, wat gegrond is op praktiese teologie, bestudeer vandag die verstaan van verstaan. Ware verstaan met die oog op die soeke na sin kan alleen vanuit 'n ekosistemiese perspektief gedoen word. Die doel van pastoraat is die egte en bedoelde soeke na sin. In die hermeneutiese paradigma val die klem op die verstaan binne die konteks van die geheel. In die eko-hermeneutiese paradigma val die klem op die verstaan van die geheel en die ontdekking van die betekenis van die geheel-konsep binne verskeie kontekste. Die hermeneutiese paradigma vra na die verstaan binne die wyer ekosisteem. Die eko-hermeneutiese paradigma vra na die verstaan van die konsep in geheel. Dit is 'n vorm van verstaan wat alleen moontlik is, as die mens in die betekenisgeheel opgeneem word. Müller (1996:15) sê: "Dit word nou duidelik waarom 'n eko-hermeneutiese paradigma byna vanselfsprekend tot 'n model van narratiewe betrokkenheid moet lei.

Pastoraat wat vanuit 'n eko-hermeneutiese paradigma gedoen word, mond uit in 'n pastoraat van betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is. In so 'n pastoraat gaan dit nie bloot om rasonele, dialogiese diskoerse nie, maar om 'n ervaring van die geheel van die verhaal en 'n totale betrokkenheid daarby." 'n Hermeneutiese kyk op die werklikheid, is by implikasie ook 'n narratiewe kyk op die werklikheid. ***Bepaalde gedrag en ontoereikende selfbestuur kan slegs verstaan word deur die hele konteks waarin dit ingebed is, in ag te neem.*** 'n Eko-hermeneutiese benadering in veral die pastorale gesprek, plaas die verhaal van gebeure en ervarings in 'n wyer verstaanbare konteks. Die konteks is die hele narratiewe struktuur waaruit die persoon op 'n gegewe moment handel. Wanneer 'n persoon in 'n krisis beland, word die tans bestaande lewensverhaal of verstaansraamwerk nie meer as geldend (of bruikbaar) ervaar nie. Daar ontstaan dan 'n behoefte aan die opbou van 'n nuwe verwysingsraamwerk uit "sluimerende oriëntasies" (Ganzevoort, 1989:75). Die hermeneutiese pastoraat is doelbewus op soek na 'n rekonstruksie van die lewensverhaal vanuit 'n dubbele narratiewe struktuur: die eie lewensverhaal en die gemeenskaplike geskiedenis van ander verhale (vgl. Müller, 1996:9).

Hermeneutiek is die wetenskaplike aktiwiteit van interpretasie. Interpretasie nie net van tekste nie, maar ook van fenomene, soos gesproke woorde, gebare, handeling, historiese en maatskaplike verskynsels (Heitink, 1993:175). 'n Narratiewe verslag bind gebeurtenisse en mense saam tot 'n verstaanbare patroon. Dit is 'n beskrywing en 'n verklaring vir waarom dinge is soos dit is. Dit help met interpretasie en interpretasie help met verstaan. Vos (1995:42) sê: "In die narratief kom die bestaansvrae en -antwoorde vertellend na vore. Die weg tot selfverstaan loop deur die verhaal."

Müller (1996:23) verwys na Sarbin (vgl. Putman, 1994:144) wat in sy teorie uitgaan van die narratiewe kapasiteit van die menslike psige. Hy plaas die klassieke onderskeid van James tussen die "I" en die "ME" in 'n narratiewe konteks. Die "I" beskik oor die vermoë om deur sy verbeeldingskrag 'n verhaal te konstrueer met die "ME" as hoofspeler. Dit is moontlik omdat die self as outeur in staat is om vanuit die hede die verlede te rekonstrueer en die toekoms met die self as akteur te verbeeld.

Pastorale sorg sonder die pastorale gesprek (die narratiewe of verhalende kyk op die werklikheidsgebeure) is nie denkbaar nie. In die pastorale gesprek word pastor en pastorant bewus van ervaring en interpretasie van daardie ervaring. Dit skep dan die moontlikheid en verantwoordelikheid om te soek na werkbare en gefundeerde lewensbestuursvaardighede.

Hierdie studie is daarop ingestel om die huidige werklikheid van gelowiges se geloofsverstaan en geloofshandeling empiries-wetenskaplik te help vasstel. 'n Teologiese kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering met 'n narratiewe perspektief tot die praktiese teologie word gevolg. Hoofsaak is die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handeling. Die pastorale gesprek is so 'n kommunikatiewe handeling. Hierdie studie wil juis aantoon dat die pastorale gesprek bydra tot die verkryging van Skriftuurlik-verantwoorde lewensbestuursvaardighede in die lewe van gelowiges. Dit kan gedoen word deur die uitskakeling van lewensprobleme waarmee die gelowige in die praktyk van die lewe worstel.

Die samelewing en die kerk staan by die jaar 2000. Die wêreld verander tans teen 'n duiselingwekkende tempo. Probleme van mense is nog nie eers almal aangespreek en opgelos nie, dan is daar nuwes wat bykom. Die stresfaktor in die lewe van die mens is byvoorbeeld een baie ernstige probleem wat onopgelos is en nou word dit geïntensifiseer deur nuwe uitdagings hier by die wisseling van die eeu. Stres versteur talle verhoudings soos tussen man en vrou, ouers en kinders, werkgewer en werknemer, kerk en lidmaat. 'n Gees van verslaenheid, moedeloosheid en depressie het by talle mense posgevat. Die gelowige is ook aan hierdie soort samelewing blootgestel. Sy kerk en sy wêreld vra van hom aanpassing en 'n ander geloofsverstaan van die werklikheid. Pastoraat word eweneens met hierdie andersoortige probleme gekonfronteer. Pastorale beraders het baie besige mense geword. Dit is 'n professionele beroep wat huidiglik voor groot uitdagings te staan gekom het. Pastoraat moet effektief die bestaande en nuwe probleme aanspreek. Die kernvraag is: Het die kerk deur pastoraat 'n taak teenoor die gelowige in die post moderne samelewing om aan die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede laat te bekom?

## 2.2 FUNDERING VAN DIE PASTORAAT IN DIE PRAKTYK.

Voordat die vraag beantwoord kan word, is dit nodig om te kyk na die breë beginsels van die pastoraat. Volgens Louw (1983:102) is die vertrekpunt van die pastoraat "geloofshulp." Die gestalte van die pastoraat is "lewenshulp." Die fokuspunt van die pastoraat is "oorwinningshulp." In pastoraat word dus in die naam van die Here 'n helpende hand na die gelowige in 'n oomblik van krisis, uitgesteek (Botha, 1980:5,6). Pastoraat beteken hulp en versorging aan die gelowige. Egan (1990:5) sê: "Helpers are effective to the degree that their clients, through client-helper interactions, are in a better position to manage their problem situations and/or develop the unused resources and opportunities of their lives more effectively." Heitink (1977:75) beskryf pastoraat as hulpverlening. Pastoraat moet herderlik die skape lei na groen wevelde, na waters waar daar rus is (Ps. 23). In Kolosense 1:10 skryf Paulus: " sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk mag vrug dra en in die kennis van God mag groei." Dit kan in werklikheid gebeur nadat die probleme in die lewe van die gelowige werklik aangespreek is. "En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlijkheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak bevestig, versterk en grondves!" (1 Petr. 5:10). Die pastorale arbeid van Paulus in sy bediening kom duidelik na vore in Kolossense. 1:28-29: "Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; waarvoor ek arbeid en stry volgens sy werking wat in my werk met krag." Die bediening van Paulus is praktiese onderrig; ook pastoraat om elke mens (sonder onnodige hindernisse en probleme) volmaak voor te stel. Uit die Engelse Bybel haal ek Romeine 15:14 aan: "And I myself also are persuaded of you, my brothers, that you also are full of goodness, filled with all knowledge, able also to **counsel** one another." Die opdrag van Jesus in hierdie verband lees ons in Matteus 10:6-8: "Maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel. En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit." Die verkondiging van God se Woord en die pastorale versorging van die worstelende, is twee noodsaaklike komponente van ons bediening. Alhoewel hy luister na die verkondiging van die Woord, het die gelowige ook persoonlike en individuele



aandag en pastorale sorg nodig. "Ek sê vir julle dat daar net so blydschap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdige wat die bekering nie nodig het nie" (Luk. 15:7). Pastoraat is 'n individuele kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Jesus self het dit so gedoen: "Toe sê Jesus vir hom: Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is. Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was" (Luk. 19:9-10). Prediking is noodsaaklik - dit lei tot kennis en verstaan van die wil van God. Pastoraat is net so noodsaaklik omdat dit 'n effektiewe handeling is om mense te help met hul persoonlike probleme sodat hulle sinvol hul persoonlike lewens kan bestuur. Jesus Christus het immers sy lewe gegee vir die individu (Joh. 3:16). "En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy my gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat my gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:39-40).

### **2.3 DIE DOEL EN GRONDSLAG VAN DIE PASTORAAT IN DIE PRAKTYK.**

Pastoraat het ten doel geloofshulp, lewenshulp en oorwinningshulp. Dit kan alleen bereik word binne die praktiese teologie wat die kommunikatiewe handeling van mense in diens van die evangelie ondersoek. Die geloofspraxis van die gelowige in kerk en samelewing word ondersoek. Praktiese teologie beoefen nie die praktyk nie maar stel vas watter teorie ten grondslag van die praktyk lê. Praktiese teologie moet nagaan of dit doeltreffend is. As die teorie nie doeltreffend is nie, moet nuwes ontwikkel word. Teorie en praxis is egter gelyk. Daar kan nie net met 'n teorie oor God gewerk word nie, maar ook met God se daad in die verlede en hede van die gebeure waarin God die mens ontmoet. By die handeling van God, vertrou Hy mense en neem Hy hulle in sy diens om namens Hom handelend op te tree (Heitink, 1984:170). "Een elementaire vorm van pastoraaltheologie treffen we reeds aan in het Nieuwe Testament. Het boek 'Handelingen' (Praxeis apostoloon) legt er de nadruk op dat het werk van de Geest hierin bestaat, dat Gods handelen zich voortzet in menselijk



handelen. Gods openbaring schiep ruimte voor 'bemiddeling'. Mensen ontvang geestesgaven ('Kerygma') elkaar op te bouwen tot een hechte gemeenskap ('koinonia') en dienstbaar te zijn aan de komst van het Rijk van God in deze wereld ('diakonia')" (Heitink, 1993:96).

Volgens 1 Korintiërs 12-14 word die gemeente as die liggaam van Christus beskryf. 'n Beeld word ons voorgehou van 'n charismatiese gemeenskap met 'n verskeidenheid van gawes. Dit is 'n demokratiese gemeenskap waarin elke lid, elke gelowige deel van is. Met hierdie gawes en talente, wat aan die lid toevertrou is, moet gewerk word in die koninkryk sodat aan die Heer by sy terugkeer verantwoording gedoen kan word soos in die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30). God werk bemiddelend deur mense. "De mens wordt als mens door God in dienst genomen" (Van Ruler, 1971:22). Dit dui op die verantwoordelikhedsgraad en moeilikhedsgraad van pastorale werk. Daarom is dit 'n genadegawe binne die charismatiese gemeente (Heitink, 1993:296). Die Bybel noem die genadegawe 'n diens, nie 'n amp nie. Die Reformasie spreek van ampte. Volgens Berkhof is die kern van die amp, verteenwoordiging. Ridderbos sê: "het ambt is uit Christus en door de gemeente" (1996:534). Die amp is nie langer 'n verhewe amp nie, maar staan in die geloofsgemeenskap van die gemeente. Kerklike ampsdraers word gesien as verteenwoordigers van Jesus Christus om sy boodskap van versoening in die gemeenskap te bring. Die "pastorale beroep" kry sy gesag binne die kerk. Roeping is nie alleen 'n persoonlike saak nie, die christelike gemeente moet ook roep (1 Kor. 14:29 en Hand. 6:5).

## **2.4 PASTORAAT IS 'N GESPECIALISEERDE KERKLIKE HANDELING IN DIE PRAKTYK.**

Die differensiasie tussen kerk en samelewing het in die jongste tyd die pastorale beroep laat spesialiseer. Pastores wat werk in inrigtings of gevangnisse ontleen hul gesag aan die kerk en hul professionaliteit aan die instelling waarvoor hulle werk. Dit gaan om volmag en bekwaamheid in die gedifferensieerde pastorale beroepe. Die pastorale beroep is in ons tyd ook 'n professie. Siegers en Haan (1983:46) omskryf professionalisering as "het proses waardoor bepaalde (maatschappelijk belangrijke)

werkzaamheden zich gaan verdichten tot een maatschappelijke functie."

'n Pastor is 'n hermeneut. Hy verstaan die werklikheid van die mens en wêreld in die lig van die Skrif en die tradisie. Heitink (1993:302) maak voorsiening vir spesialisasie en professionaliteit in lyn met 'n sekere kundigheid van die pastores. Met 'n voltooide teologiese opleiding kan spesialisering in pastorale sorg verantwoord word. Dit verg egter post-akademiese studie, praktiese opleiding en ervaring. Die pastor moet 'n beroepsgelowige wees. Die pastorale beroep vereis persoonlike geloofsverdieping om sodoende nie afbreuk te doen aan die gemagtigde handelingsveld van die pastoraat binne die praktiese teologie nie.

Pastoraat is 'n amptelike kerklike handeling aan die gelowiges. Die pastor word opgeroep om in sy pastoraat die gelowige herderlik te versorg. Pastorale versorging is wesenlik deel van sy ampswerk. Hierdie aspek onderstreep dan ook die relevansie van hierdie navorsing. Die amp funksioneer in die lewe van die gemeente om 'n bydrae te lewer tot opbou van die gemeente. Alhoewel die kerklike ampte gelykwaardig is, (d.w.s die een nie hoër of belangriker geag kan word as die ander nie) is die ampte nie gelyk nie. Die pastorale beroep is 'n gespesialiseerde beroep in die kerklike praktyk. Dit kom duidelik na vore in die onderskeid wat Heitink tref tussen "het kerklike karakter, het professionele karakter en het persoonlike karakter van het pastorale beroep" (1993:293). Daar moet egter 'n relasie bly bestaan tussen die kerklike amp en die persoonlike deskundigheid van die pastor. Hy moet verteenwoordiger van sy kerk wees in 'n meer en meer gesekulariseerde samelewing. In die post moderne samelewing waar kerk en geloof hul vanselfsprekendheid verloor het en die amp en tradisie nie meer voorop staan nie, is dit baie moeiliker om die eie identiteit van die pastor te behou.

Van de Spijker (1984:18) maak onderskeid tussen die twee betekenis van die begrip kompetent; gemagtig en bekwaam. "Pastorale kompetentie bestaan dus uit zowel een 'gemagtigheid zijn tot' als een 'verstand hebben van.' Op grond hiervan kunnen binnen de pastoraaltheologie een drietal invalshoeken worden onderscheiden, die van het kerkelijk karakter, het professioneel karakter en het persoonlik karakter van het

pastorale beroep” (Heitink, 1993:295).

Die werk of diens (diakonia) van die pastor is gegrond op die charismatiese gemeenskap van die gelowiges (die kerk) en is dus ook 'n genadegawe om namens Christus mee te werk in die opbou van die liggaam van Christus en elke lid afsonderlik. In ons tyd is die pastor ampshalwe aan die kerk verbonde, maar in die professionele uitoefening van sy pastorale beroep, meermale aan 'n instansie buite die kerk (soos 'n inrigting, hospitaal of gevangenis) verbonde. Die kerk sal hom dus moet vergewis van hierdie stand van sake om nie later uit te vind dat pastoraat alleen maar net as losstaande professie beoefen word nie. Ons beskou egter pastoraat as 'n amptelike, kerklike handeling aan die gelowiges waaroor die kerk ook moet toesig hou om so die eenheid van die liggaam van Christus (die gemeente) en die gelykwaardigheid van die ampte te behou. Ons laat ook ruimte vir die deskundigheid en professionaliteit van die gespesialiseerde berader in die praktyk, sowel binne as buite die gemeente.

## **2.5 DIE TAAK WAT VERVUL MOET WORD.**

'n Opgeleide pastor beskik oor hermeneutiese deskundigheid. Hy ondersoek die werklikheid van mens en wêreld in die lig van die Skrif. So benader hy die onderskeie handelingsvelde in die pastoraat. Die taak wat die pastor moet vervul, is sorg aan die liggaam van Christus in geheel en ook aan elke lid afsonderlik. Dit word gedoen deur die bring van die Woord na die mens in die praktyk. Die evangelie van bevryding word bedien om die verlore en afgedwaalde skaap op te soek en terug te lei. Wie deur sware sondes tot 'n val gekom het, moet opgehelp word, weer tot bekering kom en tot lewensverbetering aangespreek word. Wie siek en swak is, moet genees en bekragtig word. Wie bedroef is moet vertroos word. Wie twyfel moet uit die Woord verseker en versterk word. Wie moedeloos geword het, moet opnuut bemoedig word. Pastorale versorging omvat talle aspekte van die geloofslewe omdat dit 'n belangrike taak is wat vervul moet word in diens van die Here. Ons lees in Lukas 15:4-6: “Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle verloor, laat nie die nege en negentig in die woestyn staan en gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit kry nie? En as hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers. En as hy by die huis kom, roep hy

sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was.” In 1 Timotius 2:3-4 lees ons: “Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.”

“Men zou hier aan kunnen toevoegen dat het pastoraal handelen, dat zich afspeelt in het raam van de ‘Praxis Gottes,’ zich voltrekt in een wisselwerking tussen ‘de tekst van de Bijbel’ en ‘de mens als tekst’ (Heitink, 1984:22). ‘n Voorbeeld hiervan kry ons in die Bybel (Luk. 24:13 e.v.) waar die Emmausgangers ‘n nuwe ervaring opdoen. Hul situasie en belewing van die kruisgebeure word radikaal verander en hulle word bevry van hul totale neerslagtigheid en verwarring. Hulle beleef as sulks die waarde van die evangelie van bevryding op konkrete wyse. Hulle ontmoet die opgestane Jesus persoonlik. Pastoraat doen niks anders as dat die Verlosser Jesus Christus die mens in sy nood en probleme ontmoet nie. Die pastor bring die Woord, die Lewende en opgestane Heiland na diegene wat verdwaal is en verlore. Clinebell (1966:20) sê: “Pastoral counseling is the utilization, by a minister, of a one-to-one or small group relationship to help people handle their problems of living more adequately and grow toward fulfilling their potentialities. This is achieved by helping them reduce their inner blocks which prevent them from relating in need - satisfying ways.”

In Johannes 10:1-8 waar Jesus sê: “Ek is die goeie herder,” gee die Skrif ‘n duidelike grondslag van die sorg wat die pastor vir die kudde moet hê. Die liefdevolle sorg van die Here vir die mens kom tot volle uitdrukking. God neem egter mense in sy diens om in die herderlike versorging van die gelowiges die ontmoeting tussen God en mens te laat plaasvind. Die hele Bybel spreek van die liefde en die sorg van God wat roep tot wederliefde en sorg vir mekaar. Hierdie taak word vervul met die oog op die naderende koninkryk van God. Die gelowige moet tot dan sy of haar lewe bestuur volgens die eise van die Skrif. Waar lewensbestuursvaardighede nie werk nie of onbruikbaar geraak het, moet in die pastorale ontmoeting nuwe lewensbestuursvaardighede ondersoek, gevind en aangeleer word. Die lewe staan nooit stil nie. Juis in ons tyd is daar geweldige omwentelinge. Die kerk en die gelowige moet noodwendig aanpassings maak en die persoonlike (geloofs-) lewe

doeltreffend bestuur. In die opdrag van die Here om eers die koninkryk van God te soek, mag niks, ook nie ontoereikende lewensbestuurspraktyke, in die weg van die gelowige staan nie. Die Goeie Herder wil nie dat een van syne verlore sal gaan nie. Clinebell (1966:14) sê: "The only relevance that really matters is the relevance to the deep needs of persons- relevance to the places in their lives where they hurt and hope, curse and pray, hunger for meaning and thirst for significant relationships. Pastoral care and counselling are valuable instruments by which the church stays relevant to human needs. They are ways of translating the good news into the 'language of relationships,' as Reuel Howe expresses it - a language which allows the minister to communicate a healing message to persons struggling in alienation and despair."

In Johannes 10:10 lees ons dat Jesus gekom het, sodat die gelowiges vir wie Hy sy lewe afgelê het, lewe en oorvloed kan hê. Die gelowige moet bekragtig word om God se bedoeling met die lewe van die gelowige ten volle uit te leef. "The freedom to become all that one has the possibilities of becoming" (Clinebell, 1966:28). Die holistiese benadering van pastorale sorg en die pastorale gesprek, sien die mens as iemand wat inherent 'n rykdom van on-ontdekte en on-ontwikkelde krag, bates en hulpbronne besit. Die psigologie bewys dat die gemiddelde mens slegs 'n klein persentasie van sy werklike potensiaal benut. Dit is so dat die persoon wat nog emosioneel belas is, geestelik siek is en in sy alleenheid worstel met onopgeloste probleme, veel minder van sy werklike potensiaal inspan om sy lewe reg te bestuur. Die uitdaging aan die kerk en pastoraat is om hierdie vermorsing van potensiële suksesvolle menselewens drasties aan te spreek. Die evangelie moet die mens in sy lewensgebeure ontmoet om hom te bevry van onnodige worstelinge sodat hy instaat is om meer van sy Godgegewe potensiaal in te span in die soeke na die koninkryk van God. Die taak wat vervul moet word, word deur Clinebell (1966:31) as volg beskryf: "Pastoral care and counselling seeks to empower growth toward wholeness in all of the six interdependent aspects of a person's life:

- ▶ Enlivening one's mind.
- ▶ Revitalizing one's body.

- ▶ Renewing and enriching one's intimate relationships.
- ▶ Deepening one's relationship with nature and the biosphere.
- ▶ Growth in relation to the significant institutions in one's life.
- ▶ Deepening and vitalizing one's relationship with God."

Wat in die pastorale proses moet gebeur, is dat 'n situasie van egte soeke na sin gefasiliteer word. Jesus sê in Matteus 10:10 "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê." Hierdie oorvloed bestaan altyd en alleenlik in relasies. God ontmoet die mens in sy lewe. Hierdie ontmoetingsgebeure vind nie plaas sonder en buite die verhoudinge waarin die mens staan nie. Al die aspekte van ons kerklike bediening het een doel voor oë naamlik bevordering van die "lewe en oorvloed" van die gelowige. Dit is baie duidelik dat 'n veranderende wêreldbeeld nie alleen konsekwensies het vir die mensebeeld nie, maar dat dit ook 'n besliste invloed het op die ontwikkeling van die Godsbeeld. August Comte, Emile Durkheim en Max Weber het baie aandag aan hierdie aspek in hul werk gewy. Praktiese teologie het almeer ontwikkel in 'n empiries geïntegreerde handelingswetenskap, waarby die begrip handelingswetenskap as reël nie slegs funksioneel nie, maar ook krities ingevul word, deur die empirie steeds te verbind met 'n kritiese, d.w.s. normatiewe teorie met betrekking tot die gewenste kerklike funksionering. Die oogmerk in die pastoraat is geloofshulp, lewenshulp en oorwinningshulp. In die naam van die Here word 'n helpende hand uitgereik na die worstelende gelowige. Die pastorale gesprek is 'n effektiewe handeling om die gelowige te help met sy probleme en dan om Skriftuurlik-gefundeerde lewensbestuurstyle aan te leer.

Bucer (1991:62) omskryf die taak wat pastores moet vervul as volg: "Zij, die tot zielzorg en de herdelijke dienst in de kerk aangesteld zijn, moeten onze Here Jezus, de Opperherder en Bisschop van onze zielen, dienen doordat zij Zijn schapen - en dat zijn allen die tot het leven verkoren zijn - zo dienen, dat aan hen alles verricht wordt wat onze Here hen in Zijn Herdersambt beloofd heeft. Dat betekent, dat zij hen het Woord van God moeten verschaffen, waardoor Christus schaapjes, die nog buiten zijn kudden en stal rondlopen er bijgevoegd worden. Zij die er al bijgevoegd zijn, moeten zij ook bij de kudde en in de stal houden en, mocht het zo zijn dat zij toch weer weg lopen,

moeten zij hen weer terugbrengen. De schaapjes die bij de kudde blijven moeten zij tegen alle ziekte en gebrek beschermen en hen weer herstellen als zij daar toch door getroffen worden. Zij moeten er dus voor zorgen, dat niets hen in de weg staat om steeds meer in de godzaligheid te groeien.” Heitink (1984:15) sê “dat pastoraat goed is voor mensen. Wij zien pastoraat als een vorm van dienstverlening, die niet de kerk maar de sameleving als horizon heeft. Mensen binnen en buiten de sfeer van de christelike gemeente moge, wanneer zij willen, een beroep doen op een pastor.”

Die taak wat vervul moet word is dus ‘n opbou en uitbou van die gemeente; die emansipatoriese welsyn van mense tot Gods eer; ‘n groei tot volwassenheid in Christus volgens die ideaal van die koninkryk van God. So bou Christus sy gemeente op deur sy Gees wat die ampte, die prediking, pastoraat, kategeese en die sakramente (almal kommunikatiewe handeling) in diens neem vir sy werk. Gelowiges moet die lewenswerklikheid en hul konkrete situasie ken en verstaan om sinvol en effektief hierdie handeling binne en buite die kerk uit te voer. Pastoraat het ten doel doeltreffende persoonlike lewensbestuur volgens die eise van die Skrif en met ‘n eskatologiese perspektief.

Praktiese teologie as teologiese wetenskap se taak is om die gemeente en die gelowiges te dien met die nodige kennis van die eietydse werklikheid. Die pastorale gesprek dra daartoe by dat die gelowiges vaardighede bekom om die eie lewe doeltreffend te bestuur binne hierdie eietydse werklikheid. Kennis van die praktyk of die werklikheid is een kant van die munt. Die ander kant is, hoe praktiseer of bestuur jy die lewe in die werklikheid van die praktyk. Pieterse (1993:19) sê: “‘n Praktiese teologie wat digby die werklikheid teoretiseer, kan die evangelie veel relevanter daarin vertolk met die oog op die hoor van God se Woord in ons eie situasie. So ‘n vertolking kan die groot doel van die bediening van God se Woord beter dien, naamlik die verandering van mense se lewens en hul leefwêreld tot die beeld en die ideaal van God se komende koninkryk. Want geloofskennis skenk ‘n ander kyk op die werklikheid en lei ons tot verwerkliking van die evangelie wat daar in Jesus Christus vir ons opgesluit is.”



Praktiese teologie moet digby die werklikheid teoretiseer. Daarom is praktiese teologie ook nie 'n toepassingsteorie of bloot 'n tegniek nie. Die dualisme tussen teorie en tegniek word doelbewus vervang. Die sirkulêre model van heen-en-weer beweeg tussen teorie en praktyk word geïmplimenteer (vgl. Müller 1996:1). Metode en konkrete situasies word nooit geskei nie. 'n Denkraamwerk word gevorm deur kontekstuele ervarings wat 'n narratiewe vorm aanneem. Vanweë die narratiewe begrip in praktiese teologie, dra dit by tot 'n uitgebreide verstaan van die konsep kommunikatiewe handeling. ***In die narratiewe benadering gaan dit ook en veral oor God se verhaal en daardie verhaal word eers deur die Heilige Gees vir ons werklik ontvou.*** En wat uit die ontvouing blyk, is dat God inderdaad nie 'n God van afstand is nie, maar van betrokkenheid (Müller 1996:51). Hierdie betrokkenheid voltrek hom in die kommunikatiewe handeling en in die ontmoeting van God met die mens en die mens met God. Dit is 'n ervaring wat baie pastorale beraders al beleef het. 'n Pneumatologiese onderbou word gekies omdat van 'n eko-hermeneutiese paradigma uitgegaan word en wat in die model van narratiewe betrokkenheid uitmond. Deur 'n pneumatiese uitgangspunt word ons gehelp tot 'n meer werklikheidsnabye teologie (Heitink, 1994:520).

Die pastorale gesprek dra by tot die verkryging van Skriftuurlik-verantwoorde lewensbestuursvaardighede in die lewe van die gelowiges. Die pastorale gesprek is 'n individuele kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Namens Christus word meegewerk in die opbou van die liggaam van Christus (die gemeente) en elke lid afsonderlik (die gelowige). Die werk wat daar verrig word is om aan die gemeente van Christus as geheel en aan elke lid afsonderlik versorging en bediening te laat plaasvind ter verbetering van sy persoonlike lewensbestuur.

Bucer (1991:62) noem die vyf belangrike take van versorging: "In die eerste plaats, dat zij hen bij Christus onze Here en Zijn gemeente brengen, die hetzij door vleeselijke hoogmoed, hetzij door valse godsdienst daar nog van vervreemd zijn. Ten tweede hen weer terugbrengen, die nadat zij tot Christus en Zijn kerk gebracht waren, door vleeselijke bezigheden of valse leer daar weer van afdwaalden. Ten derde, dat zij hen die in de kerk van Christus blijven maar toch



in zware zonden gevallen zijn, weer tot bekering en levensverbetering brengen. Ten vierde, dat zij hen die volharden in de gemeenschap met Christus, zich niet uitzonderlijk te buiten gaan, maar toch in het Christelijke leven nog wel zwak en ziek zijn, weer krachtig en gezond maken, opdat zij goed christelijk kunnen leven. Ten vijfde, dat zij hen, die bij de kudde en de stal van Christus blijven, geen grote zonden doen, ook niet slap en ziek zijn in het christelijke leven, tegen alle ergernis en afval beschermen en hen steeds tot alle goeds aansporen. Deze vijf opgaven van de zielzorg en het herderlijk werk heeft de Here mooi samengevat in de gelijkenis over het weiden der schapen, zoals Hij in Ezech. 34 zegt: "De verlorene zal Ik zoeken en de afgedwaalde terughalen; de gewonde sal Ik verbinden en de ziek versterken, en wat vet en krachtig is zal Ik weiden zoals het behoort."

Dit is nodig om kortliks aan te dui wat die onderskeid is tussen pastorale sorg en die pastorale gesprek.

Tieleman, (1993:13-15) se hantering van bepaalde paradigmatische verskuiwinge wat in die pastorale teorievorming plaasgevind het, dui aan dat die eerste verskuiwing van 'n kerugmatiese na 'n deelnemende pastoraat was en die tweede van 'n terapeutiese na 'n hermeneutiese pastoraat. Die hermeneutiese pastoraat is op soek na 'n rekonstruksie van die lewensverhaal. Hermeneutiek word verstaan as die wetenskaplike handeling van interpretasie. Firet, (1974:126) is van mening dat as enige pastorale optrede nie hermeneuties van aard is nie, dit hoegenaamd nie kwalifiseer vir die beskrywing "pastoraal" nie. In die pastorale gesprek moet agter verskillende interpreteringsaktiwiteite inbeweeg word en die grondhandeling van verstaan blootgelê word. Müller, (1996:14) sê: "Ware verstaan met die oog op die soeke na sin kan na my mening alleen vanuit 'n ekosistemiese perspektief benader word. Ons lewe het sin wanneer dit as deel van 'n breër betekenisgeheel ervaar word (Burms & De Dijn, 1986:1). Die bevordering van 'n egte soeke na sin, is na my mening die doel van die pastoraat. Die pastor is nie groep om iemand te help om sin te vind, of sin te gee nie. Dit is immers onmoontlik. Wat in die pastorale proses moet gebeur, is dat 'n situasie van egte soeke na sin gefasiliteer word."

Hierdie studie wil deur die verbetering van verantwoorde lewensbestuursvaardighede by die pastorant aantoon dat die pastorale gesprek bydra tot die egte soeke na sin in die lewe van die gelowige. Die eko-hermeneutiese paradigma vra na die verstaan van die konsep in die geheel. 'n Eko-hermeneutiese paradigma lei tot 'n model van narratiewe betrokkenheid. Pastoraat wat vanuit 'n eko-hermeneutiese paradigma gedoen word, loop uit in 'n pastoraat van betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is (vgl. Müller, 1996:15). Die pastor en die pastorant moet tydens die pastorale gesprek vra na die werklike interpretasie en die persoonlike ervaring van die lewensgebeurtenis.

Pastorale sorg is die breë, inklusiewe bediening van "mutual healing" en groei in die gemeenskap van gelowiges en in die samelewing.

Pastorale beraad is 'n dimensie van pastorale sorg om die ervaring en interpretasie van die pastorant binne die raamwerk van die werklikheidsgebeure te plaas.

Die identiteitskriterium van die praktiese teologie is die sistematiese aandag aan kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Praktiese teologie as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, staan in diens van die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens binne die huidige geloofspraktyk. Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geskied as gebeure. Daar vind in die praktyk van die lewe gebeure plaas tussen God en mens en mense onderling. In die praktyk van die lewe kom God om die mens te ontmoet deur sy Woord en Gees. In wat met die mens gebeur, sowel in die verlede as in die hede (en ook in die toekoms), het God 'n antwoord, 'n boodskap, 'n verklaring **en 'n oplossing**. In pastorale beraad word hierna gesoek. Die lewensverhaal word vertel. Saam word gesoek na die sin van die gebeure. Sin kan alleen gevind word as die verhaal vertellend gerekonstrueer word. Die soeke na sin bring die pastor en die pastorant by die kern van die verhaal. Wat tot dusver vir die pastorant onverklaarbaar en gevolglik onverstaanbaar was, word vertellend meer verklaarbaar en gevolglik meer verstaanbaar. 'n Egte soeke na sin word in pastorale beraad gefasiliteer. Die lig van die evangelie van bevryding val oor die gebeure en 'n nuwe interpretasie word daaraan

gegee (vgl. Müller, 1996:14). Pastorale sorg word juis gedoen in die lig van die Skrif en onder leiding van die Heilige Gees. Die sondaar mens kan nie altyd met die nodige insig verklaar, waarom dinge met hom gebeur het soos dit gebeur het nie. Hy kom na die pastor om in hierdie verband hulp te soek. Die hulp wat gesoek word, kan alleen gegee word as die verhaal vertel word, die gebeure gerekonstrueer word, 'n nuwe interpretasie daaraan verleen word en toepaslike lewensbestuursvaardighede geïdentifiseer word. Dit vind plaas onder leiding van die Heilige Gees wat by die destydse gebeure in die lewe van die mens teenwoordig was. Onverklaarbare dinge word met die lig van die Bybel, onder leiding van die Heilige Gees verklaar. Gebeure word vertellend gerekonstrueer, herinterpreteer en uiteindelik sinvol verklaar. Saam word gesoek na die sin van gebeure. Dan is die pastorale taak behoorlik uitgevoer en sal die pastorant werklik in staat wees om sy persoonlike lewe behoorlik te bestuur.

Langs die weg van behoorlike pastorale versorging word al die lidmate op korrekte wyse (volgens Efesiërs 4:11-16) in Christus aan mekaar verbind en opgebou om só sy ware liggaam te wees. So ontstaan die ware Christelike gemeenskap waar die koninkryk van Christus op egte wyse onder ons aanwesig is en waar die Here self ons tot aan die voleinding van die wêreld, regeer en lei. Niemand mag aan siel of liggaam gebrek ly nie. Die verlore skaap moet gesoek en gevind word; die verjaagde moet weer teruggebring word; die gewonde moet genees word; die sieke versterk en die gesonde beskerm en gewei word. Dit is die werk van Christus aan al sy uitverkorenes. Hulle moet in volle gemeenskap met Hom lewe en in volle gehoorsaamheid aan sy evangelie van bevryding. "En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag" (Joh. 6:39). Alleen só kan die gelowige ook sy lewe in die post moderne samelewing sinvol bestuur en dus 'n sinvolle bydrae maak tot die samelewing waarin hy vandag lewe.

In die veranderende en veranderde lewensomstandighede vandag, kan elke gelowige beskerm word teen die verderflike ongehoorsaamheid en gesekulariseerdheid van die post moderne samelewing. Praktiese teologie werk met 'n normatief-eskatologiese perspektief op die koninkryk van God. Die oog van die pastor is gerig op die aktuele

en lewende hoor van die Woord van die Here in ons geloofskommunikasie met Hom, met mekaar en met ander in die breër samelewing (vgl. Burger, 1991:14). Die komplekse pluralistiese en uiters moeilike situasie in Suid-Afrika, stel groot uitdagings aan die gelowige en die kerk. Hierdie praxis van geloofshandelinge in so 'n snel veranderende en komplekse situasie, stel op sy beurt weer groot uitdagings aan die praktiese teologie. Want praktiese teologie bestudeer hierdie geloofshandelinge krities met die doel om 'n bydrae te lewer tot verbetering daarvan (vgl. Claessens en Van Tillo, 1990:32). Die Bybel is deurtrek van die liefde en die sorg van die Here, wat roep tot wederliefde en sorg vir mekaar. Dit kom duidelik tot uitdrukking in wat Firet noem "de parakletiese formule" by Paulus (Firet, 1974:95). Die Bybel gaan uit van die gedagte dat die mens sy broer se wagter is (Gen. 4:9) en dat 'n vader hom ontferm oor sy kinders (Ps. 103:13). Pastorale sorg is eenvoudig 'n liefdevolle aandag aan mekaar (vgl. Heitink, 1984:59), wat sy basis en oorsprong vind in die mens-wees van die mens en verder uitgewerk word in die amptelike weiding van die kudde (Ps. 23) en die amptlike opbou van die liggaam van Christus (Efes. 4). Die sorg en die liefde van die Here moet beantwoord word met wederliefde en met 'n God welbehaaglike lewe. Dit gaan in die lewe van die mens (die gelowige) om "vrug te dra" en "antwoord te gee" op die roepstem van die Here. Jesus se omgang met mense illustreer dit baie duidelik. Sy omgang met Saggeus (Luk. 19:1-10) en die Samaritaanse vrou (Joh. 4:1-42) is voorbeelde. In die gelykenisse vertel Jesus van die soeke na die verlorene (Luk. 15) en die versorgende optrede van die barmhartige samaritaan (Luk. 10:25-37). Behalwe dit, is die Skrif vol van werkwoorde wat dui op die pastorale werk wat gedoen moet word: parakalein, poimainein, episkopein, nouthetein, oikodomein, makrothymein, splangchnizesthai, soizein en therapeuein (vgl. Heitink, 1984:60). God sorg vir die mens in sy lewe en gebeure in die praktyk. Hy neem egter mense in sy diens om die sorg voort te sit, soos alreeds aangetoon is. Pastoraat kommunikeer die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge. Die pastorale gesprek werk aan die uitskakeling van lewensprobleme wat in die weg staan van God se sorg vir sy gelowige. Die pastorale gesprek dra dan as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie daartoe by dat die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede verkry, dit implementeer en uiteindelik goed versorgd lewe.

Pastoraat as hulpverlening omvat volgens Heitink (1984:80) "helen, bijstaan, begeleiden, verzoenen." Sy definisie maak die werk wat gedoen moet word baie duidelik: "onder pastoraat as hulpverlening verstaan wij, dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om - in het licht van het evangelie en in verbondenheid met de gemeente van Christus - met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen" (Heitink, 1984:75). Dit raak hoofsaaklik die predikant, die pastor, want hy is aan die gemeente van Christus amptelik verbonde. Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hul lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei en hulle lewens reg bestuur.

Wanneer pastoraat egter breër gesien word, dra die werk wat gedoen moet word 'n meer professionele beroepskarakter. Pastores verbonde aan hospitale, gevangnisse en inrigtings, is nie altyd deur middel van die amp aan 'n besondere gemeente verbonde nie. Die besoldiging en opdrag van sulke pastores is nie per se komende van die kerk (gemeente) nie. Hierdie pastores is voltyds in diens van hul werkgewer en verrig hulle taak ook nie noodwendig aan gelowige lidmate van 'n bepaalde kerk nie. Pastorale sorg lê in hierdie gevalle meer klem op die gemeenskap as op die gemeente. Heitink (1993:299) verwys na die professionele karakter van die pastorale beroep en noem dit "het beroepsmatige." Hy sê: "Pastor is een beroep, dat in onze tijd geconfronteerd is met de noodzaak van professionalisering." Die feit is egter dat wanneer gepraat word van professionele deskundigheid, gepraat word van 'n pastor. Iemand wat basies as teoloog (predikant) opgelei is. In die uitoefening van hierdie beroep, kom tot uitdrukking 'n hermeneutiese deskundigheid. Na my mening kan slegs iemand wat teologiese opleiding as basis het, werklik die werk doen. Binne die kerk is dit ampshalwe die predikant wat ook genoem word die herder en leraar of pastor van die gemeente. As herder, sorg hy vir die gelowiges en verrig hy die pastorale werk sodat God die mens in sy nood kan ontmoet. Wanneer so 'n opgeleide teoloog buite die kerk die professionele beroep beoefen, kan dit alleen geslaagd wees as dit steeds vashou aan die beginsels wat die Skrif stel vir pastorale versorging en die pastorale gesprek. Dit is nie net die kerk nie, maar ook die gemeenskap waarbinne die pastorale beroep beoefen word, wat staan in die teken van die koms van die koninkryk van God. Die kerk en die Woord het immers die blye boodskap van bevryding ook te spreek

teenoor die wêreld en die samelewing. Die gelowiges en die pastor het ook 'n roeping in hulle gemeenskap waarin hulle lewe. Dit skep dus ook 'n geleentheid vir evangelisasie of evangelisering van die gemeenskap. Dus kan daar gekwalifiseerde mense wees wat in die gemeenskap hulle professionele beroep beoefen, sonder dat hulle direk aan die kerk (gemeente) verbonde is. Hierdie nuwe tendens moet ons raaksien en aanvaar, mits pastoraat steeds gegrond is op wat die Skrif sê oor pastorale sorg. Steeds moet die ontmoeting met God in die praktyk van die mens se lewe plaasvind om werklik sinvol die eie lewe te kan praktiseer of te bestuur.

“People need sound values and meaning to be healthy. Growth toward Spirit-centred wholeness must include growth in life-guiding values and ethical commitments. The epidemic of moral confusion and value distortions in our society is the seedbed within which are bred many of the psychological, psychosomatic, inter-personal and spiritual problems that bring people to counseling and therapy. The wide spread collapse of old authority-centered and institutionally - validated value systems has left millions of people feeling as though they are drifting in mid-ocean in a small boat without a rudder, a compass, or a chart during a storm. Many who seek pastoral help with personal problems are suffering from distorted, immature and vacuous consciences. Often they are unaware of the ethical roots of their pain. In our society, ministers need to develop effective skills as guides to their people on their journey through complex and confusing ethical and value issues” (Clinebell, 1966:138).

In die post-moderne samelewing is daar groot probleme en hoë nood. Veral in Suid-Afrika is gemeenskapsnood hoog op die agenda. Wie moet die ontwortelde en ontnugterde mens van ons tyd bystaan en ondersteun? Die hegte band en die daadwerklike ondersteuning van hegte gesinne en hegte familiebande het grootliks weggeval. Die ondersteuning en bystand wat vroeër ervaar is van familie, vriende en bure wanneer krisisse beleef word, wanneer rouSMART ervaar word, wanneer ernstige siekte voorkom, wanneer fisiese nood ontstaan, bestaan eenvoudig nie meer by die verstedelike mens van vandag nie. Daarom soek die mens hulp by die dokter, die



sielkundige, die terapeut en die pastorale berader. In menige gevalle het eintlik net die pastor oorgebly om die mens te versorg en te ondersteun en te “counsel” in sy oomblik van nood. Die Spreukedigter sê in hoofstuk 11 vers 4: “As daar nie goeie oorleg is nie, val ’n volk; maar in die veelheid van raadgewers is redding.” Die Engelse vertaling lui: “Where there is no guidance, a people falls; but in an abundance of **counselors** there is safety.”

Die pastorale beroep gryp dus na binne (in die gemeente in) en ook na buite (in die samelewing in). Die werk wat gedoen word is werklik omvangryk en geweldig belangrik. Dit is en bly steeds koninkrykswerk en dit maak hierdie studie nog meer relevant.

“Pastoral care is a response to the need that everyone has for warmth, nurture, support and caring. This need is heightened during times of personal stress and social chaos. Pastoral counseling is a reparative expression of pastoral care, seeking to bring healing to those who are suffering from crisis - induced dysfunction and brokenness. Many who seek a pastor’s help are not part of any church or other caring community. They are the lonely and alienated in our society whose need for caring is acute. Less obvious, but often no less painful, are the needs of those ‘lost within themselves in our own congregations.’ Thus a congregation’s ministry of care and counseling have both an inreaching and outreaching mission to persons, wherever they may be in need. With indices of personal and social disorganization at an all time high, the need for this ministry has never been greater!” (Clinebell, 1966:46).

Dit is vir my baie duidelik dat die kerk deur pastorale sorg, ’n taak het teenoor die gelowige in sy kerk en in sy samelewing (veral in ons tyd!). Geloofshulp, lewenshulp en oorwinningshulp word aangebied. Egan (1990:5) het daarop gewys dat die worstelende mens, deur die pastorale gesprek in ’n beter posisie geplaas word om sy probleem-situasies te bestuur en om die onbenutte potensiaal en geleenthede van sy lewe, effektief in te span. Pastoraat is ’n amptelike kerklike handeling aan die gelowige en staan in diens van die evangelie, met die oog op die komende koninkryk van God.

Pastorale werk kan egter ook as professioneel beoefen word in die samelewing sonder dat daar 'n direkte verbondenheid aan die kerk of gemeente is.

Die taak wat vervul moet word is om die mens in nood, te midde van al sy probleme, die opgestane Verlosser, Jesus Christus te laat ontmoet. Hy is die Goeie Herder (Joh. 10) en hierdie uitspraak van Jesus, lê ten grondslag van alle pastorale sorg vir die mens. Die Woord, ja die vleesgeworde Woord word gebring na die mens in die praktyk van die lewe. In die opdrag van die Here om eers die koninkryk van God te soek, mag ontoereikende lewensbestuurspraktyke, hindernisse en onopgeloste probleme, nie in die weg van die gelowige staan nie. Pastorale werk het die emansipatoriese welsyn van mense tot God se eer in die oog. Die gelowiges vir wie Jesus sy lewe afgelê het, moet lewe en oorvloed hê (Joh. 10:10).

Prakties-teologiese antropologie het te doen met 'n mens met 'n lewensverhaal; 'n mens met 'n verlede, hede en toekoms. Die verlede van die mens word in die hede uitgeleef en is die padkaart vir die toekoms. (Understanding implies more than just knowing. One must understand what he knows).

Ware verstaan vra betrokkenheid en betrokkenheid lei tot ware verstaan. Verstaan is 'n narratiewe of verhalende proses wat eers in 'n gebeurtenis van betrokkenheid op dreef kom. 'n Pastor moet 'n aanvoeling en 'n bewondering hê vir die verhale van die lewe en hy moet veral in vervoering wees oor die verhaal van God met mense in hulle lewensgebeure. Op die vraag wat die sin van die lewe is, antwoord elkeen met 'n opsomming van sy eie lewensloop of lewensverhaal (Müller, 1996:25).

Die sin van die lewe kom uit jou eie lewensverhaal te vertel in die pastorale gesprek na vore. Pastorale betrokkenheid is die fasilitering van 'n betekenisvolle soeke na sin. Sin het te doen met 'n dinamiese, voortgaande rekonstruering van die lewensverhaal op so 'n wyse dat dit sin maak. Maak dit dan nie sin om ander lewensbestuursvaardighede, wat werk en voldoen aan die eise van Skrif, te soek nie? Dit het die pastorale gesprek ten doel. Die pastor se doel is om mense aan "the roads less travelled" voor te stel en dit skep geweldige uitdagings aan die pastoraat vandag



(vgl. Müller, 1996:28).

Verandering vind plaas daar waar narratiewe betrokkenheid ervaar word. Deur die vertel van die verhale wat ter sprake is en die uiteindelijke herinterpretasie en rekonstruksie van die kernverhaal, vind verandering plaas. Dit kan egter net binne 'n ruimte van pastorale betokkenheid gefasiliteer word. Verandering vind dus nie plaas deur 'n verandering in gedrag te maak nie, ook nie deur psigoanalities in die verlede te gaan rond delf, of deur oppervlakkige bekeringsbesluite te neem nie, maar deur 'n grondige herskryf van die lewensverhaal tot in sy kern. Om te verander moet daar 'n omkering plaasvind, 'n herontdekking van potensiaal wat al die tyd daar was, maar tydelik onderdruk en onbenut was (vgl. Müller, 1996:29). Dit is presies wat op die agenda van pastorale beraad verskyn. Saulus het eers Paulus geword, na sy hartgrondige bekering op die Damaskuspad. Thomas moes sy ongeloof in 'n ware geloof in die opgestane Christus omkeer.

Die mens kom in opstand teen sy huidige bestaan en veronderstel dusdoende 'n andersoortige bestaan waarvan hy net droom sonder om daarvan ervaring te hê. 'n Potensieël suksesvolle lewensbestuur word verlang. Die pastorant vra dikwels verander my, sonder dat dit vir my nodig is om te verander. 'n Ander lewensbestuur kan egter kom as die koninkryksperspektief deeglik besef word en in die pastorale gesprek, vertel word waar lewensbestuursvaardighede nie toereikend was nie.

Die genade van 'n verbondsbetrokke God wat ook 'n deelnemer is in pastoraat, moet na vore kom. God het 'n verhaal in die mens se verhaal. Dan eers vind daar ware pastorale ontmoeting plaas. Dit vorm die basis van die pastorale gesprek. Dit lei tot 'n soeke na verantwoorde lewensbestuur met 'n koninkryksperspektief en 'n eskatologiese verwagting, waar die mens volmaak voorgestel sal word (Joh. 17:23) en waar God alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28).

## **2.6 GOD KOM TOT DIE GELOWIGE IN SY WÊRELD DEUR DIE BEMIDDELENDE PASTORALE HANDELING VAN MENSE WAT DEUR DIE HEILIGE GEES IN SY WERK INGESKAKEL IS.**

Hierdie studie is daarop ingestel om die huidige werklikheid van gelowiges se geloofsverstaan en geloofshandeling empiries-wetenskaplik te help vasstel. Dit gaan om die kommunikasie van die evangelie in verskillende lewenssituasies waarby veral die pastorale gesprek bydra om verantwoorde lewensbestuursvaardighede te bekom, met die oog op die naderende koninkryk van God.

Wat ter sprake is, is die sin van ons handeling. Reeds is gesê dat ons handeling 'n aktiewe deelname is aan die handeling van God in die kommunikasie van die evangelie. Dit maak al ons pastorale handeling en ons pastoraat sinvol. As ons vra na die verhouding tussen die handeling van God en die handeling van mense in diens van die evangelie (vgl. Firet, 1977:159), is die sleutel tot die antwoord op die vraag, geleë in die werk van die Heilige Gees.

Die verhouding tussen christologie en pneumatologie in ons nadenke oor die realisering en effektuering van God se heil aan mense in hul wêreld, is 'n belangrike aspek van praktiese teologie (vgl. Pieterse en Vos, 1991:8-12). Onderskeid word gemaak tussen die **Gees as gawe aan Jesus** en die **Gees as gawe van Christus**. Die pneumatiese handeling tydens die verwekking van Jesus staan in diens van Christus (Matt. 1:18-25). Dwarsdeur die Messiaanse optrede van Jesus, bly die Heilige Gees by Hom totdat die Heilige Gees Jesus tot lewe wek deur die opstanding uit die dood te bewerk. Dit is die Gees as gawe aan Jesus. Onder die Gees as gawe van Christus verstaan ons dat na die hemelvaart van Jesus, die heil van Christus aan mense, deur die Heilige Gees bewerk word. In die werk van die Heilige Gees waardeur die heil in mense se lewens toegepas word via die kommunikasie van die evangelie, het ons met die praxis van God te doen (vgl. Joh. 15:26; Joh. 14:26; Joh. 16:13-15; Joh. 14:16). In die Gees het ons dus met God self te make. Daarom kan Firet, (1977:156) sê: "Die kerk weet in de Heilige Geest met God 'persoonlik' te doen te hebben, tot wie de mens in relatie staat van persoon tot persoon."

Praktiese teologie as handelingswetenskap word verstaan in die kom van God tot die post moderne gelowige in sy wêreld, waarin die praxis van God en die werklikheid gesien word. Deur middel van die pastorale optrede van mense (soos veral in die

pastorale gesprek) spreek God self deur sy Woord en sy Gees tot die worstelende mens. Die mens is geroep om sy lewe só te bestuur dat niks in die weg sal staan om die koninkryksdoel te bereik nie. Vir hierdie ideaal werk God bemiddellend deur die pastorale handeling van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel word. Jesus het sy lewe afgelê vir die skape (Johannes 10:11). Hy gee aan hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit sy hand ruk nie (Joh. 10:28). Nou leef ons in die tyd na die hemelvaart van Christus. Ons leef in die tyd van die Heilige Gees. Jesus sê: “Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel; van sonde omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is” (Joh. 16:7-11). In die hoëpriesterlike gebed van Jesus, bid Hy vir sy gelowiges: “En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in U naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos ons. Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in U Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word” (Joh. 17:11-12).

Deur die pastorale optrede van mense, spreek God self deur sy Woord en sy Gees tot die gelowige. Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geskied in die werklikheid van die leefwêreld van die gelowige. Vanuit die werklikheid en die praxis van God, word die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie verstaan. God openbaar Hom as die lewende en sprekende God. Die hoogtepunt van God se openbaring is die versoeningswerk van Jesus Christus. Die Heilige Gees vertolk die Skrif en die openbaring van God. God is vandag lewend en sprekend by die mens teenwoordig deur sy Woord en Gees. God neem vertolkers in diens sodat God spreek in ons midde. Só kom die vertolkers in die kragveld van die Heilige Gees te staan. Die Gees spreek egter die taal van die Skrif. Daarom lei die Gees die vertolker en die hoorder volgens God se beloftewoord. Deur die werk van die Heilige Gees ontvang

die mens verlossing deurdat die geloof in Christus in die mens gewek word. Deur die werk van die Gees vind die mens sy herstelde humanum (Louw, 1989:14). Gelowiges moet die lewenswerklikheid en hul konkrete situasie ken en verstaan om sinvol en effektief hul handeling binne en buite die kerk uit te voer. Dit impliseer 'n roepingsbewuste lewensbestuursverantwoordelikheid by die gelowige. Die Heilige Gees as Trooster vertolk die Woord van God in die praktyk van die lewe van die gelowige in die tyd na die hemelvaart van Christus. So kom God die mens ontmoet in sy wêreld en daaglikse worsteling. Ware verstaan vra betrokkenheid en betrokkenheid lei tot verstaan. Hier staan die pastorale gesprek in as werksmetode van die Heilige Gees. "De wijze van werken van die Heilige Geest is juist, dat Hij aan mensen bevoegdheid en kracht geeft als mens God te dienen in zijn komen. De Geest maakt het met bewustheid en overleg optreden niet overbodig, Hij maakt dat mogelijk, doordat Hij daartoe de mens de vrijheid en verantwoordelijkheid geeft" (Furet, 1977:175).

## **2.7 DIE HEILIGE GEES AS TROOSTER EN PASTOR.**

In Johannes 14:16-17 lees ons: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid; die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees." In die voorafgaande hoofstukke is aangetoon dat die Bybel genoeg gegewens openbaar oor die sorgsaamheid van Jesus en sy dissipels aan die gelowiges. Nou leef ons in die tyd van die Heilige Gees. Hy het gekom as soortgelyke "Versorger" en as Trooster van die gelowiges, as Jesus en sy dissipels. Daarom moet ons kennis neem van die lewendmakende en heiligmakende werk van die Heilige Gees. Ons lees in 1 Petrus 1:15-16: "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig." Sy werk en sy natuur is heilig. Die gelowige se roeping is om die koninkryk van God te soek. Hierdie doel het die gelowige altyd voor oë en daarom moet hy sy lewe dienooreenkomstig bestuur. Paulus skrywe aan die Tessalonisense "En mag Hy, die God van vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Hy wat julle roep is getrou; Hy sal dit ook

doen” (1 Tes. 5:23-24).

Pastorale werk het te doen met die vrugte van die Heilige Gees as fundamentele doelstellings in die groei en ontwikkeling van die gelowiges. Galasiërs 5:22-23 noem die vrugte van Gees op, “liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.” Al hierdie dinge word genoem die vrugte van die Heilige Gees. In die ontmoeting van God met die mens, bewerk die Heilige Gees hierdie dinge in ons. Die vrugte van die Heilige Gees sien God in ons as die resultaat van die werk van die Heilige Gees. Dit is baie belangrik dat pastorale werkers dit weet en altyd in gedagte hou, dat die Heilige Gees die enigste bron van werklike verandering in menselewens is. Hy alleen bring lewe in dooie sondaarsharte. Volgens Galasiërs 3:5 is dit God wat die Gees verleen en wat kragte onder die mense werk. In Handeling 2 vers 33 en vers 38 lees ons: “Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.” En Petrus sê vir hulle: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang.” Die Skrif openbaar aan ons al die gegewens wat ons nodig het om pastorale werk te verstaan en dit toe te pas deur andere te help om hulle lewens reg te bestuur. 2 Korintiërs 3:17-18 bevestig dit: “Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met ontsluerde gesig soos in ‘n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.”

Verandering is die werk van die Heilige Gees. In die kommunikatiewe pastorale handeling word die verandering bewerkstellig. Waar God die mens ontmoet en die mens God ontmoet, vind die verandering werklik plaas. Müller (1996:33 e.v.) sê: “In die pastorale proses is daar dus ‘n deelname deur alle betrokkenes en saam word daar ‘n nuwe realiteit gekonstrueer. Gesin én terapeut is betrokke by mekaar in die konstrueer van ‘n nuwe werklikheid. Daarom dat ‘n mens die pastorale situasie in die eerste plek as ‘n verhouding moet evalueer. Êrens aan die hart van dit waarmee ons besig is, lê nie die model en metodes wat ons gebruik nie, maar die verhouding wat

ons skep met die betrokkenes, en dit bepaal die aard van die nuwe realiteit wat gekonstrueer word.” Die pastor kan alleen help indien daar sprake is van ‘n empaties-betrokke verhouding. Dan kan daar verandering kom. Hierdie verandering vind slegs plaas onder leiding van die Heilige Gees in die kommunikatiewe handeling van die mens. Pieterse (1993:139) sê dat dit gaan “om die praxis van God wat deur die Gees geskied, maar waartoe die Gees mense gebruik om die evangelie te kommunikeer, en hierdie mense (alle gelowiges) deur hul vermoëns, persoonlikhede, redelikheid, kommunikasievaardighede en handelingskompetensie in vryheid en selfstandigheid optree in die geloof dat die Gees hul werk in diens neem. Ons gaan dus uit van die siening dat die Gees ruimte skep vir ‘n teonome wederkerigheid waarbinne die mens ‘n kreatiewe vryheid ontvang” (Van Ruler,1969:181).

Die Heilige Gees het gekom as Trooster. Die versorgingswerk wat by Jesus begin het en deur sy dissipels namens Hom voortgesit is, word nou in ons tyd deur die Heilige Gees tot werklikheid gebring. God kom dus steeds tot die mens in die werklikheid van sy lewe, maar nou deur die Heilige Gees. Hy as Trooster bly by ons en in ons, volgens Johannes 14:17. Hy is ons Trooster en ons Pastor na die hemelvaart van Christus en tot by sy wederkoms.

Die Heilige Gees neem mense in sy diens om sy heiligmakende en lewendmakende werk te doen (1 Petr. 1:15-16). In die sendingopdrag van Jesus, het Hy sy dissipels beveel om te wag op die uitstorting van die Heilige Gees, voordat sy werk voortgesit word (Hand. 1:4 en Hand. 2:1-13). Pastorale werk word dus nou gedoen omdat die Heilige Gees gekom het en ook aan pastores die krag gee om die gelowiges te versorg. Deur die pastorale handeling van mense wat deur die Heilige Gees by sy werk ingeskakel is, kom God tot die mens in sy worstelstryd. Pastorale sorg moet dus uitgeoefen word in harmonie met die werk van die Heilige Gees. Geen mens kan suksesvol lewe en die vrugte van Gees vertoon, sonder die Heilige Gees nie. Geen mens kan sy lewe innerlik verander sonder die inwerking van die Heilige Gees nie. Blywende verandering in die lewe van die mens vind alleen plaas deur die werk van die Heilige Gees. Pastorale werk het juis sodanige veranderinge in die mens se lewe op oog (Efesiërs 1:13-14). Pastoraat as professionele versorging is ‘n beplande

intrede in die lewe van mense wat hulle lewe nie bestuur met die oog op die koninkryk van God wat kom nie. In sulke lewens móét daar verandering kom.

Verandering is ook 'n narratiewe saak. Verandering vind plaas daar waar narratiewe betrokkenheid ervaar word (vgl. Müller, 1996:29). Deur die vertel van die verhale wat ter sprake is en die uiteindelijke herinterpretasie en rekonstruksie van die kernverhaal, vind verandering plaas. Verandering vind nie plaas deurdat die mens 'n paar gedragsskuiwe in sy lewe maak nie, of psigioanalties in sy verlede delf nie, of deur oppervlakkige bekeringsbesluite te neem nie, maar deur 'n grondige herskryf van die lewensverhaal tot in sy kern (vgl. Müller, 1996:29). Die Heilige Gees is in die lewensverhaal teenwoordig; ook in die ervaring en interpretering van dit wat met die mens gebeur en só vind werklike verandering plaas. Die pastorale gesprek dien om verheldering te bring, insig te verkry en probleme doeltreffend op te los.

Die Heilige Gees is 'n Persoon, nie 'n krag nie. Hy werk in volkome ooreenstemming en in harmonie met God se geopenbaarde wil. Bediening van die Woord en pastorale sorg aan die gelowige, berus nie by die herder en leraar nie, maar by die Heilige Gees. Herders en leraars staan slegs in diens van die Heilige Gees. 2 Timotius 3:16-17 sê: "Die hele Skrif is deur God ingegee (geïnspireer) en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot die teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." Pastoraat staan slegs in diens van die Heilige Gees. Deur sy werk heen sit Hy ons aan die werk. Ons diens met al sy skakeringe word 'n pastoraat in aksie tot versorging, heil en bevryding.

Om te soek na die koninkryk van God deur Jesus Christus, is die primêre doel van die gelowige. Om dit te kan doen en dus die lewe sodanig reg te bestuur, is alleen moontlik deur die werk van die Heilige Gees (Joh. 16:17). Die Heilige Gees maak die gelowige volkome toegerus vir elke goeie werk (1 Tim. 3:17). In Galasiërs 5:18 staan: "Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie." Daarom is al die pastorale werk wat gedoen word, onderhewig en ondergeskik aan die werk van die Heilige Gees. "En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die



Heilige Gees” (Rom. 15:13). Paulus staan in diens van die evangelie van Christus en word betrek of in diens geneem by die heiligmakende en lewendmakende werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is ons Trooster en Pastor en in sy werk, kom God tot die gelowige in sy wêreld en konkrete gebeure. God het in Christus ingegryp om die loop van die wêreld te verander en sy kinders te verlos en te behou vir die koninkryk. God gryp nou in die lewe van die gelowiges in deur die werk van die Heilige Gees om menseleuens te verander met die oog op die koms van sy koninkryk. Ons leer in die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30) dat die handelende God, mense vertrou en in sy diens neem om namens Hom handelend op te tree. **In pastoraat is die Trooster, die groot Pastor teenwoordig en omdat Hy daar is, vind daar verandering in mense se lewens plaas.** Die Heilige Gees is teenwoordig in elke pastorale gesprek. Daar kom bevryding van probleme sodat die gelowige weer op die weg van die koninkryk geplaas word en sy lewe dienooreenkomstig sinvol bestuur.

De Jongh van Arkel (1987:5) sê: “Practical Theology as a theological subject goes beyond the narrow definition of christian theology as the study of the revelation of God in Jesus Christ” (König, 1982:17). “Not only the **knowledge** of God but also the **knowing** is within the scope of Practical Theology” (Pieterse, 1986:2). “It is this dynamic process of the communication of faith and of believing in which we are interested. It is not only the actions of humans which are at stake, but the action of God, who, by the way of official ministry as intermediary, comes to people in His word” (Firet, 1986:15). Die groot dae van God in sy kom na die mens moet raakgesien en verstaan word. Die gelowige moet dit daadwerklik beleef dat die groot Pastor en ons Trooster besig is om innerlike veranderinge in sy lewe te bring deur ‘n rekonstruksie en herinterpretasie van die lewensgebeure. Pastorale sorg en veral die pastorale gesprek moet hiervan deeglik kennis neem. Daar is geen pastoraat sonder die Heilige Gees moontlik nie. In die vertel van die verhaal oor die verhaal van die mens, is die Heilige Gees teenwoordig. Só ontmoet die mens God in die narratiewe aspek van die pastoraat. Só ontvou die sin van die lewe voor die mens wat sy verhaal onder leiding van die Heilige Gees vertel (vgl. Müller, 1996:26 e.v.).

Die pastorale gesprek neem die pastor in die probleme en interpersoonlike spanninge



van die mens in. Daar word 'n diagnose gedoen. Op professionele wyse word vasgestel wat in die weg staan van sy verantwoorde selfbestuur van die lewe. Die lig van die evangelie val oor wat gediagnoseer word omdat dit rigtinggewend is vir die lewe van die gelowige. Die Woord en die Gees werk in menseharte tot berou, bekering, inkeer, verandering en 'n lewe voortaan met die Skrif as norm en die Heilige Gees as Trooster en Pastor en begeleier. Daarom is die handeling van mense (pastores) ondergeskik aan die handeling van die Heilige Gees. God kom in die handeling van mense tot die mens wat worstel in sy nood; wat gebeurtenisse as onaanvaarbaar ervaar en ook 'n moeilike interpretasie van die lewensgebeure ondervind. Die gelowige moet die lewe op sinvolle wyse ervaar om te verseker dat hy sy lewe doeltreffend bestuur.

Kenneth Leech verklaar: "Max Thurian's definition is a useful starting point. 'Spiritual direction or the cure of souls, is a seeking after the leading of the Holy Spirit in a given psychological and spiritual situation.' Here the stress is on seeking, and the seeking is mutual. The director, and he who is being directed, are both seekers: they are both part of a spiritual direction, a current of spirituality, a divine-human process of relationship. 'Spirituality' and 'Spiritual life' are not religious departments, walled-off areas of life. Rather the spiritual life is the life of the whole person directed towards God. A spiritual guide is thus the encounter with God, the process by which the human community and the individual human are made one with the divine. The shepherd is involved with the flock and this social dimension of spirituality is of crucial importance. The Christian is not seeking a solitary walk with God, a private mystical trip, a flight of the alone to the Alone. He is involved in a corporate search for humanity, renewal, the Kingdom of God, the transformed cosmos, the body of Christ .... the great masters of the spiritual life in almost all traditions are one in warning of the dangers of the spiritual ego - trip, the search for enlightenment which ignores .... the human community, the demands of justice and peace" (Clinebell, 1966:114).

Die werk van die Heilige Gees in die verandering van mense se lewens is die basis van

ons pastoraat. William A Barry verklaar onomwonde: "Spiritual direction is a form of pastoral counselling, indeed a form that should be the core from which all other forms of pastoral counselling radiate" (1977:4). Hy sê: "People will expect that pastoral counsellors will be able to help them not only with their marital problems, their vocational questions, and their grief but also, most especially, with their search for meaning, their search for God. The heart of pastoral care and counselling for people in our times, therefore, may be to help them find their rock, help to hear the rumour of angels and to decide in faith whether the rumour is of angels or not, help to centre their lives in the mystery we call God. If pastoral counsellors cannot offer such help, their clients may ultimately feel they have been offered a stone instead of bread."

Die geestelike leiding wat die pastor in sy pastorale versorging en pastorale gesprek gee, is begrond in die teenwoordigheid en die werking van die Heilige Gees. Aangesien geestelike groei die uiteindelijke doel van pastorale sorg en die pastorale gesprek is, moet die innerlike verandering wat in die mens plaasvind, deur die Heilige Gees gedoen word. Hy is ons Trooster en ons Pastor wat die gevalle mens weer die vrugte van die Heilige Gees laat vertoon. Jesus het in sy hoëpriesterlike gebed gebid dat hulle bewaar word "wat U my gegee het, sodat hulle een kan wees net soos ons" (Joh. 17:11). Die Heilige Gees neem mense in sy diens omdat die Trooster in die gelowiges teenwoordig wil wees (Joh. 14:16). Die Heilige Gees woon in die mens en kan dus nie uitgesluit wees in die gesprek met die mens (pastorale gesprek) of die sorg aan die mens (pastorale versorging) nie. Sowel die pastor as die persoon wat pastorale hulp en sorg ontvang, moet op soek wees na die leiding van die Heilige Gees in hulle handeling. Die koninkryksperspektief wat in die pastoraat hoofsaak is, realiseer slegs in die werk wat die Heilige Gees in mense doen. Dit geld nie net die lewe van die gelowiges nie, maar ook alle mense in die samelewing. Alhoewel baie mense vandag nie meer so erg bewus wil wees daarvan dat die kerk in die samelewing nog teenwoordig is nie en dat gelowiges 'n roeping in die samelewing het nie, kan geen verandering plaasvind sonder die werk van die Heilige Gees nie. Nie net in pastorale werk nie, maar ook in evangelisasiewerk, geld dit. Evangelisasiewerk word meermale gesien as pastorale sorg/hulp in die breë samelewing, waar ook gesoek word na die verlore/verdwaalde skaap. Sommige mense (en dan vroeër gemeentelede) het

heeltemal die koninkryksperspektief verloor en bestuur hulle lewe sodanig dat hulle nie meer as “kerkmense of gelowiges” herkenbaar is nie. Kerklike statistiek oor die afgelope paar jaar, onderstreep hierdie onrusbarende tendens van die afval van die kerk. Die kerk het hier ‘n roeping te vervul. In die pastorale gesprek met die ontwortelde kerklose en kerklose mens, kan die Heilige Gees ook sy werk doen in die lewe van die weggedwaaldes en positiewe verandering bring.

“Moderniteit, als resultaat van het moderniseringsproses dat zich in de Westerse sameleving voltrokken heeft, is een uitermate breed en complex verschijnsel. Bij alle goeds dat het moderne denken en de moderne samenleving gebracht hebben, kan niet worden ontkend dat de Christelijke kerk, als traderende gemeenschap, hierdoor in onze tijd voor grote en bijkans onoplosbare problemen wordt gesteld” (Heitink, 1993,28).

In die post moderne tyd val die klem minder op die gemeenskapslewe en meer op die individuele mens. Subjektivering en individualisering word baie duidelik onderskei. Die individu is ouer as die subjek. Die mens het homself ontworstel van die kollektiewe en ‘n enkeling geword. In ons tyd is die individu maar op homself aangewese om deur sy persoonlike lewensbestuur, staande te probeer bly. Die mens as subjek soek na die waarheid van die lewe deur geestelik op sy eie bene te probeer staan. Sy subjektiewe ervaring het belangriker geword as sy sogenaamde objektiewe vasstaan. “Het gaat hier om een verandering van die bewustzijnsvormen van de mensen, waardoor zij de saken om zich heen anders waarnemen, waardoor zij ook anders met waarden en waarheden omgaan” (Dekker, 1987:117). Die vraag kan dan gevra word of daar nog plek is vir die Pastor (die Heilige Gees) en die pastor (amptelike kerklike versorger)! “In onze tijd behoort subjectivering tot het bewustzijn van vrijwel ieder individu. In deze verbinding heeft individualisme vaak een negatiewe bijklank. Men ziet hierin de mens, die alleen maar met zichzelf bezig is en ten diepste aan zichzelf genoeg heeft. Het ik-gevoel verdringt het wij-gevoel. Het proces van individualisering kan echter ook positief geduid worden, omdat individuatie zich altijd voltrekt langs de weg van participatie. De mens die echt zichzelf kan zijn, is de mens die leeft in een open relatie met anderen” (Heitink, 1993:40). Daarom word praktiese

teologie ook dan verstaan as 'n teologie van die subjek. Die dimensie van die werk van die Heilige Gees binne 'n handelingsteoretiese opvatting van die praktiese teologie is dus geregverdig. Hy is ons Trooster en Pastor.

Niemand kan ooit die transformasie of die veranderinge wat die Heilige Gees bring, in pastoraat en in die praktiese teologie ontken nie. Die Heilige Gees werk bekering en bekering is alreeds 'n verandering in die gedagtes en lewensuitkyk van die mens om tot geloof in Jesus Christus te kom. Die Heilige Gees maak die mens voortdurend bewus van sy Godgegewe roeping om die koninkryk van God te soek. Die Heilige Gees laat ons God dien soos dit hoort en laat ons afsien van ons eie gedagtes van diensbaarheid. Hy leer ons geskikte lewensbestuursvaardighede met die oog op die komende koninkryk.

## **2.8 DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE PASTORALE PRAKTYK.**

"Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?" (1 Kor. 3:16).

"Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltmal vir Homself wil hê?" (Jak. 4:5).

Die Heilige Gees is daarom oral en altyd teenwoordig. Hy is teenwoordig in die praktyk van die lewe van die mens (gelowige), elke oomblik. Dit is juis een van die doelstellings van die pastorale gesprek, om die gelowige in sy oomblik van twyfel of krisis of nood, te verseker van die nabyheid en teenwoordigheid en troosvolle werking van die Heilige Gees, ook in die praktyk van sy eie lewe. Ons lees in Johannes 6:63 "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe."

In die pastorale praktyk is die werk van die Heilige Gees onontbeerlik: "Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God

woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vrypraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon” (Rom. 8:9-11). Ons moet daarvan altyd bewus wees dat die Heilige Gees in die gelowige woon en werk. Die praktyk van ons pastorale sorg en pastorale gesprek moet in harmonie hiermee plaasvind sodat God, deur die bemiddelende handeling van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel word, kan kom tot die mens in nood. In die pastorale gesprek word die gebeure, belewenisse en interpretasies verhaal. Die Heilige Gees wat in ons woon en dus die “gebeure” meegemaak het, kan nie nou uitgesluit word nie. Sy werk is juis om aan ons die regte insigte te verleen sodat ons kan verstaan wat met ons gebeur. Praktiese teologie is ‘n handelingswetenskap, waar die kom van God tot die mens in die praktyk verstaan word. Deur die werk van die Heilige Gees wat nou (na die uitstorting van die Heilige Gees en die hemelvaart van Christus) in die mens woon, kom God tot die mens in die praktiese gebeure van sy lewe. Daar bring die Heilige Gees verandering met die oog op die koninkryk van God.

“Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook” (Rom. 8:22-23). Die mens is in hierdie sugte ingesluit as gevolg van die sondeval en die gebrokenheid van die wêreld en die onvolmaaktheid in menslike lewensbestuur. Dit is waarom pastoraat gedoen moet word. Die mens is vervreem van God en dit maak hom skuldig voel en maak hom korrup in al sy verhoudings. Die mens oortree die verordeninge van God en dit bring meer ellende en skuldgevoelens vir hom.

Dit is die rede waarom daar in die moderne tyd soveel probleme is by die mens. Probleme is nie maar alledaagse verskynsels nie. Probleme vloei voort uit die sondeval in die paradys waar die mens die vermoë verloor het om reg te lewe en sy lewe te bestuur soos God wil. Pastors sal daarom die oorsprong van probleme moet

onderken en verstaan om dan by wyse van die pastorale gesprek aan die sake aandag te gee. Die vernuwing wat daar in die mens moet plaasvind sodat hy sy lewe voortaan reg sal bestuur, vind plaas deur die werking van die Heilige Gees. Hierin lê die groot uitdaging aan pastoraat om die gelowige gefundeerde en verantwoorde lewensbestuursvaardighede te laat bekom.

Deur pastoraat word aan hierdie sake aandag gegee sodat 'n lewe deur die Gees gelei kan word waarvan ons lees in Romeine 8:1-2: "Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood." In pastoraat maak ons gebruik van 'n probleem-geörienteerde benadering wat kyk na die mens se probleem in die lig van God se verklaring waarom die probleem bestaan. Die vraag word gevra: waarom kom daar probleme voor in die persoonlike lewensbestuur van die mens en in sy soeke na die koninkryk van God? God verduidelik in sy Woord, dat die mens van nature in opstand is teen God se wil. Die mens het die verhouding met God verbreek en daarmee al die ellende van die lewe oor hom gebring. Deur die werking van die Heilige Gees word hierdie mens 'n nuwe mens. "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Kor. 5:17). Dit is die doel van pastoraat om die oue, skadelike en ondoeltreffende lewensbestuur en lewenspraktyk, te laat verander in 'n lewe wat bestuur word volgens Skrif-gefundeerde beginsels. Die Heilige Gees laat die gelowige ontslae raak van die ou mens met sy ou metodes van die bestuur van sy lewe, wat uiteindelik sou lei tot die ewige dood. Die Heilige Gees laat die gelowige hom met die nuwe mens beklee wat op Bybelse voetspoor, sy lewe met sukses bestuur en wat uitloop op die lewe in die koninkryk van God. Dit op sigself is ook een van die geloofshandelinge van die gelowige in die praktyk van sy lewe.

Pastores moet die werk van die Heilige Gees in die pastorale praktyk erken. Sielkundig, is verandering baie moeilik. Verandering beteken die loslaat van gevestigde gebruike en gewoontes. Verandering beteken dat jy nou met iets nuuts moet begin, wat vroeër onbekend was. Jy begin om die "less travelled roads" te bewandel. Die mens is sielkundig bang vir die onbekende. Verandering hou vir die

mens bedreiging in. Pastoraat sit die lewendmakende en heiligmakende werk van die Heilige Gees voort deur die verandering van doelstellings by die mens te bewerk deur interpretasie en her-interpretasie van die lewensverhaal. Pastoraat bring die koninkryksperspektief weer in fokus. Pastoraat verbeter die lewensbestuursvaardighede van die mens sodat hy sy lewe bestuur soos God in sy Woord eis. Hierdie nuwe of ander bestuursvaardighede stem ooreen met die eise van die veranderde post moderne samelewing wat deur die pastor geken en verstaan en bestudeer moet word. Wie kan die veranderinge wat die Heilige Gees in die pastorale praktyk bring, ontken? In Hebreërs 2:10-11 lees ons: "God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie as sy kinders tot heerlikheid lei. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur die lyding heen tot volmaaktheid sou bring. Hy wat heilig maak sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader." Lees weer Johannes 6:63: "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe."

## **2.9 DIE PASTOR IN DIENS VAN DIE HEILIGE GEES.**

Pastorale werk in al sy fasette is die werk van die Heilige Gees en pastorale werkers is alleen maar medewerkers wat deur die Heilige Gees in sy diens geneem word. Geen verandering is moontlik in die lewe van die mens, sonder die lewendmakende en heiligmakende werk van die Heilige Gees nie. "Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin, wil julle nou in eie krag eindig? Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?" (Gal. 3:2-6). Daar is geen pastorale werk sonder die Heilige Gees moontlik nie.

Die werk van die Heilige Gees in die pastorale praktyk, waarborg die vrugte van die Gees in die mens wie se lewe deur pastoraat verander is.



“The Holy Spirit ordinarily effects his characterological work in the lives of believers through the means of grace. He uses the ministry of the Word, the sacraments, prayer and the fellowship of God’s people as the principal vehicle through which he brings about such changes. How can counselling that is removed from the means of grace expect to effect the permanent changes that come only by growth in grace? The inconsistency and tension of this problem is felt by nearly every conservative minister at some time or another. But fear and uncertainty (growing out of mental health propaganda), frustration (at not knowing how to handle complex problems), or simple acquiescence in referral as an easy way out, often win out. It is time to reexamine our stance as Christians, and the most important factor in that reexamination should be an honest consideration of the place of the Holy Spirit in counselling” (Adams, 1970:21).

God kom tot die gelowige in sy wêreld deur die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel word. Die Heilige Gees is God met ons en in ons. Die werk van die pastor berus nie by homself nie, maar by die Heilige Gees. In die pastorale praktyk wat hy beoefen moet die pastor die werk van die Heilige Gees ten volle in ag neem. Selfs sy werk as pastor, is ‘n gawe van die Heilige Gees. Van hierdie gawe word gepraat in Efesiërs 4:7-13. Adams (1970:24) sê: “The fact of the Holy Spirit in counselling, therefore, implies the presence of the Holy Scriptures as well.” In Romeine 15:13 lees ons: “Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!” God is deur sy Woord en Gees teenwoordig by die mens veral wanneer hy in die pastorale gesprek die verhaal in sy lewensverhaal vertel. Die mens vertel sy verhaal onder leiding van die Heilige Gees wat daaraan sin en betekenis gee.

In die narratiewe (verhalende of vertellende) benadering gaan dit ook en veral oor God se verhaal. Daardie verhaal word eers deur die Heilige Gees vir ons werklik ontvou. Met die ontvouing blyk dit dat God tot die mens kom in die praktyk van sy lewe. God is nie ‘n God van afstand wat buite die gebeure, ervarings, belewenisse en



interpretasies van die mens staan nie. God is betrokke. Deur 'n pneumatiese invalshoek word ons gehelp tot 'n meer werklikheidsnabye teologie (Heitink, 1994:520).

Om aan die uitdaging aan die pastoraat vandag met die oog op die verwerwing van verantwoorde lewensbestuursvaardighede gevolg te gee, is dit uiters noodsaaklik om die werk van die Heilige Gees in die pastorale praktyk te verstaan. "God kom tot mense in hul wêreld in sy Woord deur die intermediêre, die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Gees ingeskakel word in sy werk" (Pieterse, 1993:5). Praktiese teologie as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, staan in diens van die kommunikasie tussen God en mens binne die huidige geloofspraktyk. Soos wat Jesus sy dissiples in die wêreld ingestuur het sodat die mens God kon ontmoet, gebruik die Heilige Gees vandag mense (pastores) om deur bemiddellende pastorale handeling, sy lewendmakende en heiligmakende werk voort te sit. Pastoraat staan dus in diens van die Heilige Gees totdat die koninkryk kom. Die pastor staan in diens van die Heilige Gees, waarsonder die werk nie gedoen kan word nie.

## **2.10 SAMEVATTING.**

Om die huidige werklikheid van die gelowiges se geloofshandeling en geloofsverstaan vas te stel, is dit nodig om die kommunikasie van die evangelie in verskillende lewenssituasies na te speur. Vir die praktiese teologie en veral vir pastoraat, is dit nodig om die ontmoeting van God met die mens in die praktyk van die lewe raak te sien. God kom tot die post moderne mens in sy wêreld deur die bemiddelende pastorale handeling van mense wat deur die Heilige Gees in sy diens ingeskakel word. Na die hemelvaart van Christus, het die Heilige Gees as Trooster en Pastor gekom. Die Heilige Gees werk nou in die pastorale praktyk. Geen pastorale werk kan sonder die Heilige Gees gedoen word nie. Omdat die Heilige Gees in die gelowige woon, kan Hy in die pastorale gesprek, nie uitgeskakel word nie. Alle vorme van pastorale werk is ondergeskik aan die kragtige werk van die Heilige Gees. Dit is die grondpilaar van die praktiese teologie en die pastorale sorg, dat die Heilige Gees die werk van God doen deur die handelende optrede van mense. Dit onderstreep die relevansie van hierdie studie binne die praktiese teologie, want "Dit

is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe,” verklaar Jesus self in Johannes 6:63.

Hier lê die sukses van die pastoraat in die praktyk. Die vrugte van die Heilige Gees kan weer vertoon word. Die verdwaalde kan weer teruggebring word. Die gelowige kan weer op die pad na die koninkryk teruggeplaas word. Pastoraat kan aan die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede laat bekom. Pastoraat rus op God se kom na die mens deur sy Woord en sy Gees in die praktyk van sy lewe in die kerk en in die samelewing. Pastores staan só in diens van God met die oog op sy koninkryk; in diens van Christus om die evangelie van verlossing en bevryding te laat hoor; in diens van die Heilige Gees wat mense lewend maak en heilig maak, tot eer en verheerliking van God. Die opdrag aan pastores om aan die skape weiding en leiding te verskaf (Joh. 21:15-17) staan vas. Die gelowiges word opgeroep tot 'n veranderende lewenswandel in die Gees: “Julle moet die liefde nastreef. Lê julle toe op die gawes van die Gees, maar veral daarop om God se boodskap te verkondig” (1 Kor. 14:1).

Basies is alle pastorale handeling, die handeling van God in Christus Jesus deur die Woord en die Gees. Hierdie studie wil daartoe bydra dat deur die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies en met verskillende handeling soos veral die pastorale gesprek, die gelowige Skriftuurlik verantwoorde lewensbestuursvaardighede bekom, onder leiding van die Heilige Gees. Dit is die uitdaging wat daar vandag aan die pastoraat gestel word.

# HOOFSTUK 3

## SKRIFVERANTWOORDE LEWENSBESTUURSWAARDIGHEDE.

### 3.1 INLEIDING.

Die veranderde en veranderende omstandighede van die huidige samelewing vereis dat die gelowige 'n ander verstaan en 'n ander benadering tot kerk en samelewing sal volg. Kerk en samelewing het ander en nuwe dimensies bygekry wat in die praktiese teologie bestudeer moet word en in die pastorale teologie nader uitgewerk moet word.

In hierdie studie gaan dit om die kommunikasie van die evangelie in verskillende praktiese situasies aan die gelowige. Die vraag wat beantwoord moet word is of pastoraat kan bydra sodat die gelowige Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede kan bekom. Ons het bevind en dit ook aangetoon, dat God self deur sy Woord en Gees tot die gelowige spreek, deur die bemiddelende optrede van mense wat God daarvoor roep en ook bekwaam maak. In die post moderne samelewing is die gelowige aan geweldige eise blootgestel wat verskeie probleme na vore bring wat deur pastoraat aangespreek moet word. Die huidige samelewing vereis dat die gelowige sy lewe anders benader en bestuur, ten einde die baie probleme wat daar vandag is uit die weg te ruim. Persoonlike lewensbestuur is een van die geloofshandeling van die mens. Praktiese teologie is 'n woord oor die geloofshandeling van die mens in die praktyk van die lewe. Dit is belangrik dat die Woord van God by die mens in die praktyk van sy lewe uitkom. Daar waar die gelowige worstel in sy nood en twyfel, met skuldgevoelens of probleme. Daar waar hy onbeantwoorde geloofsvrae het of nog worstel met ander maatskaplike probleme van ernstige aard. Jonker sê dat in pastorale werk dit gaan "om die openbaring van God in Christus soos dit in die Heilige Skrif betuig word en deur die Woord en Gees van God in die lewens van mense verstaan word en betekenis kry" (Jonker, 1981:41).

Praktiese teologie is gerig op die praktyk in soverre dit te maak het met die

geloofshandeling van die mens. Pastoraat spreek dié dinge aan in die praktyk van die lewe wat struikelblokke is in die weg van sy soeke na die koninkryk van God. Dit is die probleme van die lewe wat veroorsaak dat die mens sy lewe onsuksesvol bestuur. Paulus stel dit in woorde: “Wat ek bedoel, is dit: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie. Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. Maar as julle julle deur die Gees laat lei staan julle nie meer onder die wet nie” (Gal. 5:16-18).

Die Woord van God moet tot die mens kom in die praktyk van sy lewe. Hy moet sy lewe bestuur in ooreenstemming met die geopenbaarde wil van God. Hierdie lewensbestuur beskryf Paulus in Romeine 8:5 e.v. “Die wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar die wat hulle lewe deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. Die wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. Daarom dan, broers, staan ons onder ‘n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees ‘n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.” Daar is dus net twee moontlikhede: ‘n lewe wat volgens die sondige natuur van die mens bestuur word, of ‘n lewe wat deur die Gees beheer word en bestuur word volgens die wil van God. Pastoraat het laasgenoemde as opdrag. Pastores word deur die Heilige Gees in diens geneem om bemiddelend God se koms na die mens te realiseer en het die opdrag om aan die gelowiges ook Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede te laat bekom.

### **3.2 SKRIFGEBRUIK IN PASTORALE HANDELINGE.**

Dit is tot sover op ekstensiewe wyse in hierdie studie aangetoon, dat alle pastorale werk gegrond is op die Heilige Skrif. Die pastorale handeling van mense (pastores) kan hoegenaamd nie betekenisvol wees, sonder die Woord van God nie. De Klerk

(1978:21) sê: "Dit is duidelik dat die herderlike sorg in die lyn van die Skrif en van die Reformatoriese denke dan ook as kern het die bediening van die Woord aan die enkeling alleen, of aan die enkeling in die gesinsverband." Heitink noem in die verband die pastoraat as verkondiging van die evangelie (1977:136). Müller stel dit baie duidelik, dat die spesifieke van die pastorale sorg juis daarin lê dat die Skrif in die pastorale situasie die sentrale inhoud van die gesprek is (1981:11). God kom die mens ontmoet in sy lewensgebeure. God doen dit deur sy Woord en die kragtige werking van die Heilige Gees. Sonder die Woord van God kan pastorale handeling nie betekenisvol plaasvind nie. Sonder die Heilige Gees kan pastoraat nie bydra dat die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede bekom nie.

Dit is belangrik om te weet dat die pastor se Skrifbeskouing sy Skrifgebruik beïnvloed. Onder Skrifbeskouing word die volgende ingesluit: inspirasie, historisiteit, gesag, betroubaarheid, genoegsaamheid en duidelikheid van die Skrif; die verhouding tussen die Skrif en die Heilige Gees; die verband tussen die Woord van God en die Skrif, asook die uitleg van die Skrif (vgl. Heyns, 1976). Die pastoraatsbeskouing van die pastor is ook belangrik. Op die terrein van pastorale sorg het oor die afgelope vyftig jaar talle ontwikkelinge plaasgevind. Die ontwikkelinge hang veral saam met die invloed van die psigologie op teologie. Louw (1984:9) skrywe: "Die dilemma in die teologie van die pastoraat is 'n teologiese probleem. Die opkoms van beraad, selfaktualisering en empatie het nie alleen 'n metodiese vraagstuk geskep nie, maar ook 'n hernude vraag na die teologiese fundering en inhoudelike dimensie van die pastoraat." Die pastor sal hom dus self moet vergewis van die verskillende strominge in die pastoraat, sodat hy 'n verantwoorde pastoraatsbeskouing sal hê.

Die gebruik van die Skrif in pastorale sorg word bepaal deur die pastorale praktyk. Veral drie belangrike strominge word hier aangedui:

1. Die kerugmatiese benadering.
2. Die eduktiewe benadering.
3. Die noutetiese benadering.

Thurneysen word as die vernaamste verteenwoordiger van die kerugmatiese benadering beskou. Pastorale sorg word gesien as die verkondiging van die Woord van God aan die enkeling in die vorm van 'n gesprek en die inhoud daarvan is die vergewing van sondes. Die klem val dus op die kerugmatiese. Hiervolgens moet die Skrif gebruik word om aan die mens te toon dat sy probleme veroorsaak word deur sonde en ongeloof. Deur die werk van die Heilige Gees, moet die mens van ongeloof gebring word tot geloof. Die kerugmatiese standpunt maak erns met Skrifgebruik in die pastorale handeling, sodat God die mens in die praktyk van sy lewe kan ontmoet. Daar moet egter gewaak word teen die homiletisering van die pastoraat en monologisering, waardeur die Skrif alleen by wyse van die predikant/pastor spreek. Pastorale sorg is ook nie net beperk tot sonde en ongeloof nie.

By die eduktiewe benadering, wat in Amerika ontstaan het, word die Skrif nie as afgesluit gesien nie. "Die teologie is nie alleen op die openbaring in die Skrif, soos dit dan telkens weer opnuut verklaar word, aangewys nie, maar daar is ook nog steeds 'die lewende menslike dokumente' waarmee rekening gehou moet word" (De Klerk, 1978:38). Hierdie benadering het gegroei uit die liberale teologie en is sterk beïnvloed deur die psigologie. Anton Boisen, S Hiltner en Howard Clinebell is belangrike verteenwoordigers van die eduktiewe benadering. Kommunikasie vorm die sentrale tema in die tussenmenslike verhoudings. Hierdeur word die mens en sy situasie reg gesien, maar die gevaar bestaan dat die Skrif op die agtergrond geskuif kan word. De Klerk (1978:41) toon aan dat hierdie benadering pastoraat en psigoterapie aan mekaar verbind. Dit lei tot 'n versekularisering van die pastorale teologie en 'n funksionalisering daarvan volgens die psigoterapeutiese model. Op die wyse verloor die pastoraat sy teologiese karakter en het dit 'n invloed op die gebruik van die Skrif in pastorale sorg. Hierdie eduktiewe benadering verloor ook die amptelike aard van die gespreksontmoeting en die verkondigingsaspek verloor sy identiteit as gevolg daarvan dat 'n kliënt-gesentreerde, non-direktiewe benadering gevolg word. Die groot gevaar van die eduktiewe benadering is dat teologiese inhoudes verpsigologiseer word. Die gevolg daarvan is dat verlossing bloot bevryding of terapeutese genesing is (Louw, 1974:11). Die Skrif word dus op die agtergrond geskuif en word bloot as 'n godsdienstige bron gesien wat as hulp bykom in die pastorale

proses.

Die noutetiese benadering (waarvan J Adams die belangrikste verteenwoordiger is), lê klem op vermaning. Volgens Smuts (1980:51) en Carter (1975;143-155) is daar drie basiese elemente in die noutetiese benadering:

1. Die fundamentele doel is om persoonlikheids- en gedragsverandering te bewerkstellig. Die verkeerde in die persoon moet gekonfronteer word.
2. Die metode wat gebruik word, is die van verbale konfrontasie.
3. Die mikpunt is die welsyn van die persoon.

Daar bestaan dus 'n sekere problematiek in die pastorale teologie rondom die Skrifgebruik in die pastorale handeling. Die reeds problematiese Skrifgebruik in pastorale handeling, word verdiep deur die proses van sekularisasie. Hier aan die begin van die een-en-twintigste eeu besef mens eers werklik hoe geweldig die wêreld verander het. "Die groot aandag wat in ons dag aan die probleme van die sielsorg gegee word, hang ten nouste saam met die gekompliseerde en beangste verskynsel van sekularisasie. Hierdie ontsaglike beweging van emansipasie van alle lewensterreine van die gesag van God en van die kerk, gepaardgaande met die ontwikkeling van 'n moderne samelewing wat beheers word deur die groot onpersoonlike magte van ideologie en tegnologie, het die sielsorg van ons tyd voor ingrypende probleme geplaas" (Smuts,1962:5). Ook die Skrifgebruik in pastorale handeling is hierdeur beïnvloed. In 'n tyd waarin die aanspraak van God op die mens ontken word, waarin die outonomie van die mens beklemtoon word, is dit al moeiliker om die evangelieboodskap te laat weerklink. Die probleem is, hoe gebruik jy die Skrif onder godsdienstlose mense! Dit word al moeiliker om die evangelie oor te dra aan die post moderne, mondige, gesekulariseerde mens wat a-godsdienstig geword het.

Hierdie studie wil aantoon dat sinvolle en betekenisvolle lewensbestuursvaardighede Skrifverantwoord moet wees. Nou lyk dit asof die Skrif die mens wat die jaar 2000



betree het, nie meer aanspreek nie. Dit is vir my duidelik dat Skrifgebruik in pastorale handeling erna moet maak met die hedendaagse mens en die probleme waarmee hy worstel. Die relevansie van ons ondersoek is om aan te toon dat in 'n veranderde en veranderende wêreld, ander lewensbestuursvaardighede bekom moet word wat steeds gegrond is op die Skrif. Die mens wat die een-en-twintigste eeu instap, sal beslis ander vaardighede nodig hê om sy lewe reg te bestuur. Vir die pastorale teologie, sal hierdie lewensbestuursvaardighede, Skrifverantwoord moet wees. Die Skrif sal steeds antwoord moet gee op die lewensvraagstukke in die lewe van die mens.

Praktiese teologie maak noodsaaklik, maar op verantwoordelike wyse van die hulpwetenskappe gebruik. Omdat God die mens in sy werklikheidsgebeure deur die verlossingsboodskap ontmoet, is die mens belangrik. Ander wetenskappe bestudeer ook die mens. Met groot vrug kan in pastorale versorging van die kennis van die hulpwetenskappe gebruik gemaak word. Sosiologie, psigologie en kommunikasiekunde is onder andere hulpwetenskappe wat bydra om die problematiek ten opsigte van Skrifgebruik in pastorale handeling aan te toon. Dit is baie belangrik dat pastoraat nie sy Bybels-teologiese identiteit verloor nie. Skrifgebruik in alle pastorale optrede lê ten grondslag van alle hulp wat vanuit die hulpwetenskappe ontvang mag word. Dit is nie die terapeutiese prosesse wat deur sekere tegnieke na vore gebring word, waarom pastoraat draai nie, maar die Woord van God. Lewenshulp mag geloofshulp nie vervang nie. In pastorale handeling mag die lewendmakende en heiligmakende werk van die Heilige Gees nie op die agtergrond geskuif word nie. Skrifgebruik in die pastorale handeling is dus nie so 'n eenvoudige saak soos dit op die oog af lyk nie. Die teologie van die pastor bepaal die wyse waarop hy die Skrif benader, uitlê en in sy pastorale handeling gebruik. Die Skrifbeskouing van die pastorant is net so belangrik in pastoraat. Hy moet God in die lewensverhaal ontmoet. God ontmoet hom in die pastorale gesprek om te antwoord op sy lewensvrae en sin te gee aan sy lewensverhaal en werklikheidsgebeure.

### **3.3 SKRIFVERANTWOORDE DOELSTELLINGS.**

Die pastor en die persoon wat pastorale sorg ontvang, gebruik die Skrif vanuit hul



bepaalde siening van die Skrif. Skrifbeskouing en lewens- en wêreldbeskouing, is sake wat in pastorale sorg bepalend is vir die werk wat daar gedoen moet word.

As ons vra watter doelstellings die Skrif vir die mens stel, dan moet ons die Skrif as die onfeilbare Woord van God erken. Jonker dui hiermee 'n probleem aan: "Waarom noemen wij de Bijbel Gods Woord, terwijl er ook in de Bijbel mensen aan het woord komen!" (H Jonker, 1983:229-230). Dit is dus noodsaaklik om die gesag en inspirasie van die Skrif te aanvaar as die Woord van God en daaruit vas te stel watter doelstellings gestel word vir die lewe van die mens. By die prediking van die Woord, staan die kerugma voorop, en by die pastorale sorg, staan die paraklese voorop. (Vgl. Firet, 1974:114,118,120). Botha (1979:20-27) dui aan hoe belangrik dit is dat ten opsigte van Skrifgebruik in die pastorale handeling, dit die Skrif is wat uitgelê moet word. Eksegese en hermeneutiek is ter sprake by die uitleë van die Skrif, ook in die pastorale handeling. "Centraal in het pastoraal optreden is niet de aktiviteit van een mens, maar de daad van God, die via het intermediar van ambtelijke dienst in zijn woord tot mensen komt" (Firet, 1974:25). Hierin lê die rede waarom die Skrif in pastorale handeling gebruik moet word - dit is die wyse waarop God tot die mens in die praktyk van sy lewe kom. Pastorale handeling is die wyse en die middel waardeur God in sy Woord na die mens kom. Firet sê: "God komt tot die mens in zijn contingente situatie van angst, leed, zonde, vertwijfeling, dwaling, ontoereikendheid. God komt tot de mens om hem uit de nood van zijn situatie te bevrijden tot het leven met de gemeente in het heil, dat in Christus is: 'getroost en moedig, in nieuwe gehoorzaamheid.' God leidt hem daarbij naar zijn eigen plaats en maakt hem geschikt om zijn eigen opdrag te vervullen in het verband van het lichaam van Christus" (Firet, 1974:109).

Is dit nodig dat die mens sy doelstellings vasstel aan die hand van die Skrif? Jonker (Heyns en Jonker, 1977:299,300) sê: "Afgelei van poimein, herder, dui die benaming van hierdie vak daarop dat dit hier gaan om die wetenskap van die herderlike optrede teenoor die gemeentelid ---". Poimeniek is naamlik die wetenskap wat hom besig hou met die sielsorg soos dit in die gemeente uitgeoefen word. Volgens Heitink (1983:15) gaan dit in die poimeniek "om de bezinning op de vraag, hoe mensen dienstbaar

kunnen zijn in woord en daad, aan het komen van God tot mensen in hun heel eigen levenssituatie.” Pastorale sorg word immers gedoen met die oog op die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede.

Die doelstellings vir die gelowige se lewe sal Skriftuurlik verantwoorde doelstellings wees. Geloof bestaan immers uit twee komponente nl. **kennis en vertrouwe**. Kennis sluit in die doelbewuste wete van dit wat God in sy Woord geopenbaar het. Vertrauwe sluit in dat God om Christus ontwil vergewe, verlos en heel. In Matteus 22:29 lees ons: “Maar Jesus antwoord hulle: julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie.” Die werk van Jesus op aarde was om ook Leermeester van die volk te wees. Die gelykenisse wat Hy vertel het was juis om die mense in te lig oor die koninkryk van God. Paulus lig ook die gemeentes in oor die groot waarhede van God. Ons lees in 1 Tessalonisense 4:13: “ons wil hê, broers, dat julle nie **onkundig** moet wees nie ---.” Kennis is ‘n bepalende aspek van die gelowige se lewe. Daarsonder kan hy nie die ware doelstellings van sy lewe vasstel nie. Vanweë die sondige aard van die mens, sal sy doelstellings in die lewe nie vanselfsprekend ooreenstem met die Bybel nie. Trouens dit is juis die rede waarom daar so baie probleme in menselewens voorkom. Die mens het eintlik met die sondeval sy doel gemis! Die relevansie van hierdie navorsing is om aan te toon dat pastoraat ‘n regstelling in die doelstellings en ontoereikende handelwyses van die mens beoog. Daarom word die Skrif deur die pastor sowel as die persoon wat pastorale sorg ontvang, gebruik. In 2 Timotius 3:14-16 lees ons: “Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die Heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.” Narramore (1969:239) sê: “The Bible is not merely a bland background or a lace cap for scientific discovery. It is the glorious authority for life itself. It not only sets forth the only hope of our redemption and life eternal through Jesus Christ, crucified and risen; it is the glorious manual and guidebook of our daily lives. Doubtless it has been the work of our enemy, Satan, to further the idea that the

Bible is now only a feeble supplement to modern living, a soothing syrup for those who cannot afford antibiotics, a second class narcotic for those who are poor, too old or too ignorant to have anything better! But the Bible is an unmovable mountain on the landscape of eternity.” In die pastorale teologie moet ons deeglik kennis neem van die versekering wat Jesus in die profetiese rede gee: “Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit” (Mark. 13:31). In Johannes 1:1-4 lees ons: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom; ja nie ‘n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe, en die lewe was die lig vir die mense.”

Sonder die Woord van God is pastorale versorging en die pastorale gesprek nie moontlik nie. Die Woord van God is onvernietigbaar, betroubaar, onvergelykbaar en onvervangbaar. Dit is God se openbaring aan die mens. Daarin sê Hy hoe die mens sy lewe reg sal bestuur. Dit leer die mens om die regte lewenswyse te kweek (2 Timotius 3:16). Dit verskil in wese van enige ander geskrif oor die mens en sy gedrag. God se Woord vra dat ons dit in die praktiese teologie sal bestudeer. Dit beveel aan ons, ons uiterste vertrou. Die Bybel is prakties. Dit pas homself toe op die probleme van die lewe. God kom tot die mens deur sy Woord in die praktyk van die lewe. Die antwoorde op die raaisels van die lewe is by God. Hy het die inisiatief geneem om ons in Christus te verlos en ons basiese node aan te spreek. “Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening van ons sondes” (1 Joh.4:10). Die Woord van God reik uit na elke uithoek van die wêreld en na elke mens wat op hierdie aarde woon. God se Woord dring in in die harte van mense en bring hulp aan elke persoon. Die Bybelse boodskap is die fondament vir elke “human adjustment.” Sonder die Woord van God kan die regte lewensdoelstellings nie gemaak word nie. Sonder Skrifgefundeerde doelstellings kan die lewe ook nie reg bestuur word nie. Geen mens kan sy eie heil bewerk nie. “Jesus het vir hom gesê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh 14:6). Vir die aanwending van die regte lewensbestuursvaardighede in die lewe; vir werklike pastorale sorg in die lewe van die gelowiges; en vir die daarstelling van die regte doelstellings vir die lewe,

is die Woord van God die grootste en enigste bron. Die advies van die pastor is onvolkome, maar die advies van God in sy Woord is onfeilbaar. "So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees; dit sal nie onverrigter sake na my toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het" (Jesaja 55:11).

### **3.4 SKRIFVERANTWOORDE LEWENSBESTUUR.**

Die gelowige se daargestelde doelstellings van sy of haar lewe moet Skrifgefundeerd wees. Die gelykenis van die talente (Matt. 25:15-30) is 'n doelbewuste voorskrif aan die mens om sy God gegewe protensiaal te ontwikkel en sy lewensroeping na te kom. Die regte lewensbestuursvaardighede is nodig sodat aan die einde behoorlik rekenskap gegee kan word, van die lewe wat God aan elke mens toevertrou het. Jesus sê: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed" (Joh.10:10).

Clinebell (1984:51) sê: "The life-long task of discovering and developing one's unique possibilities is the means by which the image of God flowers and the abundant life is actualized." Die waarheid aangaande die regte lewensbestuur, ooreenkomstig die doelstellings van die Skrif, word in Romeine 12:1-2 beskryf: "En nou doen ek 'n beroep, op julle broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik volmaak is." Die mens is verplig om sy lewe op aarde reg te bestuur.

Dit is dus nodig dat die gelowige Skrifverantwoorde doelstellings in die lewe moet hê. Sonde bring nie net versteuring in die mens se lewensbestuur nie; maar ook die dood! Romeine 6:23 sê: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus onse Here." Die mens wat nie doelbewus die doelstellings van sy lewe vanuit die Skrif vasstel nie, kan in terme van die gelykenis van die talente, die persoon wees wat sy toevertroude muntstuk in die grond gaan begrawe het. Jesus het daarvoor gesê: "En gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste

duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners” (Matt. 25:30). In Hebreërs 4:12 lees ons: “Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.”

Die Bybel “kan jou die kennis bybring wat tot die verlossing lei deur die geloof in Jesus Christus” (2 Tim. 3:15). Die gelowige is daarom verplig om ander doelwitte vir sy lewe te stel. Die opdrag van Jesus aan sy gelowiges is: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid ---” (Matt 6:33). Dit is die eerste en vernaamste doelstelling. Die mens is geskape na die beeld van God. In Genesis 1:26-27 word die saak duidelik gestel: “ Toe het God gesê: Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip. God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskape.” Die doel van God was dat die mens sy beeld op aarde sou vertoon; sy verteenwoordiger op aarde sou wees. Psalm 8:6 sê: “U het hom net ‘n bietjie minder as ‘n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon ---.” God het die mens só geskape dat Hy tot God se eer en heerlijkheid op aarde sou woon en alles tot sy beskikking gestel om ‘n suksesvolle bestaan te voer. Die mens is geskape met al die lewensbestuursvaardighede wat hy nodig het om sy doel te bereik. Die mens was in die vermoë om sy lewe te bestuur soos God wil, sy beeld te vertoon, sy verteenwoordiger te wees en oor God se hele skepping te heers. Daarom is dit regverdig dat in die gelykenis van die talente, rekenskap van die mens gevra word oor die bestuur van sake. Die mens moet die doel waarvoor God hom geskape het, bereik. Die liefdesgebod maak ook die doel van die mens se lewe baie duidelik: “Luister Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Die tweede is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Geen ander gebod is groter as die twee nie” (Mark.12:30-31). “Of besef julle nie dat julle liggaam ‘n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort

nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik" (1 Kor. 6:19-20).

God kom tot die mens in sy konkrete situasie. Clinebell(1984:57) sê: "The Biblical wisdom is as aware of the profound alienation and brokenness of human beings as it is of our potential for increasing wholeness. We have a deep need and longing to develop the imago dei, yet we persistently resist and sabotage our growth and the growth of others. The story of the 'fall' from the innocency of the garden of Eden (Gen. 3) is a mythic, poetic way of communicating the fact that we are alienated from the image of God, from our potential wholeness. As Tillich puts it, 'The state of existence is the state of estrangement. Man [sic] is estranged from the ground of his being, from other beings and from himself."

Die noodsaaklikheid om Skrifgefundeerde doelstellings in die lewe te hê en ook die lewe reg te bestuur, word in die Skrif in die volgende aangedui:

1. Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en my volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van my verloor, sal dit terugkry. Wat sal dit die mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?" (Matt. 16:24-26).
2. "Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh. 3:3).
3. "Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie" (Rom. 6:6).

### **3.5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE PASTORALE GESPREK EN LEWENSBESTUUR.**



Die Bybel leer ons die belangrikheid daarvan om die Woord van God te bedien aan die gelowige in nood, deur pastorale optrede. Om die lewe reg te bestuur, moet ons dit bestuur met die oog op die koninkryk van God as eerste doelstelling. Die sondeval het die mens in 'n posisie van onvermoë geplaas om sy lewe reg te bestuur. In Christus word die mens nou in die vermoë geplaas om wel sy lewe reg te bestuur (Rom. 6:2). In die pastorale gesprek, vind nie net die ontmoeting plaas met dié God wat regverdiglik uitspraak lewer oor die sonde nie (Gen. 3:15), maar ook dié God wat sy enigste Seun oorgelewer het om gekruisig te word en só verlossing uit sonde te bewerk (Joh. 3:16). In pastoraat word aandag aan die ellende van die mens gegee, sowel as sy verlossing uit daardie ellende. Pastoraat wil meehelp tot die regte bestuur van die lewe. Pastoraat dra daartoe by om verantwoorde lewensbestuursvaardighede te bekom. Dit is lewensbestuursvaardighede wat getoets is aan die eise van die Skrif.

Wat in die pastorale gesprek moet gebeur is dat die pastorant persoonlike groei moet ervaar. Die pastorale gesprek is die intensifisering en toepassing van die bediening. "Narrative practical theology is, therefore, an ongoing hermeneutical process within the immediate storied context of ministry. The intention of that process is the transformation of the human story, both individual and corporate, in ways that open the future of that story to creative possibilities" (Gerken, 1986:54).

In die pastorale gesprek is die gesprek met die pastorant die metode waarvolgens probleme wat persoonlike lewensbestuur ontwig aangespreek word. So kan kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens onderling geskied. Ruimte of geleentheid word geskep vir menslike verantwoordelikheid met sy suksesse en vergissinge. In die pastorale gesprek moet vasgestel word of die suiwere doelstellings vir die lewe nog in fokus is. Dit wat in die weg staan om die lewensdoel te bereik, moet verwyder word. Daarna moet verantwoorde lewensbestuur en die probleem van ontoereikende lewensbestuursvaardighede aan die orde kom. Geen (sondaar) mens het eenvoudig al die vermoëns om sy lewe reg te bestuur nie. Vaardighede is iets wat aangeleer word. Vaardighede wat nie heeltemal werk nie, is aangeleer. **Daarom kan vaardighede wat werk, op hulle beurt ook aangeleer word.** Pastoraat moet dus meehelp tot verantwoorde en suksesvolle lewensbestuur. Verandering is daarvoor

nodig.

“Praktische theologie als ‘de theorie van de bemiddeling van het Christelijk geloof en de praxis van de moderne samelewing,’ is krachtens haar aard gericht op veranderen, langs de procesmatige weg van begeleiding en beïnvloeding. Het strategisch perspektief verbindt het ‘wie doet wat’ primair met het ‘hoe’ en ‘waartoe.’ Dit komt tot uitdrukking in een levensverband, de kerk, waarbinnen mense van jongsaf worden begeleid en aangespoord zich het geloof toe te eïgenen en hieruit te leven. Het christelijk geloof gaat er vanuit, dat mense kunnen veranderen en dat de sameleving vernieuwd kan worden vanuit het eschatologiesh perspektief van het Rijk Gods. De praktiese theologie, die als normatiewe wetenskap dit veld van overdracht en verandering tot haar objek rekent, verbindt in sich een hermeneutiese interesse (kome tot verstaan) met een strategiese interesse (kome tot verandering)” (Heitink, 1993:195,196).

‘n Versteurde toekomstperspektief is die primêre motivering vir betekenisvolle verandering. Gedurende die pastorale gesprek, moet die geleentheid aangegryp word om die verhaal in die verlede, in die hede te herleef. Deur die verlede persepsies te herformuleer en te herkonstrueer, kan ‘n helderder toekomstbeeld voorsien word en wat die basis is vir verandering hier in die hede. Deur die herstrukturering van die verhaal van die verlede, word ander en nuwe betekenis aan die gebeure toegeken. Om te vertel is om die ervaringe te verbaliseer. Ervaringe kom na vore in die verhaal wat opnuut geïnterpreteer kan word met die pastorale berader as begeleier en mede-interpreteerder (vgl. Müller, 1996:117).

Die pastorale gesprek staan in ‘n direkte verhouding tot lewensbestuur. Die vrou wat op ‘n daad van owerspel betrap was (Joh. 8:1-11) het haar lewe totaal verkeerd bestuur. Die aanklag teen haar was dat sy skuldig is aan ‘n oortreding van die wet. Sy staan ook hier voor Jesus skuldig aan die wanbestuur van haar lewe. By die vrou moet daar verandering kom. Jesus vergewe haar maar sê vir haar in sy pastorale gesprek: “Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie” (Joh. 8:11). In die pastorale gesprek met die vrou, bring Hy die verandering deur haar te vergewe, maar



dring ook op aan op **verandering**; “moet van nou af nie meer sonde doen nie.” Haar lewensbestuur moet voortaan wees soos die Here van haar verwag. Die wyse waarop sy voortaan haar lewe moet gaan bestuur, mag nie bots met die wet van God nie. Die vleesgeworde Woord van God het tot hierdie mens in die praktyk van haar lewe gekom. Daar is net twee moontlikhede: ‘n lewe wat volgens die sondige natuur van die mens bestuur word, of ‘n lewe wat deur die Gees beheer en bestuur word volgens die wil van God. Die pastorale gesprek dra daartoe by dat die post moderne mens verantwoorde lewensbestuursvaardighede bekom deur die implimentering van God se Woord aan die mens.

Anderson & Goolishian (1988:381) sê: “The goal of therapy is to participate in a conversation that continually loosens and opens up, rather than constricts and closes down. Through therapeutic conversation, fixed meanings and behaviours (the sense people make of things and their actions) are given room, broadened, shifted and changed. There is no other required outcome.” Bepaalde gedrag kan dus slegs verstaan word deur die hele konteks waarin dit ingebed is, in ag te neem. ‘n Eko-hermeneutiese benadering plaas die lewensverhaal in ‘n wyer en verstaanbare konteks. Die konteks is die hele narratiewe struktuur waaruit ‘n persoon op ‘n gegewe moment handel (vgl. Müller, 1996:20).

Dit is nodig dat pastores besef dat die weg tot selfverstaan, deur die lewensverhaal loop. Daarna kom die vind van ander lewensbestuursvaardighede aan die orde. Dit is die verhouding tussen die pastorale gesprek en lewensbestuur. Die pastorale gesprek het as oogmerk verantwoorde lewensbestuur wat aangepas is by die post moderne mens wat in sy kerk en sy samelewing en in die veranderende wêreld, sy bepaalde lewensdoelstellings kan bereik.

Romeine 6:2 sê: “Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voort lewe?”

Romeine 6:6 sê: “Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.”

### 3.6 WATTER LEWENSBESTUURSWAARDIGHEDE DAN TER SPRAKE IS.

Praktiese teologie is 'n woord oor die handeling van mense wat daarop gerig is dat God in sy Woord by mense uitkom en in mense se lewens gestalte verkry. Pastorale sorg staan spesifiek in diens van die gelowige in sy kerklike en samelewingsituasies. Die werklikheid het slegs betekenis deur sinvolle doelgerigte handeling van mense wat deelnemend verstaan word. Menslike handeling wat ondersoek word met die oog daarop om die sin daarvan te verstaan. Die mens gee sin aan sy handeling. Daarom moet ons nou ook aandag gee aan die doelgerigte handeling of lewensbestuursvaardighede wat in pastoraat ter sprake is.

In die pastorale gespreksituasie vind tweerigting kommunikasie plaas. Die pastorant moet dink om te kan praat om 'n nuwe realiteit te rekonstrueer. 'n Dialogiese perspektief word bereik waardeur ontoereikende lewensbestuursvaardighede waargeneem en blootgelê word. In die gesprek (die verhaal wat vertel word) is die veranderingspotensiaal opgesluit. Die regte lewensbestuursvaardighede kan bekom word en in die lewe van die mens toegepas word. Die pastorant het juis gekom om te ontdek **en aan te dui**, dat hy bepaalde vaardighede kort kom om sy lewe doeltreffend te bestuur. Die pastor lei die pastorant daartoe in die gebruik van die Skrif onder leiding van die Heilige Gees.

Wat baie duidelik uit hierdie studie blyk, is dat 'n gelowige bepaalde doelstellings vir sy lewe het. In 'n wêreld wat verander het en steeds verander, het die gelowige ander lewensbestuursvaardighede nodig om sy of haar bepaalde doelstellings te bereik. In praktiese teologie en spesifiek in pastorale sorg, kan die werklikheid van menslike ervaringe en handeling alleen adekwaat bestudeer word deur die bedoelinge, waardes en intensies wat agter die handeling van die persoon lê, te verstaan. In dié sin is praktiese teologie leidinggewend aan 'n geloofsgemeenskap in die praktyk waar daar verandering moet kom. Verandering behels noodwendig ander lewensbestuursvaardighede vanuit 'n eskatologiese perspektief. Praktiese teologie, verstaan as 'n teologiese handelingswetenskap, kan nie anders as om die konkrete,

huidige werklikheid te ondersoek nie. (Vgl. Pieterse, 1993:9). Kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie druk die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen mense uit. Persoonlike lewensbestuur is ook deel van die geloofshandeling van die mens. Vanuit die geloof handel die mens in die praktyk. Pastorale sorg het alles te make met hierdie handeling van die mens. As die lewe nie toereikend bestuur word nie, gryp pastorale sorg as kommunikatiewe handeling, doelbewus in in die geloofslawe en persoonlike omstandighede van die gelowige. In die pastorale gesprek lê 'n uitstekende geleentheid om lewensbestuursvaardighede te verander. 'n Verbale, rekonstruktiewe, herlewing en interpretatiewe moontlikheid word geskep, wat kan lei tot sinvolle verandering. Die realisering en konkretisering van die koninkryksbeloftes in die praktyk van die lewe van die gelowige vind plaas. Kommunikatiewe handeling is intensioneel. Die pastorale gesprek wil ontdek waar lewensbestuursvaardighede ontoereikend is om die probleme van die mens uit te skakel. Alleen só kan die gelowige ook sy lewe in die post moderne samelewing sinvol bestuur en dus 'n bydrae maak tot die samelewing en die kerk waarin hy vandag lewe. Die mens soek voortdurend na die sin van die lewe. Dit is daarom ook sinvol om te soek na sodanige lewensbestuursvaardighede wat in die praktyk van die huidige lewensbestaan werk. Paulus sê van hierdie werk: "Hom verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring" (Kol. 1:28). Pastoraat is 'n effektiewe manier om 'n persoon te help met sy persoonlike probleme en om effektiewe persoonlike lewensbestuursvaardighede te bekom.

Die vraag wat eers gevra word is: wat is selfbestuur (self-management)? Ek omskryf dit makliker in Engels: It is your self-confident ability to crystalize your thinking so that you are able to establish an exact direction for your own life; to commit yourself to moving in the right direction (the Kingdom of God) and then take determined action to acquire and accomplish or become whatever that goal demands.

Dit is van toepassing op die lewensbestuur van elke dag asook die volhardende soeke na die koninkryk van God.

### 3.6.1 Persoonlike lewensbestuur word bepaal deur gesindheid (attitude).

Om die lewe te bestuur, soos dit hoort volgens Skrifgefundeerde doelstellings, vereis meermale 'n verandering in gesindheid. Efesiërs. 4:23 sê: "Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig." Persoonlike lewensbestuur word bepaal deur die gesindheid van die mens te verander van die natuurlike sondegevalle menslike gesindheid na 'n gesindheid wat Jesus uitspreek in Lukas 10:27: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself." 'n **Gesindheidsverandering** is van wesenlike belang vir die vertikale verhouding tot God en die horisontale verhouding tot mense (huweliksmaat, kinders, werkgewer, ander gelowiges, ensomeer). Dit is juis waar so baie probleme ontstaan; in ons interpersoonlike verhoudings tot mekaar (soos huweliksprobleme). Probleme op vertikale vlak bestaan ook (soos gebedsprobleme, skuldgevoelens, 'n skewe Vaderbeeld). In Psalm 51:12 bid Dawid na sy sonde met Batsaba: "Skep vir my 'n rein hart, op God, vernuwe my gees en maak my standvastig." Dit is 'n vaardigheid waarvoor alleen sommige mense beskik om die negatiewe na die positiewe om te skakel. Hierdie vaardigheid hang net af van daardie mens se gesindheid. Hierdie vaardigheid kan aangeleer word deur pastoraat wat die aandag op 'n nuwe gesindheid vestig. Die Christelike geloof gaan daarvan uit dat mense kan verander en dat die samelewing vernuut kan word, vanuit die eskatologiese perspektief van die koninkryk van God (vgl. Heitink, 1993:195).

In die narratiewe aspek van die pastorale gesprek moet vasgestel word wat die pastorant se gesindheid was toe sy lewe begin skeef loop het. Spreuke 4:23 sê: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." 'n Verandering in gesindheid teenoor die lewe is die beginpunt van hartgrondige lewensverandering met die oog op doeltreffende lewensbestuur. Die regte gesindheid bepaal die regte lewensbestuur. Dit is 'n vaardigheid wat bekom moet word en behou moet word vir die res van die mens se lewe. Kolossense 1:9-11 sê: "Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat julle deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, tot volle kennis kan kom

van wat sy wil is. Ons bid dat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God. Mag God wat oor die mag en die heerlijkheid beskik, julle versterk en aan julle die krag gee om in alle omstandighede met geduld te volhard.”

### **3.6.2 Persoonlike lewensbestuur word beheer deur toewyding (commitment).**

Die mens se toewyding (commitment) is belangrik. As 'n toegewyde lewe gevoer word, bewerk dit oorwinningsgedrag en oorwinningsukses. Romeine 8:37 sê: “Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.” In die pastorale gesprek moet presies vasgestel word waar die pastorant nou staan. Dit lei tot die ontdekking waarheen hy wil gaan (ontwikkel). Wie sy huidige omstandighede deeglik verstaan, ook verstaan wat sy doelwitte, begeertes en verwagtinge van die lewe is, kan homself “commit” in só 'n mate dat sy toewyding (“commitment”) in 'n lewensbestuursvaardigheid ontwikkel, wat dalk by die volgende persoon ontbreek. Om suksesvol te wees in enige saak vereis “commitment” en “achievement.” Sukses is nie moontlik sonder die nodige toewyding nie. Veral, is dit by die gelowige onontbeerlik. **Sonder die regte gesindheid en sonder die nodige toewyding “commitment”, sal persoonlike lewensbestuursvaardighede nie ontwikkel nie.** Dit geld veral die gelowige, wat sy hele lewe aan God toewy. Die hart is immers die oorsprong van alles wat die mens dink, doen of sê. In Fillipense 2:12-13 lees ons: “My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlore mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.”

### **3.6.3 Persoonlike lewensbestuur benodig bepaalde verantwoordelikhedsvaardighede (responsibility).**

Om verantwoordelik op te tree, is 'n vaardigheid wat mense onderskei van mekaar. 'n Kind groei in verantwoordelikhedsin. Só kan deur die pastorale gesprek ook in hierdie opsig groei plaasvind by die pastorant. Die pastor sal die persoon wat sy

lewensverhaal vertel, bewus moet maak daarvan, dat sy verantwoordelikheid groot is om die persoonlike lewe reg te bestuur en om tot verandering te lei. Is dit nie meermale só, dat onverantwoordelike besluite en onverantwoordelike optrede, aanleiding gegee het tot die probleme wat ervaar word nie? **Hoe meer die mens groei in die aanvaarding van verantwoordelikheid vir homself en vir sy lewe, hoe beter bestuur hy sy lewe.** Dit is 'n vaardigheid wat bekom en ontwikkel moet word. Van nature is hierdie vaardigheid nie by almal aanwesig nie. Die onderskeid lê juis daarin dat sommige mense baie verantwoordelik optree en ander nie. Bestuur (management) word nie net deur 'n ander oor die mens toegepas nie. Hy moet self sy lewe bestuur en dan op verantwoordelike wyse. In die gelykenis van die talente, is dit duidelik dat twee van die slawe die nodige **verantwoordeliksvaardigheid** besit het, terwyl die ander een dit nie gehad het en dit ook nie ontwikkel het nie. In die pastorale gesprek moet die pastorant ook gelei word om volle verantwoordelikheid te neem vir sy optrede van die verlede, sodat hy kan leer om volle verantwoordelikheid vir sy toekomstige optrede te kan neem. Die rekonstruksie van die verhaal in die verlede, bring die gebrek aan verantwoordelikheid na vore en bepaal die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die toekoms. 1 Petrus 4 vers 5 en 6: sê: "Hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel. Daarom is die evangelie immers ook verkondig aan dié wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mense onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe."

"God komt tot die mens in zijn contingente situatie van angst, leed, zonde, twijfeling, dwaling, ontoereikendheid. God komt tot de mens om hem uit de nood van zijn situatie te bevrijden tot het leven met de gemeente in het heil, dat in Christus is: 'getroost en moedig, in nieuwe gehoorzaamheid.' God leidt hem daarbij naar zijn eigen plaats en maakt hem geschikt om zijn eigen opdrag te vervullen in het verband van het lichaam van Christus" (Firet, 1974:109).

#### **3.6.4 Persoonlike lewensbestuur behels doeltreffende tydsbestuur en sinvolle kommunikasie.**

Die lewe van die mens bestaan uit tyd. Die hele lewe van die mens word beheers deur minute, ure, dae, jare. Die aanbreek van 'n nuwe millenium het weer eens die aandag van die mensdom aangegryp en getoon watter belangrike rol tyd in ons lewens speel. Om tyd te mors en die lewe nie reg te bestuur nie, beteken dat die mens die volheid van die lewe nie geniet nie. **Doeltreffende tydsbestuur is 'n bewys van goeie lewensbestuur.** Dit hou die mens op daardie koers wat hy beplan het om sy doelstellings te bereik. Tyd moet kwalitatief benut word. Pastores kan daarvan getuig hoe baie tyd verlore gaan in die lewens van mense met onopgeloste probleme. 'n Huweliksprobleem kan vir **jare** twee mense sodanig kniehalter dat hulle net nie kan vorder in hulle persoonlike lewensbestuur en soeke na die koninkryk van God nie. Tydends die pastorale gesprek is dit noodsaaklik dat die pastor die prioriteite in die pastorant se lewe beklemtoon, fokus op sy doelwitte en behoorlik aandag gee aan doeltreffende tydsbestuur. Die doeltreffende gebruik van tyd is gegrond op basiese gesindhede. Tydsbestuur kan daarom verander/verbeter word, as die basiese gesindheid verander. 'n Positiewe en singewende program (tydskaal) is gebaseer op 'n duidelike formulering van prioriteite. Die produktiewe gebruik van tyd is om die belangrike doelstellings in die lewe te bevorder. Tydsbestuur is gebasseer op die persoon se eie waardes en behoeftes. Dit is 'n duidelike bewys dat die persoon in beheer is van sy lewe. Dit open die vryheid van keuse om te doen wat belangrik is en sodoende werklik die lewensdoel te bereik. Die belangrikste punt vir die pastorant is nie net om te weet waar hy nou staan nie, maar beslis waarheen hy op pad is met sy lewe. Pastoraat het dit ten doel dat die lewe suksesvol bestuur sal word. Dat probleme en hindernisse uitgeskakel word wat die pad versper. Doeltreffende tydsbestuur is basies noodsaaklik vir suksesvolle lewensbestuursvaardighede. In Markus 1:15 word hieroor gepraat: "Hy het gesê: Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie." Om te slaag, om jou lewensdoel te bereik, verseker 'n gevoel van bevrediging en sukses. Daar is niks wat sukses kan vervang in die aanmoediging tot volharding nie. Elke keer as die mens sukses behaal, spoor dit hom aan om nog meer suksesvol te wees. Dit ontwikkel in 'n vaardigheid wat deur die pastorale gesprek benut moet word met die oog op doeltreffende lewensbestuur. Die effektiewe gebruik van tyd versterk persoonlike "commitment" en dit versterk effektiwiteit, groter sukses en meer vreugde of



bevrediging. Dit dui vir die pastor en die pastorant aan watter vooruitgang reeds gemaak is om struikelblokke, probleme, sonde en onwerkbare en onbruikbare lewensbestuursvaardighede, uit die weg te ruim. Ten einde die pastorant steeds in die regte rigting te laat beweeg ooreenkomstig sy doelwitte en deeglik voorbereide aksieplan, moet die pastor hom aanmoedig om sy tyd nuttig te gebruik. Pastors moet hiervan gebruik maak om selfvertroue, entoesiasme en geloof te bevorder. Die pastorant moet bewus daarvan gemaak word, dat hy vorder op die pad na sukses en dat hy reeds ander en bruikbare lewensbestuursvaardighede implementeer vir 'n suksesvolle lewe. Pastoraat het ten doel dat tyd nie vermors word en uiteindelik 'n ganse lewe verlore gaan nie. Pastoraat is die praktiese wetenskapsbeoefening met die doel om aan die gelowige doeltreffende persoonlike lewensbestuursvaardighede te laat bekom.

'n Bestuurder het nodig om sy tyd reg te bestuur. Dit dra daartoe by dat hy ook sinvol, kan kommunikeer. Doeltreffende tydsbestuur en sinvolle kommunikasie sal uiteindelik ook beter besluitneming tot gevolg hê. Kommunikasie is 'n baie belangrike vaardigheid. Die mens is geskape om te kommunikeer. In die pastorale gesprek word hierdie vermoë benut om die verhaal agter die verhaal te hoor. Dit bring interpretasie en herinterpretasie mee vir sowel die pastorant as die pastor. Om te praat is om te dink. Wat nog maar in die gedagtes lewe, word uitgedruk in woorde. Daardeur vind daar noodwendig 'n siftingsproses plaas. Daar gaan duisende gedagtes deur die brein, maar wat uitgespreek word, word deur die pastorale gesprek gehelp om sinvolle idees uit te soek. Verkeerde besluite word soms geneem omdat die gedagtes nie uitgesorteer of behoorlik gesif is nie. Die pastorant het dit nodig om sy idees met die pastor te bespreek. Die pastorale gesprek in die beradingsproses is van die uiterste belang. Om die verhaal te vertel is 'n verhelderingsproses. Probleme kom sterker in fokus. Kommunikasie is in hierdie opsig reeds terapeuties van aard. Geen verandering kan in die lewe van die pastorant plaasvind, as hy nie oor sy lewe en belewenisse praat nie. As die pastorant praat, word die probleme en struikelblokke in sy lewe grootliks opgeklaar. In 1 Johannes 1:8-9 staan: "As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons sondes en reinig ons van alle



ongeregtigheid.” Die Skrif leer dat ons ons probleme en sondes moet kommunikeer. Deur die pastorale gesprek raak die pastorant ontslae van opgekropte en giftige gevoelens. Dit bring verligting. Dit presies is die rede waarom die pastorant na die pastor toe gekom het. Kommunikasie laat die pastorant sake beter in perspektief sien. Op ‘n meer vaardige wyse kan hy dan sy probleme hanteer en sy lewe bestuur.

Om ‘n werkbare konsep van die transformerende praxis in ons huidige historiese en sosiale situasie te verkry, moet die interaksie tussen mense deur die medium van taal (vertel van die verhale) geëksploreer word. Om werklikheidsgetroue teorie vir die kommunikasie van die evangelie in die konkrete werklikheid van die gemeente se bestaan op te stel, moet die praktiese teoloog getoetste kennis hê van wat daar omgaan in mense en in die samelewing (Van Knippenberg, 1989:13). Kommunikasie is ‘n baie belangrike aspek van pastorale teologie. Dit is ewe belangrik vir die gelowige wanneer hy sy verhaal vertel en ook daarna wanneer hy weer in kerk en samelewing sy lewe moet gaan bestuur. **Persoonlike lewensbestuur behels doeltreffende tydsbestuur en sinvolle kommunikasie.**

### **3.6.5 Persoonlike lewensbestuur vereis verantwoordelike besluitneming en volharding (persistence).**

Verantwoordelike besluitneming is deel van doeltreffende lewensbestuur. **Goeie en suksesvolle bestuur vereis verantwoordelike besluitneming.** Vir die gelowige is die Skrif hier van bepalende belang. Psalm 1:4: “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos ‘n boom wat by die waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.” **Besluitneming is ‘n uiterlike manifestasie van die innerlike menslike kwaliteit van selfbestuur.** Verseker moet die gelowige kwaliteitsbesluite neem vir ‘n God welbehaaglike lewe. By die sondeval het dit juis nie gebeur nie. Mense met probleme het dikwels verkeerde besluite vir hulle lewe geneem! Besluitneming berus op ervaring, gesindheid en gewoontes. Hierdie dinge uit die verlede word deur

pastoraat aangespreek met die oog op die gewensde verandering in die lig van die koninkryksperspektief. Die pastorale gesprek moet meehelp in die verandering van gesindhede en gewoontes om te verseker dat verantwoordelike besluitneming as 'n lewensbestuursvaardigheid ontwikkel kan word. In die verhaal wat die pastorant vertel, kan onverantwoordelike besluitneming uitgewys word, want **dit** is wat al die probleme in sy lewe veroorsaak het. **Dit** is waarom hy tot dusver nie sy lewe reg kon bestuur het nie en worstel met probleme.

Alle besluite berus op keuse. Dit het ons reeds by die eerste mense in die paradys gesien. Hul verkeerde keuses en besluite het die ganse mensdom in ellende gedompel. Die mens wat hierdie vaardigheid in sy lewe ontwikkel het om verantwoordelike besluite te neem, beskik oor sterk innerlike waardes. Hy beskik oor beter kriteria waarteen hy besluite kan opweeg en dit lei tot beter besluitneming en suksesvolle lewensbestuur. Pastoraat dra daartoe by dat beter besluite met die nodige selfvertroue gemaak kan word, deur ontslae te raak van 'n swak selfbeeld, omgewenste struikelblokke, swak tydsbestuur en ander probleme wat in die weg gestaan het. Pastors moet gedurigdeur daarvan bewus wees dat swak en verkeerde besluite, die waarborg is van mislukking. Dit is juis verkeerde besluite wat veroorsaak het dat die pastorant daardie afgedwaalde skaap is wat herderlik teruggebring moet word. Besluitneming kan deur beide die pastorant en die pastor geëvalueer word. **Verantwoordelike besluitneming dra doelbewus by om die eie lewe reg te bestuur.**

In 1 Timotius 6:11-12 lees ons: "Maar jy, man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minzaamheid. In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê." Pastorale sorg dra by tot volharding. Die regte gesindheid, die regte toewyding (commitment), die nodige verantwoordelikheid, doeltreffende tydsbestuur, sinvolle kommunikasie en verantwoordelike besluitneming, word afgerond deur volharding. Dit verg baie oefening om hierdie vaardigheid te ontwikkel. 'n Atleet kweek deursettingsvermoë en volharding, alleen deur volgehoue oefening en

inspanning. Die pastor staan die pastorant hierin by, deur moedeloosheid en negatiewe teen te werk met troos en bemoediging vanuit die Skrif. Deur die pastorant altyd maar weer bewus te maak van die woorde van Openbaring 21:7: “elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees,” kan volharding kom. **Persoonlike lewensbestuur vereis verantwoordelike besluitneming en volharding.** In 1 Timotius 6:12 lees ons: “In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal.” Die pastor en die pastorant moet volhardend (verskeie pastorale gespreksgeleenthede) soek na die oplossing vir probleme en die ware sin van die lewe.

### **3.6.6 Persoonlike lewensbestuur word bepaal deur doeltreffende probleme op te los.**

In die pastorale gesprek moet 'n probleem as 'n projek gesien en benader word. Praktiese teologie het juis met die werklikheid en die praktyk te doen. Die vermoë om verantwoordelike besluite te neem vind in die praktyk uitdrukking in doeltreffende probleem oplossing. Die pastor en die pastorant benader die probleme as 'n projek wat aangepak word en in die volgende hoeveel pastorale gesprekke deurgewerk sal word. 'n Projek word immers stap vir stap, konsultasie na konsultasie deurgewerk en afgehandel. Die pastor speel hier 'n belangrike rol. Mense wat probleme doeltreffend kan oplos, is innerlik sterk. Die pastor het die taak om hierdie innerlike sterkte by die pastorant te bevorder. Hy moet voortdurend waak teen dinge wat doeltreffende probleem oplossing kan teen werk. In die pastorale gesprek moet al die feite vertellend na vore kom. Die pastor moet soveel moontlik inligting bekom en die geheel beeld sien. In hierdie proses is die pastor besig om vanuit die Skrif, onder leiding van die Heilige Gees, innerlike versterking en die opbou van 'n goeie selfbeeld, selfvertroue en groter toewyding (commitment) te bevorder. Vasberadenheid om die probleem te oorwin word aangemoedig. Die pastor moet daarvan bewus wees dat al die probleme wat die pastorant ondervind, 'n uitdaging skep. Die feit dat daar probleme is, dien as motivering vir beide die pastor en die pastorant om suksesvolle probleem oplossers te word. Pastors kan dit bevestig watter vreugde daar gesmaak word, wanneer probleme uit die weg geruim is deur doeltreffende probleem oplossingsvaardigheid by die

pastorant. In die narratiewe aspek van die pastorale gesprek leer die pastorant wie hy werklik is en waarom hy die werklikheid en die sin van die lewe, beleef soos hy dit beleef het. Omdat die Heilige Gees in die vertel van die verhaal teenwoordig is, word nuwe realiteite ontdek en ontwikkel die baie belangrike vaardigheid om probleme doeltreffend op te los. **Persoonlike selfbestuur word bepaal deur die vaardigheid om probleme doeltreffend op te los.** Die Skrif gee aan ons die antwoord op ons talle vrae. Die pastor begelei die gelowige in die soeke na antwoorde/oplossings vir die probleme en die korrekte optrede in die lewe. Pastorale teologie het 'n probleem georiënteerde benadering omdat na doeltreffende oplossings vir die probleme gesoek word. Telkens wanneer 'n probleem suksesvol opgelos is, smaak die pastorant die heerlike gevoel van oorwinning. So groei hy deur die pastorale gesprek tot verkryging van die gewenste lewensbestuursvaardighede en so beweeg hy in die rigting van die koninkryk waarna hy soek.

### **3.6.7 Persoonlike lewensbestuur word beheer deur oorwinnaarsvaardighede.**

Sommige mense het die vaardigheid bemeester om telkens **“te wen.”** Oorwinningsgedrag en die drang om te oorwin is by baie mense 'n uitstaande kenmerk. Die Skrif moedig ons ook aan om vas te hou, om te volhard en te oorwin. Oorwinning kom nie vanself nie. Die pastorant word deur die pastorale gesprek daartoe gelei. Dit word gedoen deur die doelwitte van die lewe helder in fokus te kry, die regte gesindhede te verkry, toewyding en “commitment” te kweek; bepaalde lewensbestuursvaardighede soos verantwoordelike aanvaarding, doeltreffende tydsbestuur, sinvolle kommunikasie en verantwoordelike besluitneming te ontwikkel. Volharding in al bogenoemde aspekte is eintlik die waarborg van oorwinning. Die pastorant word sodanig gelei dat hy **verseker** word van die oorwinning. As al hierdie dinge sodanig ontwikkel word in die pastorale gesprek, val die lig van die evangelie oor elkeen van hierdie aspekte. Dit is vroeër onomwonde aangetoon dat die pastor en die pastorant met die evangelie van Jesus Christus werk, onder leiding van die Heilige Gees. Die evangelie van Jesus Christus spreek nie net van verlossing en bevryding nie, maar ook van oorwinning. Ons lees in Openbaring 2:25 “Hou net vas wat julle het, totdat Ek kom. Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou

om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee.” In 1 Johannes 5:4-5 lees ons: “Want enigeen wat ‘n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?” Die pastor verseker die gelowige telkens van die woorde van Paulus in Romeine 8:37: “Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom vir wie ons liefhet.”

**Persoonlike lewensbestuur word beheers deur oorwinningsvaardighede.** In Efesiërs 1:13-14 lees ons: “Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.”

### 3.7 SAMEVATTING.

Pastorale sorg en die pastorale gesprek staan spesifiek in diens van die gelowige in sy kerklike en samelewingsituasies. God kom deur sy Woord en Gees in die konkrete lewensbestuur van die gelowige se lewe, die mens ontmoet. Die werklikheid en die lewe het slegs betekenis deur sinvolle doelgerigte handeling van mense wat deelnemend verstaan word. Praktiese teologie ondersoek die handeling van mense. Pastoraat gee aandag aan daardie handeling wat dui op ondoeltreffende lewensbestuur. Wie verdwaal was en verlore, word deur pastorale sorg teruggebring na die ideale situasie van ‘n lewe met die oog op die koninkryk. So het Jesus gedoen en so het sy dissipels gedoen. Die pastorale gesprek bewerk dit dat ontoereikende lewensbestuursvaardighede, deur ‘n dialogiese perspektief waargeneem en blootgelê word.

Hierdie studie het aangetoon dat in die pastorale gesprek, die lewensdoelwitte in fokus geplaas moet word. Dit word gedoen deur Skrifgebruik in al ons pastorale handeling. Onder leiding van die Heilige Gees word lewensdoelstellings vasgestel en Skriftuurlik verantwoord. Skrifbeskouing en lewens- en wêreldbeskouing is bepalend vir die werk

wat in pastorale sorg gedoen word. Sonder die Woord van God is pastorale sorg en die pastorale gesprek onmoontlik. God kom tot die mens deur sy Woord en Gees in die praktyk van die lewe. In die gelykenis van die talente (Matt. 25:15-30) leer ons dat die lewe reg bestuur moet word. Daar word in die gelykenis van elkeen rekenskap geëis van hoe hy sake bestuur het. Daarom sal die lewensbestuur van die gelowige Skrifverantwoord moet wees. Die verhouding tussen pastoraat en lewensbestuur is dat dit meehelp om verantwoorde lewensbestuursvaardighede te kan bekom. Wat in pastoraat moet gebeur is dat die pastorant persoonlike groei moet ervaar. Die pastorale gesprek is die intensifisering en toepassing van die bediening. In die pastorale gesprek is die gesprek met die pastorant die metode waarvolgens probleme wat persoonlike lewensbestuur ontwig aangespreek word. Die verandering in persoonlike lewensbestuur kan plaasvind in die lig van die koninkryksperspektief (vgl. Heitink, 1993:195,196). So staan die pastorale gesprek in 'n direkte verhouding tot persoonlike lewensbestuur. God kom tot die mens in sy bestuur van sake sodat sy lewe volgens die Skrif en volgens die wil van God bestuur kan word. Bepaalde lewensbestuursvaardighede kom ter sprake. Gesindheid, toewyding, verantwoordelikheid, doeltreffende tydsbestuur, sinvolle kommunikasie, verantwoordelike besluitneming, volharding, doeltreffende probleemoplossing en oorwinnaarsvaardighede word bevorder en aangeleer in die pastorale versorging van die gelowige. Só dra pastoraat by dat die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede bekom en effektiewe probleemhanteringsgedrag aanleer

# HOOFSTUK 4

## DIE UITDAGING AAN PASTORAAT VANDAG (PRAKTIESE RIGLYNE)

### 4.1 INLEIDING.

Persoonlike lewensbestuur is belangrik en noodsaaklik by elke mens wat doelgerig wil lewe. By die gelowige geld dit veral, aangesien hy of sy lewe sodanig moet bestuur dat hy of sy elke oomblik beweeg in die rigting van die koninkryk van God en dat die wyse waarop hy of sy hulle lewens bestuur, voldoen aan die eise van die Skrif.

Veranderende lewensomstandighede in die post moderne tyd, vra na ander en meer doeltreffende lewensbestuursvaardighede in die praktiese lewe. Pastoraat staan op hierdie punt voor geweldige uitdagings. Die lewensproblematiek van die dag vereis dat pastoraat betekenisvol geïmplementeer word om 'n sinvolle en suksesvolle lewe vir die gelowige te bewerkstellig. Pastoraat behels kommunikasie/gesprek. Gesprek is konstruktief, vernuwend, terapeuties en verhelderend. Dit dra by tot verandering in mense se lewens en hul bestuur van sake. Hierin lê vandag groot uitdagings aan die pastoraat want die evangelie moet sinvol gekommunikeer word in die praktyk van die lewe van die gelowige. Waar sinvolle kommunikasie van die evangelie nie plaasvind nie (as gevolg van problematiese situasies), tree pastoraat in sodat God die mens in sy persoonlike omstandighede kan ontmoet. Dit verduidelik die praktiese aard van teologie. Daar kan nie net met teorieë gewerk word nie. Teorieë alleen bring nie die gewenste verandering nie. Praktiese pastoraat is nodig dat die gelowige sy lewe in die praktyk reg sal bestuur. Daarom vind 'n pastorale gesprek plaas tussen die pastor en die pastorant. Saam word die lewensverhaal gerekonstrueer, gesoek na sin en betekenis en verstaan van die lewensgebeure, sodat verantwoorde lewensbestuursvaardighede bekom kan word. Die mens se lewe en gedrag en optrede loop deur 'n verhaal (vgl. Vos, 1995:42). Die verhaal kom in 'n pastorale gesprek op narratiewe wyse na vore deurdat op besondere wyse daarop gefokus word (vgl. Müller, 1996:21).



## 4.2 DIE VERHAAL EN DIE BENUTTING DAARVAN IN DIE PASTORALE GESPREK.

Peterson (1987:119) beskryf die verhaal as " ... the most adult form of language." In praktiese teologie en in die pastorale gesprek moet dit as 'n baie verneme riglyn vir die pastorale sorg raakgesien word. Die pastorale gesprek is nie maar net 'n gesprek nie. Dit het ten doel die grondige herskryf van die lewensverhaal tot in sy kern, sodat daar verandering en vernuwing kan kom. Die vertel van die verhaal word in die pastorale gesprek benut om onder andere aan die gelowige ander lewensbestuursvaardighede te laat bekom. Verhale verskil, maar het tog ook baie ooreenkomste. Peterson (1987:121) vergelyk verhale met die basiese eienskappe van 'n liggaam. Tog verskil elke liggaam van die volgende een. Elke verhaal klink anders, maar die basiese elemente van 'n verhaal, word telkens weer terug gevind. In die praktyk van pastorale teologie moet die volgende vyf karakteristieke eienskappe van 'n verhaal telkens onderskei word :

1. Elke verhaal het 'n begin en 'n einde. Verhale neem vorm aan binne ruimte en tyd. Daar is 'n verlede en 'n toekoms in elke verhaal.
2. Elke verhaal vertel van een of ander krisis of probleem.
3. Op 'n manier is daar 'n verlossing wat deel van die intrige vorm.
4. Karakterontwikkeling vind plaas. Dit gaan oor persone wat name dra en betekenis het binne die geheel. Die spelers in die verhaal en hulle verhoudinge tot mekaar, ontwikkel ook in die verhaal.
5. Alles in die verhaal het betekenis. 'n Verhaal behels 'n outeur en wat hy in die verhaal invoeg, word met 'n doel ingevoeg.

Aan die hand van hierdie vyf karakteristieke eienskappe van elke verhaal, word die pastorant gelei tot die vertel van die volle verhaal. Die pastorant word gelei om die



verhaal op so 'n wyse te vertel dat daar uiteindelik sinvolle rekonstruksie en herinterpretasie van die verhaal plaasvind. Dan word nie-werkbare bestuurspraktyke uitgewys, bepaal en bespreek. Verkeerde gesindhede, toewyding (commitment), die neem van verantwoordelikheid, wanbestuur van tyd, onsuksesvolle kommunikasie, verkeerde besluitneming en die onvermoë om probleme doeltreffend op te los, kom in die pastorale gesprek onder die vergrootglas. Die evangelie van bevryding en verlossing werp die nodige lig op die aangeleenthede. Die Heilige Gees wat in die pastorale gesprek teenwoordig is, bring verandering en vernuwing. Só dra die pastorale gesprek dan by tot die verkryging van verantwoorde lewensbestuursvaardighede. Kommunikatiewe handeling is intensioneel. Pastorale sorg en die pastorale gesprek is kommunikatiewe handeling wat doelbewus ingryp in die geloofslawe en persoonlike omstandighede van die gelowige met die doel om die nodige verandering te bring met die oog op die ideale situasie met betrekking tot die koninkryk van God. Pastores neem hierdie aspek in diens van hul pastorale versorging aan die gelowige. Müller (1996:104), dui die taak van die pastor as volg aan:

“Die terapeut se taak is dus om vyf groot bewegings uit te voer:

1. Help die gesin om die storie van nood so geartikuleerd as moontlik te vertel.
2. Lei die gesin om die storie van die verlede (gesinne van herkoms en die huidige gesin se geskiedenis) te vertel.
3. Help die gesin om die storie van die toekoms te vertel sodat die aard van die verduisterde toekomsbeeld uitgespreek word. Nou moet daar 'n omleidingsoperasie gedoen word, daar moet kanale oopgemaak word sodat “bloed” tussen hierdie twee stories kan vloei. Hierdie omleidingsoperasie vind vanself plaas sodat die stories bevredigend geherstruktoreer is. Sodra daar 'n vloei tussen die stories van die toekoms en die verlede is, word daar eintlik 'n nuwe teenwoordige of huidige storie geskep. Om dit te bewerkstellig moet die vierde beweging

uitgevoer word.

4. Herstruktureer die verledeverhaal. Met 'n positiewe herstrukturering en nuwe punktualies word - met dieselfde stel feite - 'n ander meer aanvaarbare storie geskep.
5. 'n Rekonstruksie van die toekomsverhaal is die laaste punt op die agenda. Deur middel van verbeelding moet 'n nuwe toekomsbeeld geskep word. Dit is nou moontlik op grond van 'n geherstruktureerde verledeverhaal.

So ontstaan daar ook 'n baie natuurlike plek van *Die Storie*. God se storie kan 'n gesin help om beide verlede- en toekoms stories so te herstruktureer dat dit verbindingskanale oopmaak, en dit laat mense in die hede verander. 'n Verandering in die hede is nie moontlik sonder duidelike verbindingslyne tussen die storie van die verlede en die storie van die toekoms nie. Vanuit God se Verhaal kan ons ons eie verhale herinterpreteer. Met 'n nuwe "reframing" kan 'n andersins pynlike verledeverhaal nou soos 'n klip onder die stroom word waarop ek kan vastrap en nuwe hoop kry om die oorkantse wal ongeskonde te haal."

Die pastorant kom na die beradingsessie om sy verhaal te vertel. Pastores benut die geleentheid om vas te stel waarom die huidige verhaal vasgeloop het. Die verhaal uit die verlede het geloop tot hier waar die persoon nou probleme het. 'n Verhaal wat 'n vloei het van die verlede deur na die toekoms, bevat die nodige potensiaal, wat verandering meebring. Die pastor lei die pastorant daartoe om die verledeverhaal en die toekomsverhaal, vanuit die huidige vasgeloopte verhaal te vertel en te rekonstrueer. God se verhaal in ons verhaal lei tot sinvolle herinterpretasie. Vanuit God se Verhaal kan ons ons eie verhale herinterpreteer.

Om verskeie redes is dit nie maklik nie. In die praktyk van die pastorale sorg, tref ons soms "onverklaarbare" en "onverstaanbare" probleme aan. Rondom die pastorale

gesprek, heers daar 'n sekere problematiek wat eers onder oë gekry moet word. Die pastorale gesprek is die "hart" van pastorale sorg. As daardie "hart" nie reg funksioneer nie, ly pastorale sorg geheel en al daaronder. Die teologie van die pastorale gesprek kom derhalwe hier ter sprake. Enkele praktiese riglyne sal in die bespreking onderstreep word. Deur die onderstreping van sekere praktiese riglyne word nie alleen die relevansie van hierdie studie beklemtoon nie, maar ook die uitdaging aan pastoraat vandag, met die oog die verwerwing van Skrifgefundeerde lewensbestuursvaardighede.

### 4.3 KOMMUNIKASIE PROBLEMATIEK..

Die post moderne mens verkeer in groot nood. Hier by die wisseling van die twintigste eeu, verander die wêreld teen 'n duiselingwekkende tempo. Nie net die wêreld nie, maar ook dié wat daarop woon lyk ingrypend anders as sowat vyftig of sestig jaar gelede. Ten spyte van groot vooruitgang op al die terreine van die lewe, verkeer die mens vandag in groot geestelike nood. Die aandag wat pastorale sorg aan die mens vandag gee, hang saam met die beangste verskynsel van sekularisasie. Hierdie ontsaglike beweging van emansipasie van alle lewensterreine van die gesag van God en die gesag van die kerk, gepaardgaande met die ontwikkeling van 'n moderne samelewing wat beheers word deur die groot onpersoonlike magte van ideologie en tegnologie, het pastorale sorg voor ingrypende probleme geplaas. Sekularisasie het ook binne die kerk sy invloed laat geld. Pastorale sorg is eerstens gerig op lidmate van die gemeente, maar die lidmate leef binne die gesekulariseerde wêreld. Die invloede wat in die wêreld werksaam is, word dus via kerklidmate wat daar leef, in die kerk ingedra. **Die pastor sal dus in sy pastorale optrede rekening moet hou met dit wat in die post moderne wêreld aan die gang is, sodat hy in die pastorale gesprek, nie by die mens van die een en twintigste eeu verbypraat nie.** Die gesag van God, die gesag van die Bybel, die gesag van die kerk en selfs die gesag van die ampsdraer, word nie meer as vanselfsprekend aanvaar nie. Die a-godsdienstige mens moet eers weer van hierdie gesagsstrukture bewus gemaak word. Die Bybel, die kerk en die pastor het as gevolg van sekularisasie vir die post moderne mens op die agtergrond geraak. Die pastor wil met hierdie mens in gesprek tree en dit vereis baie vernuf en

oorredingskrag om die gesekulariseerde, a-godsdienstige mens te bereik en te betrek by 'n pastorale gesprek wat onder andere handel oor Skrifgefundeerde lewensbestuursvaardighede. Sekularisme het juis die toekomspektiewe verdof. Die soeke na die sin van die lewe word hoog op die agenda geplaas.

Die uitstaande kenmerke van sekularisasie is: individualisme, massafikasie en toenemende godsdienstloosheid. Dit skep probleme vir pastorale sorg en vir die pastorale gesprek (vgl. Smuts, 1962:6).

#### **4.3.1 Individualisme.**

In die middeleeue het die bevolking van Wes-Europa in hegte samelewingsverbande geleef. Met die Renaissance word die mens as individu ontdek. Dit was ook die beginpunt van die vereensaamde individualisme. Couwenberg beskryf dit as volg: "De mens ontdekt zichzelf als individu. Van groepswezen wordt hij, naarmate dit proces van emancipatie en secularisatie zich voltrekt, meer en meer een zelfstandige persoonlijkheid met eigen wil en eigen denken, op grond waarvan hij zich in toenemende mate gaat verzetten tegen het gevestigde cultuurpatroon. Dit proces van emancipatie en secularisatie dat dus met een groeiend ik-besef gepaard gaat (men duidt dit verschijnsel ook wel aan als het individualisatie-proces), is de eerste factor in de vereenzaming van de moderne mens. Het is in zijn uitwerking een uniek gebeuren in de historie" (Couwenberg, 1958:24).

Individualisme het in drie fases hom voltrek. Tydens die Renaissance en die Kerkhervorming begin die rasideel-handelende mens hom meer en meer outonoom voel. Tydens die verligting ontwikkel die tweede fase wanneer die heerskappy van die menslike rede verklaar word. Met die Franse Rewolusie, kom die massa vir die eerste maal in beweging, aangevuur deur die rewolusionêre idee van individuele vryheidsregte. Die emansipasie van die enkeling begin met die negentiende eeu. In die derde fase dring individualisme nou deur tot alle lae van die bevolking en word 'n massa-verskynsel. Nou is die moderne mens totaal losgeruk van die ou maatskaplike en geestelike bindinge wat sekerheid in die lewe gegee het. Die selfstandig geworde

“ek” het geen sekerhede meer nie want die groepsgebonde sekerheid van vroeër is weg. Daar is ook in die plek daarvan nog niks geplaas wat sekerheid bied nie. In sy selfstandigwording, het hy verder vereensaam. Hy is nou totaal onseker oor die lewe. Jean Paul Sartre is ‘n bekende eksistensiefilosof wat ‘n tipiese verteenwoordiger is van die lewensgevoel van die selfstandige mens. Hy sien die mens as ontsettend eensaam, ‘n vreemdeling vir ander mense en ook vir homself. Pastorale sorg moet hiervan deeglik kennis neem. Die selfstandige mens is nie meer instaat om ‘n ander werklik te ontmoet nie. Hy is eensaam en onseker. Dit bring die geweldige kommunikasiegapinge na vore waarmee ons in die pastorale gesprek en selfs in die prediking worstel. Die post moderne mens leef saam met andere, met wie hy inderdaad nie wil saam wees nie. Werklike kommunikasie het baie moeilik geword. Die vereensamingsproses en die groot onsekerheid wat by die mens heers, belemmer sinvolle gesprek. In Suid-Afrika het ons vroeër, miskien gedurende die vyftiger jare, ook nog hegte gesins- en familiebande gehad. Op die plase en op die platteland het hegte samelewingsverbande nog bestaan. Saam met die wêreldverskynsels van sekularisasie en massafikasie, het in Suid-Afrika ook nog verstedeliking taamlik vinnig bygekom. Hier by die nuwe millenium kry ons nou te doen met die onsekere losgeslane, vereensaamde massamense. Met hom of haar wil ons in gesprek tree oor sy of haar lewensnood. Dit bied geweldige uitdagings aan pastoraat. Hoe benader jy nou só ‘n mens? Sedert 1994 het Suid-Afrika ook snel verander in ‘n demokrasie. Groot onsekerheid heers oor die toekoms. Gelykshaking is nog vreemd vir baie mense. Stakings en geweld vier hoogty. Die pastor moet weet om hierdie losgeslane, onseker mens in ‘n pastorale gesprek te betrek. Saam moet hulle soek na die sin van die lewe. Saam moet hulle soek na ander lewensbestuursvaardighede wat aangepas is by die moderne kerk en samelewing.

#### **4.3.2 Massafikasie.**

Dit vind nie noodwendig plaas wanneer ‘n groot aantal mense bymekaar is nie, maar wel wanneer die lewensvoorwaardes vir elke individu binne die massa “massaal” word. Die enkeling word in die massa verswelg. ‘n Samehoping van mense sonder binding aan mekaar ontstaan (vgl. Smuts, 1962:12). Niemand ken die mens meer as persoon

nie. Hy word bloot 'n nommer. **Pastors moet dit insien dat in so 'n bedeling niemand meer rekening hou met die persoonlike belange en behoeftes van die enkeling nie. Die kerk en by name die pastor, kan egter hieraan voldoen deur pastorale sorg.** Die vlug in die massa in, kan ook dikwels gesien word as 'n ontvlugting uit die eensaamheid uit. Moderne lawaaierige musiek het as gevolg hiervan ontstaan. Die mens luister nie eers regtig na die musiek nie, maar dit moet baie hard wees sodat dit sy eensaamheid kan verdryf en hy kan voel hy is ten minste een van die massa wat so lawaaierig en onseker lewe! 'n Konfrontasie met die werklikheid, is vir die moderne individu skrikwekkend. Hy skuil liever tussen die massas en vereenselwig hom met die demokrasie. Dit maak die pastorale gesprek dus baie moeilik, want hierdie mens word nou uit die massa uitgehaal om in dialoog met die pastor te kom staan. Massafikasie is nie net 'n vlug uit die eensaamheid nie, maar moet ook herken word as die afskuiwing van persoonlike verantwoordelikheid. Dit maak ons tema juis so belangrik. **Verantwoorde lewensbestuur is vir die gelowige noodsaaklik.** Die massa is nie instaat tot verantwoordelikheid nie. Slegs as enkeling kan die mens voor 'n beslissing en verantwoordelikheid gestel word. Dit is 'n baie belangrike lewensbestuursaspek. Wie dus as massa-mens leef, ontduik die verpligting tot verantwoordelike persoonlike stellingname. Massafikasie hou vir die kerk 'n ernstige bedreiging in. Waar die kerk van Jesus Christus egter waarlik kerk is, is massafikasie (massawording) ontmoontlik. Ware gemeenskap binne die kerk dui op die warme toewending tot mekaar. Die gelowige is 'n lid in die liggaam van Christus, waar lede in mekaar se wel en weë belangstel, mekaar se smart en vreugde deel en waar pastorale versorging nog belangrik is. Ons tref die massa-wording veral in moderne stedelike gemeentes aan. Die mense is vreemd vir mekaar. Saam aanbid hulle, sing hulle en luister na die prediking; hulle sit saam aan die Nagmaalstafel, maar wanneer hulle daar weggaan, groet hulle mekaar nie eers nie. Wat weet kerklidmate in 'n groot stad eintlik van mekaar? Persoonlike belangstelling in mekaar ontbreek tot 'n baie groot mate. Dit maak pastorale versorging juis nog meer belangrik.

Dit bring ons by die problematiek van kommunikasie. Die toenemende individualisme en massafikasie van ons tyd, het die ineenstorting van kommunikasie bewerk. Vroeër in hierdie navorsing is die belangrikheid van kommunikatiewe handeling in diens van

die Evangelie uitgewys. Die pastor moet dus kennis neem van die problematiek rondom kommunikasie, om sinvol daarby aan te pas. Ons het die mees uitstekende kommunikasie middels van alle tye. Tog het die gesproke woord, 'n ernstige devaluasie ondergaan. Gespreksverskraling het ingetree as gevolg van massafikasie en sekularisasie en gevolglike vereensaming van die mens. Die massamens tree baie moeilik in gesprek met 'n ander. Probeer om iemand in die straat iets te vra. Met groot verontwaardiging sal jy aangekyk word! 'n Ware ontmoeting vereis dat hy homself sal moet gee en homself aan 'n ander persoon sal moet bind. Hiertoe is die massamens nie instaat of bereid nie. Hy wil slegs 'n onpersoonlike nommer, sonder spesifieke verantwoordelikhede bly. **Pastores moet hulleself die vraag afvra: hoe tree jy met dié mens in 'n ware, pastorale gesprek en roer dan ook nog in die gesprek aan die dieptes van sy innerlike lewe?** Hy is eensaam, onseker en gereserveerd! Hy bestuur sy lewe volgens wêreldse beginsels en nie volgens Skrifgefundeerde beginsels nie. Hy het gefaal in die verantwoordelike bestuur van sy lewe. Hy worstel met ingewikkelde en moderne lewensprobleme. Dinge maak net nie meer sin nie! 'n Sinlose, a-godsdienstige, diskommunikatiewe bestaan tussen die massa word gelewe!

#### **4.3.3 Toenemende godsdiensteloosheid.**

Teenstand teen godsdien in die algemeen is alreeds groot, maar dit word steeds groter. Sekularisasie bring godsdiensteloosheid in toenemende mate. Nietzsche verklaar dat God dood is! Die post moderne mens staan nie vyandig teenoor die godsdien nie, maar eenvoudig baie onverskillig teenoor die godsdien. Vir die post moderne mens is God inderdaad dood; kyk na sy lewensbestuur en lewenspraktyk. Hierdie feit onderstreep die relevansie van hierdie navorsing. Hoe kan die pastorale gesprek (en ook die prediking?) vandag bydra om die mens verantwoorde lewensbestuursvaardighede te laat bekom, sonder God en sonder sy Woord? A-godsdienstigheid by die post moderne mens skep vir ons vak 'n groot probleem. Dit lyk of die pot se boom uitgeval het! Die verhouding van die mens tot God is ook deur sekularisme totaal versteur. Die verhouding tot homself en tot sy medemens is eweseer sodanig versteur dat hy nie met homself of met 'n ander in sinvolle gesprek kan tree nie. Hier lê 'n groot uitdaging aan die pastorale gesprek. Pastorale teologie



moet van hierdie toedrag van sake ernstig kennis neem. Op hierdie problematiek moet daar 'n antwoord en 'n prakties-teologiese oplossing kom. Die pastorale gesprek tussen mens en mens, staan immers in diens van die groter Gesprek tussen God en mens. Die kommunikatief handelingsteoretiese aspek van pastoraat beklemtoon dit ten seerste. As die groot Gesprek verskraal het, hoe sal die pastorale gesprek dan sinvol gevoer word?

Dit is die taak van die pastorale teoloog om die gesekulariseerde wêreld in al sy fasette te ken en die invloede daarvan by die mens raak te sien. Hy moet homself ook rekenskap gee van die korrekte wyse waarop hy die pastorant sal ontmoet om met hom in pastorale gesprek te tree. In pastoraat word immers 'n helpende hand uitgesteek om die mens in sy bestaansnood aan te gryp en hom tot God te bring. Pastorale hulp moet aan die veranderde en veranderende omstandighede beantwoord. Dit beklemtoon die uitdaging aan pastorale beraad vandag. Eberhard Müller skrywe: "Elke eeuw moet op nieuw nadenken over Gods opdracht, die haar gegee is, en mag niet gewoon doorgaan met de woorden en methoden der vaderen, hoe probaat en beproefd zij in vroegere tijden ook geweest mogen zijn." Die ware en blywende aktualiteit van pastorale sorg, ontleen hom aan die feit dat God self sy kerk tot die beoefening daarvan roep. God wil dat ons as gelowiges met mekaar in gesprek tree. God praat tog voortdurend met die mens. Daarom moet ons ook met mekaar praat. Die werklike pastorale gesprek, wat met die nodige kennis en bekwaamheid en met die nodige geloof, hoop en liefde gevoer word, kan pastorale versorging bied aan die soekende, tastende, dwalende, falende, a-godsdienstige, post moderne mens. Die alleenmens in die massas en in die massa-samelewing, is dié een wat in opdrag van die Here opgesoek moet word en pastoraal versorg moet word. Want **hy** is die een wat met sy lewensnood geen raad meer het nie. **Hy** kom na die pastor om in die pastorale gesprek God en homself te herontmoet. **Sy** lewe moet weer in perspektief kom. Die sin van die lewe moet weer verstaan word. Hy het nodig om deur bepaalde lewensbestuursvaardighede te ontdek, hoe om sy lewe op Skrifverantwoorde wyse te gaan bestuur. Pastoraat moet daartoe help, terwyl daar besef word dat die Bybel nie meer noodwendig die belangrikste plek in sy lewe inneem nie.

#### 4.3.4 Die huidige tendens.

'n Prakties-teologiese antropologie hoort tot die basisteorie van die praktiese teologie. Die handelingsveld van mens en godsdienstelewenis het ten opsigte van die kerk gedifferensieër. Dit hang ten nouste saam met die verselfstandiging van die individu. Die proses van subjektivering maak dat "om te glo" in die moderne samelewing problematies geword het. Dit skep egter nuwe moontlikhede en 'n geweldige uitdaging aan veral die pastorale teologie. Godsdienstone ontwikkeling en godsdienstervaring as gevolg van voortgaande sekularisasie het in die jongste tyd belangrike temas geword. Kerk en samelewing het op kritiese wyse hierby belang. Die werk van die kerk word vanuit die perspektief van die samelewing krities geëvalueer.

Tot die kern van 'n prakties-teologiese antropologie behoort die vraag na die sin van die lewe. Die huidige tendens is dat die vraag na die sin van die lewe 'n baie dringende vraag geword het. Hierdie aspek dra by tot die huidige geloofsproblematiek. Die sinvraag het te doen met die diepe vervreemding van die mens in die kulturele samelewing. Welvaart speel ook 'n rol deurdat dit gemiddeld lyk asof dit goed gaan met die mens in die algemeen. Maar die anomie as die innerlike ontsporing van die samelewing, wat baie mense tot ernstige vertwyfeling gebring het, is minder opsigtelik. Dit gaan in die Christelike geloof om "sin gewing" op die basis van "sin ontvang." Geloof moet sodanig beleef word, dat die mens egte sin daarin verkry. Die sinvraag slaan terug op die Godsvraag om 'n inhoudelike invulling van die Christelike geloof. Die mens moet ook sin hê in die geloofsgemeenskap binne die kerklike konteks. Psigologiese oplossings om die psigiese nood in die huidige samelewing aan te spreek voldoen hoegenaamd nie. Die vraag: Waarvoor leef ek? en die vraag: Wat gee my hoop? verwys na die begrip geestelike gesondheid en dit gaan die psigologiese hulp ver te bowe. Pastorale versorging en by name die pastorale gesprek, moet hier hulp verleen. Die sinvraag is ten diepste lewensbeskoulik van aard en dit is waarmee die mens vandag hom die meeste bemoei. Pastorale sorg bewerk interaksie met andere waardeur singewende bronne in iemand se lewe ontstaan wat help om antwoorde te gee op eksistensiële vrae. Hierdie singewende bronne is afhanklik van die persoon se eie lewensgeskiedenis (biografie) en van die spesifieke situasie waarin hy verkeer.

In pastorale versorging vra dit die aandag vir die persoon se eie lewensverhaal om sodoende in die pastorale gesprek te ontdek waar iemand se singewende bronne te vinde is. Die narratiewe aspek binne die pastorale teologie en pastorale psigologie wat langs hermeneutiese weg die verhaal van die mens verbind met die Verhaal van die Skrif (die mens as lewende dokumente) speel hier 'n vername rol (vgl. Andriessen / Heitink 1985, Gerkin 1986, Veltkamp 1988, Bons-Storm 1989).

Geloof moet by die mens ontwikkel in geloofsoortuiging. By elke mens is geloofsontwikkeling ter sprake. Die geloof van 'n tiener is "anders" as die geloof van 'n volwassene, omdat daar ontwikkeling by die mens plaasvind. Wanneer mense dus op religieuse wyse sin en betekenis aan hulle lewe kan gee, gebeur dit op grond van godsdienstige ontwikkeling. Bons-Storm (1986,350) is van mening dat mans en vrouens die verhouding tot God, verskillend beleef. In ons pastorale handeling sal dus die ervaring wat eie is aan mans en eie is aan vroueNs, verdere aandag moet kry. Op hierdie punt sal vasgestel moet word of dit slegs 'n teorie is en of dit in die praktyk so is. Die geestesgesondheid van die man én die vrou, en geslaagde pastorale hulp aan die man én die vrou, is op die spel (vgl. C.J.M. Halkes, 1984: 114 en Belenky, e.a. 1986 en C. Gilligan, 1985). Die psigologie van die religieuse ervaring het oor die afgelope aantal jare deur middel van godsdienst-psigologiese ondersoek, baie aandag gekry. Die voorwaardes waarvolgens religieuse ervaring tot stand kom moet vasgestel word. Daarby speel interpretasie 'n belangrike rol. In pastoraat vandag sal spesifiek verdere aandag gegee moet word hoe die gelowige deur middel van Skrifgefundeerde beginsels sy lewe sinvol en reg sal kan bestuur

#### **4.4 DIE PASTORALE GESPREK.**

Die pastorale gesprek vorm slegs een onderdeel van die pastorale sorg. In hierdie verhandeling is dit 'n baie belangrike aspek van ons navorsing. Sonder om indringend na die pastorale gesprek in die lig van die voorafgaande te kyk, sal nie reg laat geskied word aan die omvang van ons pastorale sorg nie. Die pastorale gesprek is nie 'n geselsie nie. Ook nie net 'n gepraat nie. Dit is in wese ook nie 'n onderhoud of 'n preek nie. Ons het vroeër in hierdie werk die belang van die "verhaal" onderstreep.

Sulke lewensverhale word nie in 'n gewone gesprek of geselsie vertel nie. In die pastorale gesprek wel. Die pastorale gesprek is die hart van pastorale sorg. Pastorale sorg voltrek hom in die wesenlike gestalte van die pastorale gesprek. Sonder die pastorale gesprek kan nie gedink word aan omvattende praktiese pastorale sorg nie. Die bevrydingsevangelie is nie bloot 'n aantal rasideel-formuleerbare waarhede wat langs verstandelike weg oorgedra word nie, maar die Christelike geloof is 'n saak van die hart, van eksistensieële ontmoeting en beslissing, waarby alle aspekte van die gelowige ten volle betrokke is. In die ware pastorale gesprek resoneer die persone wat daaraan deelneem in al die dieptes van hul persoon wees mee. **Die pastorale gesprek bied die geleentheid om die lewensverhaal tot in sy kern te herskryf en tot ware verstaan te kom.** Dit moet onthou word dat die praktiese probleme van die pastoraat, per slot van sake teologiese probleme is wat opgelos moet word.

Die gesprek in pastorale sorg moet enersyds goed teologies fundeer wees en andersyds goed gerig wees op die konkrete nood van die post moderne mens. Daarom is dit nodig om die subjek van die pastorale gesprek reg te sien. God is 'n sprekende God wat met liefde en genade sy Seun as ons Opperherder en Verlosser gestuur het. Jesus is Immanuel, God met ons. Agter elke pastorale gesprek, staan Hy as Pastor. Die woord het vlees geword en onder ons kom woon. Die Bybel is die geopenbaarde Woord van God. Daarin spreek God tot die mens, vandag nog. Hierdie Woord word in die amptelike prediking bedien, verklaar en toegepas. In die openbare erediens kom God in sy Woord tot die gelowige. In die pastorale gesprek kom God ook tot die gelowige in sy nood, om ook dáár in sy persoonlike lewe aan die woord te kom (en die pastoraat kom aan die woord oor sy eie lewe). In die pastorale gesprek gaan dit om die werklike aanspreke van die mens deur die Woord van God. In praktyk kom dit daarop neer dat die pastor dubbeld luister. Hy luister na die Woord van God en hy luister na die woorde van die mens met wie hy gesprek voer. Die pastor moet 'n oor hê vir God se Verhaal én die mens se verhaal (vgl. Müller, 1996:105). In praktyk word die mens se hele lewe gestel onder die oordeel van die Woord van God en in sy voorlopigheid blootgelê. Die hele mens met alle aspekte van sy lewensproblematiek staan dan in die lig van die evangelie van verlossing en word in die pastorale gesprek ook die vergiffenis van sondes amptelik aan die enkeling verkondig. Die vrede van

God wat so verkondig word, is 'n totale vrede wat die hele mens met alle aspekte van sy lewensproblematiek omvat. Dit is wat prakties in pastorale sorg moet gebeur, sonder dat pastorale sorg as hulpfunksie vir die prediking gesien word. Die evangelie wat baie ryk van inhoud is, moet naas die vergewing van sondes, ook al die ander geopenbaarde waarhede insluit. Die mens se behoeftes is ook groter as net 'n behoefte aan vergewing van sondes. In praktyk moet die konkrete mens met sy konkrete lewensnode in die pastorale gesprek met die Woord van God bedien word. Vanuit die heil van Christus, word lig gewerp op alle aspekte van die mens se lewe. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat as ons spreek van die teologie van die pastorale gesprek, dat hierdie gesprek van alle ander gesprekke verskil in een opsig naamlik: alhoewel die gesprek tussen twee gespreksgenote verloop, die eintlike subjek God self is. Ons wil God se verhaal in die verhaal van die pastorant hoor en reg sien. God spreek tot die mens in al die aspekte van sy unieke lewensbestaan. Die kommunikatiewe handeling van God kom in die pastorale gesprek alleen tereg as die pastorale gesprek die inisiatief is wat van God uitgaan. Die twee gespreksgenote is nie gelykwaardige vennote nie omdat die pastorale gesprek in diens staan van die groot Gesprek wat God met die mens voer. Net by God is die eerste en laaste woord te vinde. Calvyn verklaar die volgende: "Dit is duidelik dat die mens nooit tot ware selfkennis kom tensy hy eers die aangesig van God aanskou het en na sodanige aanskouing afkom om na homself te kyk nie" (J Calvyn, DEEL EEN, 1,2).

#### **4.4.1 Die teologie van die pastorale gesprek.**

Om tot ware kennis van die mens wat in die pastorale gesprek betrek word te kom, is nodig om te weet wat die Bybel sê oor daardie mens. Vir die teologie van die pastorale gesprek is nodig, dat 'n Bybels antropologiese siening gehandhaaf word. Die Skrif openbaar dat die mens 'n geskape wese is en geskape is na die beeld van God. Hierdie beeld is nie beperk tot die siel van die mens nie, maar brei hom uit oor die hele mens. Bavinck praat van die imago Dei. Die mens is in siel en liggaam, in alle vermoëns en kragte, in alle toestande en verhoudinge, die beeld van God. Die mens as beelddraer van God is 'n persoon. Hy is uniek. **Prakties beteken dit dat die pastor in sy pastorale gesprek moet besef dat die pastorant persoonlik**

**gediagnoseer, aangehoor en behandel wil word.** Pastores mag in die praktyk van die pastorale sorg nooit mense sien as bekende en algemene verskynsels nie. Ook hulle probleme kan nie as bekende en algemene verskynsels behandel word nie. Skrywer het hieroor ernstige beswaar teen die verskynsel van ons dag, dat enige persoon “berading” kan doen! “Counselling” het ‘n modewoord geword. In Suid-Afrika is baie “counsellors” te vinde. Hierdie toedrag van sake, degradeer die professionele counselling van onder andere die medikus, psigoloog en veral die predikant. “Genesing” word langs dié weg ‘n doel op sigself en word dit losgemaak van die Woord van God en die werk van Christus en die Heilige Gees. Alhoewel “counseling” in ander professies herken en erken moet word, word nie aanvaar dat selfs “ongekwalifiseerde” mense in ons tyd “berading” doen nie!

In die pastorale teologie is en bly die geopenbaarde wil van God en sy kommunikatiewe handeling met die mens wat Hy uniek geskape het, prioriteit. God het wel die mens deur sy magswoord geskape, maar spreek vandag nog tot hom deur sy Woord. Op daardie Woord moet die mens antwoord. Hy moet ook aan die eise van God se Woord beantwoord. Daarom is Skrifgefundeerde doelstellings vir sy lewe en Skrifgefundeerde lewensbestuursvaardighede so nodig. Met hierdie verantwoordelikheid wat die mens kragtens die skepping het, moet die pastorale gesprek rekening hou. Die mens moet antwoord op en moet beantwoord aan die Woord van die sprekende God.

Teen hierdie agtergrond is dit baie duidelik dat dit per slot van sake die kommunikatief handelende God is, wat in al ons pastorale gesprekke moet figureer. Die gefundeerdheid van die menslike bestaan in die Woord van God en die feit dat die mens in dialoog met God staan, bring ons by die pastorale gesprek as kommunikasiemiddel. Die mens is geskape vir ‘n gesprek met God. Ook om met sy medemens in gesprek te tree. Mense wat dieselfde taal praat, verstaan mekaar en hoort bymekaar. So kom ‘n gemeenskap onder mense tot stand. Dit is ook die basis tot gemeentevorming. Die gesprek is die hart van ons pastorale sorg. In ons pastorale gesprek is die Heilige Gees teenwoordig. **Hy en Hy** alleen bring verandering in mense se lewens. Die sonde verlore mens word aangespreek deur God in sy Woord. Die



Heilige Gees as Trooster en groot Pastor implementeer die Woord en bring verandering en vernuwing, op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus. Die gevalle toestand van die mens na die sondeval moet in die pastorale gesprek nooit uit die oog verloor word nie. Pastores wat werklik met die Woord in die hand 'n pastorale gesprek voer, sal weet dat sonde direk aangespreek behoort te word. Die mens as verantwoordelike geskape skepsel, bly aanspreeklik vir sy sonde en hy mag hom nie verontskuldig deur te glo hy is nou maar eenmaal 'n mislukking nie. Jesus het gesê: "Die wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is" (Matt. 9:12). So pragtig en insiggewend is ook die indeling van die Heidelbergse Kategismus in hierdie verband: Kennis van die ellende, kennis van die verlossing en kennis van die dankbaarheid. Die mens moet homself aan die hand hiervan opnuut in die pastorale gesprek ontdek. Die sondeval het die mens tot in sy wese aangetas. Hy is nie net deur die sonde vervreem van God nie, maar ook vervreem van homself en van sy naaste. Dit is immers waarom Jesus die wet van God saamvat as Hy sê: Liefde tot God en liefde tot jou naaste. In die pastorale gesprek moet die sondeverlorenheid ("die siekte") aangedui word vanuit die Woord van God. Dit is die kennis van die ellende. Eers as die pastorant weet, op bewuste wyse, van sy ellende (sy siekte en sy noodtoestand) sal hy soek na die verlossing daaruit. Wie siek is, dié het die dokter nodig. Sonde mag onder geen omstandighede in die pastorale gesprek verbloem word nie. Die verlossings-evangelie kom eers tot sy volle reg, as genoegsame selfkennis van die ellende (en sonde) van die mens bestaan. Dan kom die kennis van dankbaarheid ter sprake - 'n lewe uit dankbaarheid, volgens die wil van God. Kennis van die ellende lei tot kennis van die verlossing. Soms lei kennis van die verlossing, tot kennis van die ellende. **Die indeling van die Heidelbergse Kategismus moet dus hier nie op rigiede wyse verstaan word nie.** Dit word ook in die skematiese voorstelling op bladsy 129 van hierdie verhandeling nie rigied bedoel nie. Elke mens het sy eie religieuse ervaring van verlossing. Kennis van die ellende en kennis van die verlossing lei weer tot kennis van die dankbaarheid. Dan bestuur die gelowige inderdaad sy lewe volgens die beginsels van Skrif - uit dankbaarheid.

In hierdie hoofstuk waarin enkele praktiese riglyne vir pastoraat aangedui word, moet ons ook kennis neem van die deurwerking van die sonde op die kommunikasie van die



mens. **Die sondegevalle mens leef in ex-kommunikasie.** Dit is ook die een enkele rede waarom mense bymekaar verby lewe en verby mekaar praat. Ex-kommunikasie skep groot verwarring en groot verdeeldheid - self in gemeentes en in die kerk! Mense mag dieselfde taalmedium gebruik, maar tog praat hulle nie dieselfde taal nie. Hulle verstaan mekaar nie, hulle raak innerlik nie meer aanmekaar nie. Hulle praat nie meer van hart tot hart met mekaar nie (vgl. Smuts, 1962:100). In die praktyk van pastorale sorg, moet die pastor terdeë bewus wees van hierdie aspek van ex-kommunikasie. Die pastorale gesprek beteken niks as daar bymekaar verbygepraat word nie. Ampshalwe sal hierdie bediening dan ook nie as geslaagd beskou kan word nie. God moet die mens in die gesprek ontmoet en die mens moet God in die gesprek werklik ontmoet. Kennis van die ellende, (bewus van siekte) lei tot kennis van die verlossing (soek na die dokter) en bring tot kennis van die dankbaarheid (bestuur die lewe volgens Skrifgefundeerde vaardighede).

In die teologie van die pastorale gesprek word die mens nie slegs gesien as persoon wat geskape is om in 'n verhouding tot God te staan nie, ook nie bloot as mens wat uit die regte verhouding verval het nie, maar veral word die mens gesien as iemand wat die voorwerp van God se opsoekende liefde is, iemand wat gered kan word en gered moet word. Dit beteken dat pastores die mens in die gesprek veel meer moet verstaan en benader vanuit sy toekoms as vanuit sy verlede. Die verlossings-evangelie omspan eskatologies die hele mens. Die verlossing in Christus wat ter sprake is, is 'n omvattende verlossing. Daarby is inbegrepe sowel die primêre en prinsipiële verlossing by die wedergeboorte en die bekering as deurwerking van hierdie nuwe beginsel oor die hele terrein van die lewe, wat as heiligmaking aangedui word. Die lyde en sterwe van Jesus Christus is 'n voldonge feit. Aan die kruis op Golgota het Hy sy liggaam verbreek en sy bloed vergiet tot 'n volkome versoening van al die sondes van die mens. In die pastorale gesprekskamer sal dus of 'n persoon aangetref word wat in Christus verlos is, dit wil sê in 'n persoonlike verhouding met die Here staan omdat hy of sy daardie besluit geneem het, of een wat nie glo in Christus die Verlosser nie en dus nie in 'n persoonlike verhouding tot die Here staan nie, eenvoudig omdat hy of sy só besluit het. Pastores moet dit voor oë hou, wanneer die pastorant sy of haar verhaal vertel. Is God inderdaad aanwesig in die verhaal, of is Hy totaal afwesig?

Die pastorale gesprek moet teologies gesien word. Dit is deel van die praktiese teologie.

Verder moet besef word dat die verlore sondeur, wat in 'n persoonlike verhouding met die Here lewe, geen volmaaktheid besit nie. In hierdie lewe besit die mens maar net 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid aan God. Heiligmaking gaan voort om die mens hoe langer hoe meer na die beeld van God te vernuut. Hier kom pastorale sorg en spesifiek die pastorale gesprek te pas. Dit maak die tema van hierdie verhandeling so relevant. Ander en beter, verantwoorde lewensbestuursvaardighede moet bekom word, sodat die gelowige 'n sinvolle koninkrykslewe voor die aangesig van die Here kan lei. Die Bybel leer dat daar groei in die lewe van die gelowige moet plaasvind, totdat daar heerlike vrugte van dankbaarheid en heiligmaking na vore kom. Psalm 1 maak hierdie gedagte duidelik. Die Here ken die weg van die regverdige, maar die weg van die goddelose sal vergaan. Die regverdige is standvastig soos 'n boom wat by die waterstroom geplant is, terwyl die goddelose, onstandvastig is en soos kaf deur die wind verstrooi word. Van die regverdige, kan 'n lewe verwag word, wat inderdaad volgens Skrifgefundeerde lewensbestuursvaardighede gelei word.

In besondere sin is die proses van heiligmaking die mees omvattende saak waaraan die pastorale gesprek aandag gee. Hier word die meeste probleme gevind - hier waar die onvolmaaktheid en onvolkomenheid aangetref word. Die gelowige is in die wêreld maar nie van die wêreld nie. Op die pad van die gelowige lê versoekings en twyfel. Hy moet elke dag 'n groot stryd voer teen die sonde en teen sy eie verdorwe natuur. Hy staan midde in al die ingewikkelde verhoudinge van die moderne lewe. Die post moderne wêreld staan koud teenoor sy geloof en sy verlossing. Alleen maar binne die kerk en die gemeenskap van die gelowiges is daar waardering vir sy Christelike geloof en lidmaatskap van die kerk. Die pastorale gesprek moet hierdie aspek van die lewe van die gelowige per se akkommodeer. **Die pastor moet die waarde van sy Christelike geloof vir hom benadruk.** Die stryd van die gelowige en sy groei in die heiliging van sy lewe, is vir die pastorale sorg meer as net van teoretiese belang. 'n Pastorale gesprek vind plaas met 'n unieke, konkrete mens. Sy behoeftes, nood en probleme is konkreet. Hy leef nog in 'n onvolmaakte gesekulariseerde bedeling.

Pastorale sorg vind egter plaas met die doel om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en vir die opbou van die liggaam van Christus. So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeiende mens wees, so volmaak en so volwasse soos Christus (vgl. Efes. 4:12-13). Pastorale sorg moet hierdie vereensaamde mens met liefde en warmte betrek. Uit sy onsekere wêreld, moet hy in die pastorale gesprek verseker word van God se bemoeienis met hom. Eers as hierdie mens God kom ontmoet het, kan sy lewe radikaal verander word. Dan kan God en sy Woord weer die nodige gesag in die lewe van die mens kry. Dan kan die pastorant Skrifgefundeerde lewensbestuursbeginsels aanleer, sodat hy sy lewe kan lewe soos God vra. Hartgrondige verandering kan dan in die lewe van die mens intree.

Die post moderne mens het 'n vereensaamde individualis geword, terwyl die gemeenskap verval het tot die massa. Teologies gesien moet die mens as unieke, enkeling en individu gesien word. Die Skrif is tog duidelik dat **elkeen** wat glo, verlos sal word (Joh. 3:36). Ons word nie in massas verlos en in massas bekeer nie. God spreek tot één mens oor sy of haar lewe. Maar hierdie mens staan nie net in 'n verhouding tot God nie, maar ook tot sy of haar medemens. Wanneer die sprekende God die mens as enkeling benader, benader Hy hom of haar nie as geïsoleerde individu nie, maar binne die gemeenskap van die heiliges. Die kerk is die liggaam van Christus. In die kerk is daar baie lede (lidmate). Hulle is die volk van God. Pastorale teologie moet dus ruimte laat vir die enkeling, die unieke skepsel van God binne 'n bepaalde konteks. Hierdie unieke mens is opgeneem in die ware gemeenskap van die heiliges. Hierdie siening is radikaal anders as wat tot dusver gesê is oor die post moderne gesekulariseerde massa mens. In die vyandige wêreld is hy 'n vereensaamde individualis, wat God se spreke tot die mens nie eers meer hoor nie. In die massa-wêreld is hy net 'n nommer tussen baie, waar sy uniekheid verlore gegaan het. Die pastor moet in die pastorale gesprek nie moedeloos raak oor die wêreldverskynsels van sekularisasie, individualisme, massafikasie, vereensaming en onsekerheid by die mens nie (vgl. Smuts, 1962:2). **Die uitdaging aan pastoraat vandag, is juis om opnuut die uniekheid van die mens en sy opname in die ware gemeenskap met Christus en al sy lede te beklemtoon.** Die eensame mens wil tog

ten diepste in die gemeenskap met andere te staan kom. As sy opname reg hanteer word, voel hy hom weer geborge in die kerk. As sy uniekheid reg beklemtoon word, deurdat God met hóm praat oor sy lewensnood, kom nuwe lewensbestuurspraktyke en Skrifgefundeerde lewensbestuursvaardighede na vore. Dan kan ons pastoraat en veral ons pastorale gesprek as “suksesvol” of “geslaagd” gesien word. Die pastorale gesprek is juis op die mens van vandag gerig! Daarom het ons aan die begin van die navorsing gesê dat aanpassings noodwendig gemaak sal moet word, om aan pastorale sorg reg te laat geskied. Ons het dit ook beklemtoon en aangetoon dat pastoraat vandag voor groot uitdagings te staan gekom het. Uit die gegewene (die wêreldverskynsels van die dag en die vereensaamde post moderne mens) moet nuwe pastorale grepe toegepas word om die pastorant herderlik te versorg en terug te lei na God en sy Woord en gemeenskap van die heiliges. God self het die verhouding tussen Hom en die mens, en die mens en sy naaste herstel. In Christus is liefde tot God en liefde tot die naaste weer moontlik gemaak. Intensiewe pastoraat is dus baie noodsaaklik om die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede te laat bekom. Daarvoor is nodig dat die pastorale gesprek op konkrete wyse geïmplementeer word.

#### **4.4.2 Die praktyk van die pastorale gesprek.**

Pastoraat is in hierdie studie beskryf as onderlinge pastoraat, pastoraat as gemeente opbou en pastoraat as hulpverlening waar 'n weg gesoek word na die antwoord op geloofs- en lewensvrae. 'n Viertal funksies van pastoraat is genoem: “Healing, sustaining, guiding and reconciling.” Pastoraat kom gevolglik neer op geloofshulp, lewenshulp, en oorwinningshulp. Die pastor reik dus in die Naam van die Here 'n helpende hand uit na die gelowige in sy oomblik van krisis/probleem situasie. Die Woord van God, wat in die pastoraat gebruik word, het die krag tot verheldering, waardeur tot verstaan kom, en die krag tot beïnvloeding, waardeur tot verandering kom. Om te kommunikeer is 'n verhelderingsproses en dien as 'n baie sterk motivering vir die oplossing van probleme. Deur 'n verhaal te verbeeld in woorde, word nuwe relevansie ontdek wat verandering bewerk. Die weg tot verstaan loop deur die verhaal (vgl. Müller, 1996:21 en Webb-Mitchel, 1995:215). Deur die werk van die Heilige Gees vind die mens sy herstelde humanum. Die Trooster bring innerlike veranderinge

in die lewe van 'n mens deur 'n rekonstruksie en herinterpretsie van die lewensgebeure. Aangesien geestelike groei die uiteindelijke doel van pastorale sorg en die pastorale gesprek is, moet die innerlike verandering wat in die mens plaasvind, deur die Heilige Gees gedoen word. "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie" (Joh. 6:63). Heitink skryf: "Het Christelikk geloof gaat er vanuit, dat mensen kunnen veranderen en dat de sameleving vernieuwd kan worden vanuit het eschatologisch perspectief van het Rijk Gods. De praktische theologie, die als normatiewe wetenskap dit veld van overdracht en verandering tot haar objek rekent, verbind in zich een hermeneutische interesse (komen tot verstaan) met een strategische interesse (komen tot verandering)" (Heitink, 1993:196). 'n Eko-hermeneutiese benadering plaas die lewensverhaal in 'n wyer en verstaanbare konteks. Die konteks is die hele narratiewe struktuur waaruit 'n persoon op 'n gegewe moment handel (vgl. Müller, 1996:14).

Net soos by enige verhaal vyf karakteristieke eienskappe teenwoordig is (sien pagina **100**), so is by alle gesprekke sekere kenmerkende eienskappe oorvleulend. By alle gesprekke is 'n samesyn en ook afstand tussen die gespreksvennote aanwesig. Die ware gesprek is ingestel op sowel spreke as swye en luister. Al die deelnemers is ook daarop ingestel om na 'n algemeen geldige waarheid in hul gesprek te soek. 'n "Pastorale gesprek" by wyse van korrespondensie, faksimilee, op die internet(?) en oor die telefoon, het nie dieselfde impak as 'n gespreksontmoeting van aangesig tot aangesig nie. Ware ontmoeting vind net plaas waar twee (of meer) mense op dieselfde tyd en dieselfde plek ontmoet. Só 'n fisiese en momentele ontmoeting hou die belofte in van 'n omvattende gesprek waarby lyftaal, gebare, gesigsuitdrukking, intensionele beklemtoning van begrippe of woorde, die spoed waarmee gepraat word en sekere angstighede of agressie wat na vore kom, opgevang kan word. **Dit is 'n fyn kuns wat ontwikkel moet word om soms nie te luister na wát gesê word nie, maar wáárom dit gesê word.** Wat sit agter die woorde, is van groot terapeutiese en interpreterende waarde. Die persoon met wie die pastorale gesprek gevoer word is soms nie eers daarvan bewus hoeveel hy of sy verraai van die probleem deur eenvoudig sekere bewegings te maak, 'n sekere houding in te neem, sekere gesigsuitdrukking te maak, of sake op verskillende wyses te beklemtoon nie.

Selfs gemoedstemminge soos woede, agressie, angs, haat en liefde kan uit 'n fisiese en persoonlike ontmoeting na vore kom. Nie-verbale faktore is vir die pastorale gesprek van wesenlike belang. Onthou die waarskuwing dat mense maklik bymekaar kan verbypraat. Ons kan ook in ons ontmoeting bymekaar verbygaan deur nie werklik tot mekaar te gespreek het nie. As die pastorant moet huistoe gaan sonder dat hy werklik die pastor ontmoet het en sy ware lewensverhaal vertel het nie, kan die sukses van die pastorale gesprek wat plaasgevind het ernstig betwyfel word. 'n Diepgaande gesprek vereis 'n ware ontmoeting, sonder afstande tussen mekaar. Uiterlik is die twee mense bymekaar. Hulle moet ook innerlik bymekaar wees.

In die pastorale praktyk is ook belangrik dat 'n basiese gemeenskaplike siening van sake teenwoordig moet wees. Hierdeur kom die Woord van God as basis en norm van die pastorale gesprek weer na vore. 'n Geslaagde gesprek kan nouliks plaasvind as die pastor die huwelik byvoorbeeld sien as 'n heilige instelling van God, terwyl die pastorant dit bloot sien as 'n biologiese aangeleentheid. As hulle albei dit sien soos die Bybel dit voorskryf, kan veel makliker aandag gegee word aan die persoon se huweliksprobleme. 'n Gemeenskaplike basis bestaan reeds vir 'n geslaagde pastorale gesprek. Aanvoorwerk is dus nie nodig by twee mense met (min of meer?) dieselfde uitgangspunt en oortuiging nie. Nogtans moet een saak nie uit die oog verloor word nie. Dit is dat elke mens die lewe en die wêreld sien soos hy of sy hom sien. Elke mens beleef die lewe en sien die wêreld ook op andersoortige wyse. Mense wat tot die pastorale gesprek toetree, is nie duplikate van mekaar nie. Daarom verskil verhale oor dieselfde onderwerp, radikaal van mekaar. Elke mens beskik oor sy eie verwysingsraamwerk. In die pastorale gesprekstekgniek sal die mens benader en verstaan moet word, van waar hy of sy staan. Pastores verskil ook van mekaar deurdat ook hulle 'n eie verwysingsraamwerk en 'n bepaalde siening en belewenis van die werklikheid het. In die pastorale gesprek moet dus 'n aanvoeling en 'n invoeling tot mekaar ontwikkel word. Hierdie aspek van die gesprek moet goed in gedagte gehou word wanneer groepsbesprekings plaasvind, soos met 'n hele gesin (meer as twee gespreksgenote). As dit nie gebeur nie was die ontmoeting geen ontmoeting nie en die gesprek geen gesprek nie. Veral moet predikante hierdie gesigspunt ook saam neem op amptelike huisbesoek om enigsins gevolg te gee aan die eis om op



geslaagde wyse pastorale huisbesoek te doen en die gesin herderlik te versorg.

'n Pastorale gesprek is ook aan ander gevare blootgestel as bloot bymekaar verby praat, mekaar vanuit die verskillende verwysingsraamwerke nie verstaan en mekaar nie aanvoel en invoel nie. 'n Oormatige intimiteit, 'n dominerende aanslag, opdringerigheid, mekaar doelbewus met woorde seermaak, agressie, regressie, geen wedersydse respek en liefde vir mekaar nie, is enkele gevalle waarvolgens die pastorale gesprek en trouens alle gesprekke gedoem is tot mislukking (vgl. Smuts, 1962:106 e.v.).

Dit bring ons by die gesprekstruktuur. Ons kan saam sing maar nie saam praat nie (veral nie in 'n groeps gesprek nie). Daarom sal een gespreksvenoot aan die woord wees en sy verhaal vertel, terwyl die ander (een) swyg, luister en waarneem. 'n Dialoog, en nie 'n monoloog nie, is die grondstruktuur van 'n gesprek. 'n Toespraak, preek, lesing of samesang kan geen gesprek wees nie. Die dialogiese karakter van die gesprek is van wesenlike belang vir 'n geslaagde pastorale gesprek. Moet die huisgesin, vader, moeder en kinders nie eerder saam spreek met die predikant in die pastorale huisbesoeksgesprek nie?

Skrywer is daarvan oortuig dat die erediens in die kerke op Gereformeerde grondslag ook dialogies van aard is. Die lidmate verklaar by die aanvang van die erediens dat hul hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het en dié Here wat trou bly tot in ewigheid. Dan seën God hulle. Daarop antwoord die lidmate met die sing van 'n Psalm/Gesang en doen belydenis van hulle geloof. Vervolgens kondig dié God wat hulle aangeroop het, sy wet oor hulle af. Die lidmate sing of bid om skuldvergifenis want hul het teen die wet van die Here swaar en menigmaal oortree. God se Woord word voorgelees en verklaar en toegepas, waarna die gemeente hul verootmoedig in die gebed. Die slotsang van die gemeente volg uit dankbaarheid vir die ontmoeting met God en sy spreke tot hulle, waarna God sy seën oor hulle, sy volk uitspreek. Wanneer die openbare erediens só gesien word en as dialoog ervaar word, kom die vraag na vore of werklike debat tussen die prediker en die hoorders tydens die erediens nodig is? Moet 'n debat oor die preek nie eerder by huisbesoek, tydens



Bybelstudie, in die Katkisasieklas of in die pastorale gesprek, of in elk geval ná die erediens plaasvind nie? Die amptelike karakter en gewydheid van die erediens moet ooreenkomstig die Heilige Skrif behou word. Alles moet in die erediens tog “gepas en ordelik geskied” (1 Kor. 14:40). In die erediens vind daar reeds dialoog plaas; mits die erediens só gesien en as ‘n dialoog tussen God en sy volk ervaar word.

In die pastorale gesprek beweeg woorde, gedagtes, houdinge en uitdrukkinge heen en weer tussen die gespreksvennote. Dit wil sê aksies en reaksies, verskillende interpretasies en mededelings (of openbaringe) volg mekaar op in die gesprek. Alleenspraak is uitgesluit. ‘n Gespreksvennoot wat ook nie kan stilbly en luister nie, maak die gesprek onmoontlik. Dit moet ook onthou word, dat die gespreksvennoot langs die pad kan agter raak, verlore raak of uitval uit die gesprek. Pastorale gesprekke mag nie lank van duur wees nie. Pastores moet waak teen ingewikkelde teologiese, dogmatiese of psigologiese verduidelikings wat nie vir die gespreksvennoot bevatlik is nie. Die volgehoue kontak en interesse in mekaar, veral in die gesproke woord, is gebiedend noodsaaklik. Die luisterende gespreksvennoot moet voortdurend meesprek of teensprek om te bewys dat gedagtes, woorde en insig mekaar nog wedersyds tref. Anders vind ‘n monoloog plaas, en die ander persoon het langs die pad “verloor” of belangstelling in die gesprek verloor. Só word dan ook by mekaar verbygepraat en kom van ‘n sinvolle pastorale gesprek niks tereg nie. Die groot waarde van die pastorale gesprek, wat immers terapeuties van aard is, is dat die mens uit sy eensaamheid geroep word tot ‘n gemeenskap van mens tot mens. **Praktiese teologie en by name die pastorale gesprek, moet hierdie Godgegewe moontlikheid in ons pastorale arbeid met albei hande aangryp.** Dit maak die werk van die pastor en veral die belangrikheid van die pastorale gesprek as sodanig uiters relevant. “Eensaamheid” kan “tweesaamheid” word. ‘n Hegte band ontstaan dikwels tussen twee gespreksvennote. Daar moet dus ook gedink word aan gemeente opbou en geloofsgemeenskapsbou deur die pastorale gesprek. Veral kan dit waardevol vir die gemeente wees by groepsbesprekinge.

Om te swyg, kan soms ‘n baie welsprekende manier van gespreksvoering wees. Alhoewel swye die teenoorgestelde van gesprek (praat) is, word dit benut om aan te

voel en in te voel. 'n Fyn aanvoeling vir die gevoelswaardes van verskillende soorte swye bestaan. Deur te swyg kan 'n aanduiding wees van "ons het niks meer om vir mekaar te sê nie" of "ons verskil nou radikaal van mekaar." Swyg kan ook afstand bewerk: "Ek sê niks verder nie; ek kompromiteer my nie of ek is nou vir jou kwaad." Dit is 'n swye wat niks anders is as 'n doelbewuste verswyging nie. Hierdie soort swye word dikwels aangetref wanneer tot by die hart van sonde en oortredinge en skuldbesef in die gesprek gevorder is. Swye kan natuurlik ook volg as die hartsnaar van die probleem aangeroeer is of wanneer die verhaal van God plotseling in die eie verhaal ontdek word. Swye kan ook volg wanneer ontroering of hartseer beleef word. Swye kan ook oorgawe wees; 'n bereidheid om net te luister (vgl. Smuts, 1962:120). Dit is 'n terapeutiese kuns om doodgewoon lank genoeg net te luister. Die ander persoon kry geleentheid om die hart uit te praat. Swye kan ook algehele ontboeseming vooraf gaan. 'n Fyn aanvoeling vir die gemoedstemminge van die pastorant moet ontwikkel word. Om die stemminge of swye van die pastorant verkeerd te interpreteer, kan die waarde van die pastorale gesprek verminder.

Daarteenoor is luister ook 'n terapeutiese greep van die pastorale gesprek. Die eensame en onsekere mens van die dag soek na iemand wat kan luister. Mediese dokters verklaar dat talle "pasiënte" net kom praat om na geluister te word. "Pasiënte" wat eintlik in die pastorale gesprekskamer hoort. Die mens soek vandag na iemand wat sy las kan help dra. Voordat pastorale advies verstrekk kan word, moet die pastorant veral op pastorale wyse beluister word. As nie behoorlik geluister word nie, kan die advies verkeerd of onvoldoende wees. Die eensame mens soek na 'n luisteraar sodat hy en sy nood verstaan kan word. Sodra begrip ontstaan vir sy probleme, vorder hy tot 'n gemeenskap met sy luisteraar en gespreksterapeut. Sy eensaamheid word tweesaamheid. Hy het iemand gevind wat hom verstaan en na hom luister. 'n Gemeenskapsband ontwikkel tussen spreker en hoorder, pastorant en pastor. Nou sal hy ook meer kere kom praat. Hy sal nou ook makliker praat. Hy sal tenslotte sy hele, ware en volle verhaal kom vertel. Dan slaag die pastorale gesprek. Dan kan God op kommunikatief handelende wyse ook by die pastorant se lewe opnuut ingebring word en ontmoet die mens nie meer die pastor nie, maar sy God. Sy verhaal en God se verhaal ontmoet mekaar op 'n besondere wyse en so seëvier die waarheid

in die lewe van die mens. Waarna eintlik gesoek is, is dan ontdek. 'n Gevoel van bevrediging vloei deur albei gespreksgenote. Die lewensverhaal is stelselmatig herskryf tot in sy kern. God se Verhaal is uiteindelik in die mens se verhaal ontdek (vgl. Müller, 1996:25). Deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees dwarsdeur die pastorale gesprek, kan daar nou vernuwing en verandering plaasvind. Pastorale beraad het daarin geslaag dat die gelowige Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede bekom het. Aan die uitdaging vir 'n sinvolle pastorale gesprek is dan gevolg gegee. Die verlore skaap is opgesoek en herderlik teruggelei tot die ware gemeenskap van die gelowige en in die regte verhouding tot God.

#### **4.4.3 Die inrigting van die pastorale gesprek in praktyk.**

Die pastorale teoloog beoefen die teologiese wetenskap in die praktyk. Hy het sy oog op die Evangelie én op die mens. Die mens ontvang hulpverlening of pastorale sorg vanuit die Woord van God onder leiding van die Heilige Gees. 'n Voortdurende wisselwerking van teorie en praxis is van wesenlike belang vir elke vorm van pastoraal teologiese teorievorming. Daarom is dit belangrik dat die praktyk ook vir homself spreek. In pastorale versorging gaan dit teologies om mens en Evangelie, geloof en lewe, geloofs- en lewensvrae, teorie en praktyk. Geloofs- en lewensvrae kan nooit geïsoleerd benader word nie. Dit gaan altyd om die hele mens in sy wêreld. Geloofsprobleme wat byvoorbeeld dogmaties van aard is, kan voortkom uit die eise wat in die praktiese lewe aan die mens as persoon gestel word. Pastores word in hulle werk met die enorme kompleksiteit van die problematiek van menswees gekonfronteer. Daar is verskeie aspekte van mens wees. Geloofs- en lewensvrae kan saamhang met die mens in sy ontwikkeling, met sy psigiese struktuur en met religieus etiese norme en waardes waaruit hy leef. Die mens is een en ondeelbaar. Onafgehandelde sake in die ontwikkeling van die mens of onafgewerkte, onopgeloste probleme, kan 'n neurotiese uitwerking hê en diep ingryp in die religieuse beleving van die mens. Dit gaan in pastorale teologie om die konkrete mens met 'n eie lewensgeskiedenis, 'n eie psigiese struktuur, wat ons as gelowige ontmoet. Sosiaal-kulturele en religieus - etiese aspekte word onderskei.

Die pastorale gesprek is die hoofmoment in pastorale versorging (vgl. Narramore, 1960:26 e.v.). Daarom is dit nodig dat enkele belangrike sake rondom hierdie uiters belangrike aspek van ons pastoraat nou aan die orde kom:

1. Die pastor laat die nege en negentig staan om een verlore skaap te gaan soek (Matt. 18:12). Ons moet dieselfde doen - ons persoonlike aandag gee aan mense wat met hul nood in gesprek wil tree. Dit is God se manier om effektief mense te help met hul persoonlike node en behoeftes. God spreek vandag nog tot die mens!
2. Gewoonlik soek 'n mens hulp by iemand wat jy ken. In die gemeente is die pastor waarskynlik die bekendste. Hierdie sielkundige voorsprong moet pastores benut, maar deeglik daarvan bewus wees dat vertroue 'n uiters belangrike rol speel. Jy praat net met iemand wat jy ken en vertrou, respekteer en bekwaam ag, wat in jou belangstel en God ken. Met só 'n pastor gaan praat jy oor jou mees innerlike nood en behoeftes. Sonder hierdie vertrekpunt kan weinig sukses in die pastorale gesprek verwag word. Leer en lewe moet ooreenstem by die pastor. Hy moet waarlik 'n voorganger wees vir die gemeente (en die gemeenskap) volgens die eise van die Skrif.
3. Die pastor moet nousienend let op die volgende: "Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak" (Jak. 3:17-18). **Dit is ons uitgangspunt vir pastorale beraad.**
4. Inligting moet as uiters vertroulik hanteer word. Die vertroue wat in die pastor gestel word, hang hiervan af. Die pastorale gesprek het alreeds misluk as die pastor nie vertrou word nie. Dit moet onthou word dat diepgaande en sensitiewe kwessies van 'n persoon se lewe en geloofslewe bespreek word. Waak beslis daarteen om te verwys na 'n "vorige geval" met soortgelyke probleme as illustrasie. Daardie vorige geval mag dalk net bekend wees aan die pastorant! Die pastorant mag vrees dat hy dalk ook 'n volgende keer as

voorbeeld van “soortgelyke” geval gebruik mag word! Praat ook nooit van ander beraders nie. Dit is net moontlik dat die pastorant een van die ander beraders dalk al gaan spreek het!

5. Elke profesie het etiese kodes wat gehandhaaf moet word. Voorkom dus fisiese aanraking behalwe om mekaar met die hand te groet. Sommige mense het as gevolg van hulle probleme, 'n ernstige behoefte aan affeksie. Die warme en vriendelike benadering van die pastor, mag dalk net verkeerd geïnterpreteer word. Soms kan 'n pastorant afhanklik word van die pastor om sy innerlike gevoelens en begeertes te “bevredig.” Wees ook keurig in die keuse van die spreekkamer. Vir die grootste effektiwiteit in die pastorale gesprek is die plek waar dit plaasvind, uiters noodsaaklik. Privaatheid is belangrik. Die plek moet egter nie so privaat wees dat suspisie en kritiek ontstaan nie. Geslote deure en geheime sessies is gevaarlik. Geen pastor kan bekostig dat deur sy optrede ongewensde praatjies die rondte begin doen nie. As die spreekkamer by 'n kantoor is, sorg dat die sekretaresse of iemand anders, êrens in 'n ander kantoor is. As die spreekkamer by die huis is, sorg dat daar ander mense in die huis is, sonder dat enige vrees by die pastorant ontstaan dat hy of sy deur familieledede gehoor kan word. Die gevoel moet altyd gewek word dat dit die plek is waar die persoon werklik hulp kan kry. 'n Bekende omgewing help ook die pastor om ander se probleme met gemak te bespreek. Sy biblioteek is ook by die spreekkamer beskikbaar indien 'n spesifieke boek geraadpleeg moet word of aan die pastorant geleen moet word vir verder naleeswerk. Die spreekkamer moet van absolute professionaliteit spreek. Die pastorant sien die Bybel die studeertafel lê. Hy sien in die boekrak die verskeidenheid onderwerpe wat die pastor al bestudeer en hanteer het. Dit skep groot vertroue, vertroue dat in hierdie plek, noodsaaklike hulp verleen kan word.
6. Die afspraak vir 'n pastorale gesprek is baie belangrik. Dit intensifiseer professionaliteit. Die pastor word daarvoor gerespekteer dat hy 'n ordelike werksprogram het. Die pastorant moet met die nodige vriendelikheid ontvang word, waarmee 'n mens 'n gas sou ontvang. Stel die pastorant gerus dat hy of

sy geen inbreuk maak op jou tyd nie, dat jy hom of haar verwag het en stel die pastorant op die gemak. Die studeertafel moet ook nie tot oorlopens toe oorlaai wees met boeke en papiere nie. Netheid skep altyd 'n netjiese indruk. Verseker die pastorant van privaatheid en konfidensialiteit te alle tye. Hou "onopsigtelik" rekord van belangrike punte, dit wil sê moet nooit so baie notas maak, dat die kontak tussen die pastor en die pastorant daardeur aangetas word nie. Onthou, 'n werklike gesprek, 'n pastorale gesprek moet plaasvind.


Omdat God die mens in sy nood wil ontmoet, is die eerste en vernaamste beginpunt van die pastorale gesprek, die Woord van God. Lees en bid mag nie nagelaat word nie. Laat hom dadelik toe om die probleem te stel. Spreek daarna direk die probleem van die pastorant aan. Kry hom direk betrokke. Die verhaal moet vertel word. Bymekaar verbypraat moet vermy word. Beide gespreksvennote moet elke minuut konsentreer op rekonstruksie, herinterpretasie en belewenisse van die verhaal. Tyd is uiters belangrik. 'n Konsultasie mag nie te lank, ook nie te kort wees nie. Gesprekke moet mekaar sinvol opvolg (byvoorbeeld eenmaal per week, 45 tot 60 minute). Indien die gewenste vordering met die probleem gemaak is, kan later maandelikse besoeke en gesprekke gereël word.

7. Luister is uiters belangrik. Gesprek is terapeuties van aard, solank daar net iemand is wat aandagtig en baie belangstellend luister. Soms is dit nodig om te luister na die rede waarom die pastorant so praat. Dit is luister agter die luister. Soveel moontlik informasie oor die onderwerp of probleem moet in die kort moontlikste tyd verkry word. Wie nie kan luister nie, het nog nie geslaag in suksesvolle gesprekvoering nie. Wees deurentyd daarvan bewus dat 'n ongepaste woord, beaming van wat gesê is, bloot 'n ontydige gebaar, die vloei van die gesprek kan belemmer. Die tegniek om die spreker deurgaans konstruktief aan die gang te hou, is so belangrik dat dit geoefen moet word. Die pastorant moet elke oomblik bewus wees van die intense belangstelling van die pastor in sy saak. Die pastorant moet tot verhaal kom (vgl. Muller, 1996)

8. Elke onderwerp of probleem verskil van aard. Soms kan 'n "informele gesprek" waar geen diepgaande emosionele faktore hulle self ontplooi nie, genoegsaam wees om die onderwerp of probleem aan te spreek. Soms is 'n paar goed gestruktureerde pastorale gesprekke nodig voordat die pastorant genoeg insig verkry het om weer sy lewe prakties te gaan bestuur. Sommige probleme is ernstig van aard. Hoogs emosionele aangeleenthede vereis 'n hele reeks gesprekke voordat die verhaal sodanig vertel is, dat pastorale hulp verleen kan word (vgl. Narramore, 1960:30 e.v.). Die bydrae wat pastoraat kan maak om die gelowige Skrifgefundeerde lewensbestuursbeginsels te help aanleer, lê veral op hierdie vlak van die pastorale gesprek. Dit vereis soms 'n hele aantal gesprekke om agter die verhaal te kom en te verstaan waarom die lewe onbevredigend bestuur is. Daarna neem dit ook nog 'n aantal gesprekke om ander of nuwe lewensbestuursvaardighede aan te leer. Die leerproses kan soms strek oor 'n hele paar gesprekke. Skematies kan die pastorale gesprek soos volg voorgestel word:



#### 4.4.4 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE PASTORALE GESPREK IN PRAKTYK.



Pastorale beraad is 'n proses. Daarom neem dit tyd. Probleme het ook prosesmatig ontwikkel. Mense groei dikwels in hulle probleme in. Dit is soms nodig om sekere lewensbestuurspraktyke af te leer en nuwes wat werk aan te leer. Dit is hier waar die pastorale gesprek 'n geweldige bydrae kan en moet maak. Pastores moet hiervan deeglik kennis neem. Iemand wat vra om u "n paar minute" te kom spreek moet verseker word daarvan dat probleme nie in "n paar minute" opgeklaar kan word nie. Die pastorale gesprek verg tyd en daarom neem dit 'n prominente plek in in ons pastorale praktyk en amptelike bediening.

Die pastorale gesprek vind plaas met die oog op verandering. Pastor en pastorant moet deur middel van die pastorale gesprek kom tot **verstaan** van die probleem. Voordat pastorale hulp verleen kan word, moet die vraag: Wat is eintlik die probleem? beantwoord word. Pastores moet daarteen waak om te "dink" dat die probleem "verstaan" word. Oorsake moet fyn nagespeur word, om die gevolge waaraan die pastorant nou ly, te verstaan. Soms is ander mense by die oorsake betrokke en moet ook weer met hulle in gesprek getree word. Werklike oorsake vir die probleem kan soms verskuil lê onder sterk emosionele gevoelens. Die pastorant verstaan ook nie dadelik wat die eintlike probleem is nie. Dit neem tyd om te aanvaar dat 'n mens so 'n komplekse probleem in jou lewe het. Die pastorant kan so ontsteld wees deur sy huidige probleem dat hy dit moeilik vind om werklike insig in sy probleem te kry. Pastor en pastorant moet ook genoeg tyd kry (met mekaar en sonder mekaar) om die probleem te deurdink. Tyd laat mense verander. Gesindheidsverandering en gedragsverandering vind nie ineens plaas nie. Omdat die probleem gewoonlik baie swaar op die pastorant lê wil hy gou by 'n antwoord of 'n oplossing uit kom. In praktyk is dit haas onmoontlik. Pastor en pastorant sal saam 'n pad moet loop om daar uit te kom. As sodanig sal dit aan die pastorant ook verduidelik moet word. Soms word in die pastorale gesprek sekere sake eers "afgebreek" voordat nuwes "opgebou" word. Die pastorale gesprek kan soms die "afleer" van gewoontes en die "aanleer" van nuwes wat werk impliseer. Hierdie studie wil dit juis aantoon, dat pastoraat bydra om aan die gelowiges verantwoorde lewensbestuursvaardighede te laat bekom. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees by die pastorale gesprek is die waarborg van verandering in mense se lewens. Die grond vir die verandering is geleë in die Woord

van God, waardeur Hy mense in hul nood en lewensvrae kom ontmoet. God verander mense se lewens en geen mens nie. Daarom is tyd nodig dat tot insig, verstaan en verandering gekom kan word. Beide pastor en pastorant moet geduldig wag op die Here vir die ontknoping. En as dit onder leiding van die Heilige Gees kom, moet albei dit ook raaksien. Dan vind die slotgesprekke plaas rondom die verkryging van verantwoorde lewensbestuursvaardighede wat vir die gelowige van kardinale belang is. Ek wil dit die pastorale leerproses noem. Dit hang saam met voortdurende bekering en voortgaande beweeg op die weg van heiligmaking. Dit is en elk geval soos die Bybel leer dat die lewe van die gelowige op aarde sal verloop. Dit is ook soos dit in die pastorale gesprek moet gebeur: Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede is vir die gelowige nodig om sy lewe reg te praktiseer. Só beweeg hy in die rigting van die koninkryk van God, deur sy lewe op verantwoorde wyse te bestuur; vry van probleme of struikelblokke wat sy weg kan belemmer. Die verstaan van sy ellende lei tot verlossing en verlossing lei tot 'n lewe van dankbaarheid wat vir God welbehaaglik is en wat die doel van pastorale sorg is.

#### **4.5 SAMEVATTING.**

Om die verhaal in die verhaal en ook God se Verhaal in die verhaal van die mens te ontdek, is die pastorale gesprek nodig. Dit is nodig dat pastores rekening hou met die teologie van die pastorale gesprek. As dit reg benut word gee dit gehalte aan die pastorale gesprek. Al ons gesprekke staan in diens van God se Gesprek met ons. By die pastorale gesprek is minstens drie persone teenwoordig. Een daarvan is altyd God. Dit is diepste geheim van die pastorale gesprek. Daarin lê ook die sukses van die pastorale gesprek opgesluit. Wanneer pastor en pastorant ontmoet, ontmoet hulle saam God wat spreek tot die mens in sy nood, vereensaming, twyfel en radeloosheid. God gee ten slotte die oplossing. Hy spreek in die eerste en laaste plek die woord. God gebruik die pastor om sy kudde herderlik te versorg. Omdat God self die sprekende God is, moet hy in die pastorale gesprek aan die woord kom. Daarom luister beide pastor en pastorant na die Woord van God. Hy maak ons bekwaam om te spreek en die hoorder bekwaam om te luister, sodat daar inderdaad nie bymekaar

verbygespreek sal word nie. Dink hier aan die woorde van Jesaja 55:11: “So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.” Wie dus die stem van die Here gehoor het, sal onder leiding van die Heilige Gees sy lewe verander en verbeter deur verantwoordelike lewensbestuursbeginsels op sy lewe te begin toepas. Die mens moet nie net antwoord op die Woord van God nie, maar ook daaraan beantwoord. Die doelstellings vir en die beginsels waarvolgens hy sy lewe bestuur, sal voortaan Skrifgefundeerd wees. Daarom spreek die pastor nie in sy eie naam en op sy eie gesag nie. Hy het ‘n dubbele taak van die Here ontvang, nl. herder en leraar. Hy dra die Woord en bedien die Woord, ook en veral in die pastorale gesprek. Hy voer gesprek in die Naam van die Here. Hy spreek sonde en onverskilligheid aan in die Naam van die Here. Hy vertroos en bemoedig en bou op, in die Naam van die Here. Sy advies aan die einde van die pastorale gesprek moet staan in die gesindheid van: “So spreek die Here.” Wanneer die pastor die lewe van die pastorant blootgelê het in die lig van God se Woord, moet hy terugtree en God die Heilige Gees toelaat om verder te handel sodat die pastorant self sy keuses voor God kan maak. Pastorale werk is prakties van aard. Daarom val dit onder die praktiese teologie. God spreek in die praktyk van die lewe tot die mens. In die praktiese bestuur van sy lewe moet daar verandering kom, sodat sy probleme opgelos kan word. Waarheid en werklikheid ondersteun mekaar. Die nood van die mens word deur die Woord aangespreek en die oplossing en antwoord vir die mens word in die Woord gevind. In die pastorale gesprek het die gebed ook ‘n sentrale plek. Die gebed kan deur die pastor of die pastorant in hul ontmoeting gebid word. As die pastorant in die gebed, sy nood uitstort voor die Heer, is dit nie alleen goeie terapie nie, maar kan die inhoud van die gebed later dien as gespreksbasis vir voortgesette pastorale gesprekke. Hierdie saak van die gebed, nl. wie doen die gebed, is opsioneel en hang af van die omstandighede. Onlosmaaklik vir die pastorale gesprek is die **geloof, hoop en liefde** wat in **1 Korintiërs 13** so uitnemend beskryf word.

Die aktualiteit van ons onderwerp is deeglik in hierdie navorsing onderstreep. Enkele praktiese riglyne vir pastores is getrek met betrekking tot pastoraat. In hoofsaak kom

pastoraat neer op wat ons lees in Romeine 12:1-2: "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar **laat God julle verander deur julle denke te vernuwe**. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik is."

Die uitdaging aan pastoraat vandag met die oog op die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede is groot. Aan hierdie uitdaging moet die praktiese teologie nog baie aandag gee in belang van die koninkryk van God en die welwese van die gelowiges, sodat die sprekende God in die lewe van die mens aan die woord kan kom en aan die woord kan bly.

# SLOTWOORD

*Wanneer kommunikatiewe handeling in die praktiese teologie bestudeer word, maar met 'n definitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief, is die benadering veel meer inklusief en verwys dit na die totale ekosisteem waarbinne die kommunikasieprosesse verloop. Hierdie navorsing het aangetoon dat ons met 'n narratiewe benadering nader kom aan die sentrum van 'n ekosistemiese paradigma as wanneer ons slegs met 'n kommunikatiewe handelingsteorie werk. Gerkin (1986:59) praat van sy benadering as 'n **narratiewe hermeneutiese teorie**. Heitink (1993:175) lê juis klem op die wetenskaplike **interpretasie** in pastoraat. Firet (1974:126) praat van die **hermeneutiese moment** en verwys daarmee na die totale pastorale optrede. Die hermeneutiese aard van die teologie laat die menslike aktiwiteit 'n vertolkingsrol speel in die verbondsinteraksie tussen God en mens. Dit wil sê daar moet tot 'n verstaan kom van wat die Woord en Gees in 'n spesifieke situasie aan die kerk in die wêreld wil sê. Ek is daarvan oortuig dat as die pastorale optrede nie hermeneuties van aard is nie, ons hoegenaamd nie met pastorale teologie besig is nie. In die **kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering** kom God tot die mens in sy eie unieke situasie. In die **narratiewe hermeneutiese benadering**, word God se kom na die mens (God se Verhaal), in die verhaal wat vertel word, **geïnterpreteer**, sodat **verstaan** 'n ontologiese karaktertrek verkry. Sodoende word ons pastorale versorging beslis meer volledig. Ware verstaan met die oog op die soeke na sin kan alleen vanuit 'n **ekosistemiese perspektief** bevorder word. Die doel van pastoraat is die bevordering van 'n egte soeke na sin. Ons lewe het sin wanneer dit as deel van 'n breë betekenisgeheel gesien en ervaar word. In die **eko-hermeneutiese paradigma** val die klem op die verstaan van die geheel en die ontdek van die betekenis van die geheel-konsep binne verskeie kontekste (vgl. Müller, 1996:14) Pastoraat wat dus vanuit 'n eko-hermeneutiese paradigma gedoen word, mond uit in 'n pastoraat van betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is. Hierdie studie lewer bewys dat die weg tot **selfverstaan** deur die verhaal loop. In die narratief kom die bestaansvrae en die bestaansantwoorde vertellend na vore. Dit bring die pastor op wetenskaplike wyse by die kern van die pastorale gesprek. Dit maak pastoraat sinvol.*

*Sodoende word beantwoord aan die eise wat gestel word aan pastoraat dat gelowiges op 'n pastorale wyse bedien en versorg moet word, in die Naam van die Here. Om die verhaal te vertel in 'n saakmakende gemeenskap, gee sin aan die lewe van die gelowige en bring die gewenste verandering met die oog op die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede, in diens van die koninkryk van God.*

*“God, my lewensverhaal en my soeke na sin, behels ten slotte dieselfde tema, en hierdie feit word treffend geïllustreer deur György Konrád in sy boek, Het tuinfeest:*

*Wat is er met mij gebeurd? Wat kan van mijn ondergrondse leven het daglicht velen? Ik zie mijn tastende levensloop. Als een traag dier sleept hij zich door het stof, bij elk kruispunt zoekt hij zijn weg. Heer, geef mij de genade van de oprechtheid en versterk mijn geheugen. Mij levensopvatting is besloten in mijn daden, staat geschreven op mijn gelaat. Op die vraag wat de zin van zijn leven is, antwoord iedereen met een opsomming van zijn levensloop” (Müller, 1996:26).*

*Hierdie navorsing toon aan dat die lewensomstandighede van die mens vandag in kerk en samelewing, van hom of haar vereis om aan te pas en in te pas in die post moderne wêreld. Daarvoor is bepaalde lewensbestuursvaardighede en effektiewe probleemhanteringsgedrag nodig. Omdat die mens nie per se oor al die vaardighede beskik nie en sulke vaardighede ook nie altyd Skrifverantwoord is nie, tree talle lewensbestuursprobleme na vore wat deur pastoraat aangespreek word. Die gelowige het 'n bepaalde roeping in kerk en samelewing. Die Kerk het weer 'n roeping teenoor die gelowige lidmaat, nl. om herderlik versorg, bedien en begelei te word. Die gekompliseerde probleme wat vandag die verantwoorde lewensbestuur van die gelowige belemmer, moet deur die pastorale versorging van die kerk, direk aangespreek word. Hierdie verantwoordelikheid, dui op die geweldige uitdaging aan pastoraat vandag met die oog op die verwerwing van Skriftuurlik verantwoorde lewensbestuursvaardighede. Pastoraat en veral die pastorale gesprek moet in die praktiese teologie nader uitgewerk word en terapieus benut word in die pastorale*



versorging van die gelowige. Ons roeping is om sorg te dra vir die gemeente(lede) en ons pastorale werk kan onder leiding van die Heilige Gees, op grond van God se bemoeienis (ontmoeting) met die mens, steeds geslaag wees en in diens staan van die koninkryk. Ons moet egter vashou aan die uiters belangrike woorde van Jesus aan sy dissipels: **“Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe” (Johannes 6:63).**

As sleutelbegrip word aanvaar dat dit die betekenis is wat mense aan hulle lewens heg, en hoe hulle hierdie betekenis in taal uitdruk, wat verandering fasiliteer. 'n Baie belangrike vertrekpunt is daarom dat die hele verhaal heelheid bring. Die empiriese probleemstelling is dat pastoraat die ontoereikende lewensbestuur van mense erken en aanvaar, maar dit nie op terapeutiese wyse voldoende vanuit 'n eko-hermeneutiese perspektief aanspreek nie. In 'n poging om die betekenis van die geheel-konsep te verstaan, moet 'n benadering, gebasseer op 'n eko-hermeneutiese paradigma gevolg word.

Effektiewe probleemoplossing en besluitneming kan 'n sisteem dus help om sy heelheid te onderhou. Die konklusie word gemaak dat 'n verhaal probleme van 'n intra-sistemiese en eksosistemiese aard, saambind tot 'n verstaanbare patroon. Om die geheel dus te verstaan, het 'n mens die geheel-verhaal nodig. Dit beklemtoon die belang van die pastorale gesprek, want die pastorant moet verstaan wat sy of haar verhouding tot God kan doen om hulle negatiewe lewensbestuursvaardighede te verander. Pastorale teologie moet opnuut besef dat die Woord van God die krag tot verheldering het, waardeur tot verstaan kom, en die krag tot beïnvloeding, waardeur tot verandering kom.

Só word die pastorale versorgingstaak gedoen, in diens van die Here. Pastoraat het ten diepste te make met die versorging van lidmate se geloof met die oog op groei en volwassenheid; ja, die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede. Dit geskeid deur 'n pastorale gesprek waar die mens in sy konkrete bestaanswerklikheid op so 'n wyse ontmoet word, dat die Bybelse heilsboodskap vir

*hom of haar, konkreet en aktueel word sodat die mens die lewensvernuwing in Christus deelagtig word. Pastoraat is gegrond op die ontferming van God oor die mens. 2 Korintiërs 1 vers 3 tot 5 sê: " Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus." In sy neerbuigende liefde en ontferming, wil God die mens só in sy of haar konkrete lewenssituasie ontmoet, dat hy of sy voortaan anders gaan lewe. Pastoraat wil die mens só in sy lewenssituasie ontmoet en versorg, dat daar 'n verdieping en groei in geloof sal kom, 'n verandering sal plaasvind. Pastoraat slaag daarin dat die gelowige Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede verwerf in diens van God se koninkryk.*

# OPSOMMING

Hierdie studie is onderneem om aan te toon dat pastoraat, en veral die pastorale gesprek effektief bydra tot die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede in die lewe van die gelowige.

Die plek van pastorale sorg aan die gelowige binne die vak praktiese teologie word aangetoon. Die relevansie van hierdie navorsing word beklemtoon deur die feit dat pastoraat deel is van die pastorale teologie en dat pastor en lidmaat 'n spesifieke rol in kerk en samelewing speel. In die pastorale gesprek en 'n narratiewe kyk op die werklikheid, kom God na die mens in sy Woord om hom of haar in die konkrete lewensituasie te ontmoet. Die verhalende of vertellende benadering in pastorale gesprekstherapie, maak die kommunikatiewe handeling van mense in diens van die evangelie meer sinvol. 'n Hernuwing en herstrukturering van die geloofslewe en persoonlike lewensbestuurspraktyk word in die pastorale gesprek, waar die lewensverhaal vertel word, 'n singewende verhelderingsproses.

Dit is 'n genadegawe om namens Christus mee te werk in die opbou van die liggaam van Christus en die versorging van elke lid afsonderlik. Die genade van 'n verbondsbetrokke God wat ook 'n deelnemer is in pastoraat, moet na vore kom. God het 'n verhaal in die mens se verhaal. Dit vorm die basis van die pastorale gesprek. Dit lei tot die soeke na verantwoorde lewensbestuur met 'n eskatologiese verwagting waar God alles in almal sal wees volgens 1 Korintiërs 15 vers 28 en waar die mens volmaak voorgestel sal word volgens Johannes 17 vers 23. Alle pastorale handeling is 'n aktiewe deelname aan die handeling van God in die kommunikasie van die evangelie. Dit maak al ons pastorale handeling en ons pastoraat sinvol. God kom tot die gelowige in sy kerk en wêreld deur die bemiddelende pastorale handeling van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel is. Die verhouding tussen christologie en pneumatologie is in ons nadenke oor die realisering en effektuering van God se heil aan mense in hul leef-wêreld, 'n belangrike aspek van praktiese teologie. Die werk van die Heilige Gees in die pastorale praktyk word benadruk. Die Heilige

Gees bring verandering en vernuwing in menseleuens. Die sukses van pastoraat in die praktyk is geleë in die lewendmakende en vernuwendmakende werk van die Heilige Gees. Die verdwaalde en worstelende mens kan teruggebring word en geplaas word op die pad na die koninkryk van God, sodat die vrugte van die Heilige Gees weer vertoon kan word. Basies is alle pastorale handeling die handeling van God in Christus Jesus deur die Woord en die Gees.

Die gebruik van die Bybel in pastorale handeling word verduidelik. Praktiese teologie ondersoek die handeling van mense in die praktyk van hulle lewe. Pastoraat gee aandag aan daardie handeling. Handeling wat dui op ondoeltreffende lewensbestuur, word veral in die pastorale gesprek direk aangespreek en verhelp. Wat in pastoraat uiteindelik moet gebeur is dat die pastorant persoonlike groei in die geloof moet ervaar. Die pastorale gesprek is dus die intensifisering en toepassing van die bediening.

Omdat persoonlike lewensbestuurspraktyk belangrik en noodsaaklik is vir die gelowige wat doelgerig wil lewe, lê hier groot uitdagings aan pastoraat. Pastorale gespreksterapie word aangelê om aan hierdie uitdagings enigszins te voldoen. Die pastorale gesprek en die pastorale gespreksterapeut se funksies in hierdie verband word aangetoon. Pastores moet rekening hou met die teologie van die pastorale gesprek. Die aktualiteit van ons onderwerp word langs hierdie weg baie duidelik. 'n Posing word ook aangewend om enkele praktiese riglyne deur te gee vir die beoefening van pastorale versorging in praktyk. Die sprekende God moet in die lewensverhaal van die gelowige aan die woord kom en aan die woord bly met die oog op doeltreffende en sinvolle lewensbestuur.

# SUMMARY

The purpose of this study is to indicate that pastorate, and especially the pastoral conversation contributes effectively to the acquisition of Scripture-justified life-management skills within the life of the believer.

The locality of pastoral care to the believer within the subject practical theology is indicated. The relevance of this research is emphasized by the fact that pastorate forms part of pastoral theology, and because pastor and member partake in specific roles within church and society. God comes to people in his Word, within the pastoral conversation and a narrative view on reality, to meet the individual in real life situations. The narrated or narrating approach in pastoral conversation therapy makes the communicative acts of people in service of the gospel more meaningful. A renewal and restructuring of the faith-life and life management practice becomes a meaningful realization process within the context of the pastoral conversation.

It is a gift of grace to work on behalf of Christ in the building of the body of Christ and the individual caring of each member. The grace of a covenant active God, who is also a participant in pastorate, must also come to the fore. God has a story within the story of man. This forms the basis of the pastoral conversation. It leads to the search for responsible life management with an eschatological expectation, where God will be everything in everyone, according to 1 Corinthians 15 verse 28, and where man will be presented as perfect, according to John 17 verse 23. All pastoral acts are an active participation in the acts of God in the communication of the gospel. It makes all the pastoral acts and pastorate meaningful. God comes to the believer in his church and world through the mediating pastoral actions of people, who are incorporated into his work through the Holy Spirit. The relation between Christology and Pneumatology, in the contemplation on the realization and actualizing of God's grace to people in their life circumstances, is an important aspect of practical theology. The work of the Holy Spirit is emphasized in pastoral practice. The success of pastorate in practice is to be found in the life giving and renewing work of the Holy Spirit. The person who has gone

astray or is confused can be brought back and placed on the road to the kingdom of God, so that the fruit of the Holy Spirit can be displayed once more. All pastoral acts are basically the acts of God in Christ Jesus through the Word and the Spirit.

The use of the Bible in pastoral acts is explained. Practical theology investigates the acts of people in the course of their lives. Pastorate pays attention to those acts. Acts that indicate ineffective life management are dealt with directly and help provided within the pastoral conversation. What should eventually happen in pastorate is that the person partaking in the pastoral conversation should experience a growth in faith. The pastoral conversation is thus the intensification and application of the ministry.

There are big challenges for pastorate, because personal life management practice is important and essential for the believer who wishes to live with purpose. Pastoral conversation therapy is applied to answer these challenges. The functions of the pastoral conversation and the pastoral conversation therapist are indicated in this regard. Pastors must keep account of the theology of the pastoral conversation. The actuality of the subject of this study thus becomes clear. An attempt is also made to provide a few practical guidelines for the practising of pastoral care in practice. The speaking God must be given opportunity to speak in the life narrative of the believer, and remain speaking with a view to effective and meaningful life management.

# BIBLIOGRAFIE

- ADAMS, J.E** 1970 Competent to Counsel. New Jersey: Presbyterian and Refomed Publishing Co.
- ADAMS, J.E.** 1982 Bijbelse pastoraat. Basis vir Christelike hulpverlening. Den Haag.
- ANDRIESSEN, H.C.I.** 1974 Groei en grens in de volwassenheid. Nijmegen (2de druk).
- BEAL, J.L.** 1978 How to Achieve Security, Confidence and Peace. New Jersey: Logos International.
- BERKHOF, H.** 1973 Christelijk geloof. Een inleiding tot die geloofsleer. Nijkerk.
- BOLKESTEIN, M.H.** 1964 Zielsorg in het Nieuwe Testament. Den Haag.
- BOTHA, A.** 1980 Pastorale sorg aan die homoseksueel. Bloemfontein: N.G. Sendingpers.
- BUCER, M.** 1991 Over de ware zielsorg. Kampen.
- BURGER, C.** 1991 Praktiese teologie in S.A. 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak. Pretoria RGN
- BYBEL** 1954 Die Bybel: Hersiene uitgawe. Kaapstad Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BYBEL** 1983 Die Bybel: Nuwe Vertaling. Kaapstad Bybelgenootskap van Suid-Afrika
- CALVYN, J.** 1845 Institutio Christianae Religionis. Vertaal deur H Beveridge: Edinburgh



- CAPPS, D 1984 Pastoral care and hermeneutics. Philadelphia: Fortress Press.
- CLINEBELL, H. 1966 Basic types of pastoral care and counseling. Nashville.
- COCHRANE, J.R.,  
DEGRUCHY, J.W.  
& PETERSEN, R. 1991 In word and deed. Towards a practical theology for social transformation. Pietermaritzburg: Cluser Publications.
- COUWENBERG, S.W. 1958 De vereenzaming van de moderne mens. 's Granvenhage.
- DE KLERK, J.J. 1978 Herderkunde. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- DE JONGH VAN  
ARKEL, J.T. 1987 A paridigm for pastoral diagnosing. D.Th-proefskrif, UNISA.
- FIRET, J. 1974,1977 Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: Kok.
- FIRET, J. 1990 Enkele actuele thema's in de praktische theologie. Praktiese teologie 17:608-625.
- FOWLER, J.W. 1983 Practical Theology and the shaping of Christian lives. San Francisco.
- HEITINK, G. 1977 Pastoraat als hulpverlening. Kampen:Kok.
- HEITINK, G. 1990 Heil, Heling, Gezondheid. 's Gravenhage.
- HEITINK, G. 1992 Pastorale zorg. Amersfoort.
- HEITINK, G. 1993 Praktische Theologie. Geschiedenis-theorie handelingsveld en Kok-Kampen.
- HEYNS, J.A. 1976 Bring tussen God en mens. Pretoria N.G. Boekhandel.

- HEYNS, L.M. &  
PIETERSE, H.J.C. 1990 Eerste treë in die praktiese teologie.  
Pretoria: Gnosis boeke en uitgewers Bpk.
- HILTNER, S. 1958 Preface to pastoral theology. New York.
- HOLLAND, J. &  
HENROIT, P. 1984 Social analysis. Linking faith and justice.  
New York: Orbis Books.
- HOLY BIBLE 1980 New King James Version. National  
Publishing Company.
- HOLY BIBLE 1997 A Reference Edition. Cape Town. Bible  
Society of South Africa.
- HUYSMANS, R.G.W. &  
SCHOLTEN, R.G. 1986 De Pastoraatsgroep. Gooi en sticht bv. -  
Hilversum.
- JONKER, H. 1983 Theologische praxis Problemen, peilingen en  
perspektieven bij Kenterend getij.
- JONKER, W.D. 1981 In diens van die Woord. Pretoria: N.G.  
Kerkboekhandel, 1981.
- JOUBERT, W.J.,  
LOURENS, M.J., &  
NEL, M. 1994 Biblical studies "a subject didactics for  
secondary school" Orion Publishers.
- KEENEY, B.P. 1979 Ecosystemic Epistemology: An Alternative  
Paradigm for Diagnosis. Family Process Vol 18  
No 2:117-127
- LOUW, D.J. 1983 Versoening in die Huwelik. Durban:  
Butterworth.
- LOUW, D.J. 1984 Pastoraat in eskatologiese perspektief.  
Kaapstad; N.G. Kerk-uitgewers.
- McNEILL, J.T. 1965 A history of the cure of souls. New York.

- MOUTON, J. & MARAIS, H.C.** 1985 Metodologie van die Geesteswetenskappe: Basiese Begrippe. Pretoria: RGN
- MÜLLER, B.A.** 1978 Skrif en kommunikasie. In Die kerk se werk. Stellenbosch.
- MÜLLER, J.C.** 1991 Eko-hermeneutiese Pastoraat en gemeenskapsontwikkeling: 'n Afrika-perspektief. Acta Theologica, 2.91-97.
- MÜLLER, J.C.** 1994 An eco-hermeneutical perspective on inter-cultural counselling. Skrif en Kerk 15no.2:345-357.
- MÜLLER, J.C.** 1996 Om tot verhaal te kom: Pastorale Gesinsterapie. Pretoria: RGN.
- NARRAMORE, C.M.** 1960 The Psychology of Counseling. California: Zondervan Publishing House.
- PIETERSE, H.J.C. & VOS, C.J.A** 1991 Pneumatologiese perspektiewe vanuit 'n kommunikatiewe handelingsteorie. Acta Theologia, 11(2):1-18.
- PIETERSE, H.J.C.** 1993 Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie: RGN Studies.
- RIDDERBOS, H.** 1966 Paulus Ontwerp van zijn Theologie. Kampen.
- SCHOLTEN, R.G.** 1982 Het pastorale beroep. Assen.
- SMUTS, A.J.** 1962 Die teologie van die gesprek in die pastorale sorg. Ongepubliseerde verhandeling, Teologiese Fakulteit U.P.
- SPIJKER, VAN DE A.M.J.M.H.** 1984 Pastorale kompetentie. Mogelikhede en moeilikhede van pastor zijn. Heerlen.
- TROMMIUS, A.** Nederlandse Concordantie van de Bijbel. Den Haag: J.N. Voorhoeve.

- VAN DER VEN, J.A. 1985 Pastoraal tussen ideaal en werkelijkheid. Kampen:Kok.
- VAN DER VEN, J.A.  
& ROOIJAKERS, W. 1989/3 Vernieuwing in de klinische pastorale vorming. Zwolle.
- VAN DER VEN, J.A. 1994 Empirical Methodology in practical theology: Why and how? Praktiese Teologie in S.A. 9(1) 1984:29-44
- VAN KNIPPENBERG, M. 1989 Grenzen, werkeplaats van pastoraaltheologen. Kampen:Kok.
- VAN RULER, A.A. 1971 De bevinding, proeve van en theologische benadering in. Verzameld werk III, Nijkerk.
- VOS, C.J.A. 1995 Die blye tyding. Pretoria: R.G.N.
- VOSSSEN, H.J.M. 1991/2 Klinische pastorale vorming als regieus-communicatief leerproses. Zwolle.
- ZIJLSTRA. W. 1989 Op zoek naar een nieuwe horizon. Nijkerk.

# TEKSREGISTER

## GENESIS

1:26-27 .....	81
3: .....	82
3:15 .....	83
3:18 .....	13
4:9 .....	48

## 2 SAMUEL

12:7. ....	28
------------	----

## PSALMS

1: .....	116
1:1-2. ....	29
1:4. ....	93
8: .....	28
8:6 .....	10
8:6 .....	81
23: .....	35
23: .....	48
51:12. ....	88
103:13 .....	48
119:33. ....	22

## SPREUKE

4:23. ....	88
11:4. ....	51
28:13. ....	27

## JESAJA

55:11 .....	80
55:11 .....	132

## MATTEUS

1:18-25 .....	54
5:13-16 .....	23

6:33 .....	21
6:33 .....	81
8:12 .....	125
9:12 .....	114
10:6-8 .....	35
10:10 .....	42
16:24-26 .....	82
18:12 .....	125
22:37-40 .....	13
22:29 .....	78
25:14-30 .....	9
25:14-30 .....	37
25:14-30 .....	60
25:15-30 .....	80
25:15-30 .....	98
25:30 .....	81

## MARKUS

1:15 .....	26
1:15 .....	91
12:30-31 .....	81
13:31 .....	79
13:33 .....	26

## LUKAS

10:25-37 .....	48
10:27 .....	88
15: .....	48
15:4 .....	15
15:4-6 .....	39
15:7 .....	16
15:7 .....	36
19:1-10 .....	48
19:9-10 .....	36
24:13 e.v .....	40

## JOHANNES

1:1-4 .....	79
3:3 .....	82
3:12 .....	9
3:16. ....	36
3:16 .....	83
3:21 .....	9
3:36 .....	117

4:1-42	48	8:22-23	65
6:39	47	8:37	89
6:39-40	36	8:37	97
6:63	64	12:1-2	80
6:63	67	12:1-2	133
6:63	70	12:4-6	21
6:63	119	15:13	60
6:63	136	15:13	68
8:1-11	84	15:14	35
8:11	84		
10:	52		
10:1-8	40	<b>1 KORINTIëRS</b>	
10:10	41		
10:10	52	3:16	64
10:10	80	6:19-20	82
10:11	55	12:12-13	21
10:28	55	12:18-27	21
14:6	79	12:25-26	9
14:16	54	12-14	37
14:16	62	13:	132
14:16	79	14:1	79
14:16-17	56	14:29	37
14:17	58	14:40	122
14:26	54	15:28	53
15:26	54	15:28	138
16:7-11	55	15:28	140
16:13-15	54		
16:17	59	<b>2 KORINTIëRS</b>	
17:11	62		
17:11-12	55	1:3-5	137
17:23	53	3:15	21
17:23	138	3:17-18	57
17:23	140	5:17	66
20:21	9	8:1-5	21
21:15-17	70		
		<b>GALASIëRS</b>	
<b>HANDELINGE</b>			
1:4	58	3:2-6	67
2:1-13	58	3:5	57
2:33 & 38	57	5:16-18	72
4:32-35	21	5:18	59
6:5	37	5:22-23	57
		<b>EFESIëRS</b>	
<b>ROMEINE</b>			
5	21	1:13-14	58
5:13	63	1:13-14	97
6:2	83	2:13-22	10
6:2	85	4:	10
6:6	82	4:	48
6:6	85	4:1-6	21
6:23	80	4:7-13	68
8:1-2	66	4:11-13	16
8:5 e.v	72		
5:14	35		
8:9-11	65		

4:11-16 .....	47
4:12-13 .....	117
4:13-14 .....	31
4:13-15 .....	10
4:15-16 .....	21
4:23 .....	88

## JAKOBUS

3:17-18 .....	125
4:5 .....	64

## FILLIPENSE

2:12-13 .....	89
---------------	----

## 1 PETRUS

1:15-16 .....	56
1:15-16 .....	58
4:5-6 .....	90
5:8 .....	25
5:8-10 .....	17
5:10 .....	35

## KOLOSSENSE

1:9-11 .....	88
1:10 .....	35
1:28 .....	93
1:28-29 .....	35

## 1 JOHANNES

1:8-9 .....	27
1:8-9 .....	92
4:10 .....	79
5:4-5 .....	97

## 1 TESSALONISENSE

3:11-13 .....	21
4:13 .....	78
5:23-24 .....	57

## OPENBARING

2:25 .....	96
21:7 .....	95

## 1 TIMOTIUS

2:3-4 .....	40
3:17 .....	59
6:11-12 .....	94
6:12 .....	95

## 2 TIMOTIUS

3:14-16 .....	78
3:15 .....	81
3:16 .....	79
3:16-17 .....	16
3:16-17 .....	59

## HEBREËRS

2:10-11 .....	67
4:12 .....	81
10:35-38 .....	23